


897

Pretoriana



**TYDSKRIF VAN DIE PRETORIASE HISTORIESE VERENIGING:
GENOOTSKAP OUD-PRETORIA**

**JOURNAL OF THE PRETORIA HISTORICAL ASSOCIATION:
OLD PRETORIA SOCIETY**

PRYS R 8,00 PRICE

**PRETORIANA, Tydskrif van die Pretoriase Historiese Vereniging/
Journal of the Pretoria Historical Association,no./Nr.106**

Bestuurslede / Committee members:

Dr.N.A.Coetzee, voorsitter/chairman, tel. (012) 46 3142

**Mnr./Mr.W.J.Punt, ondervoorsitter/vice-chairman,waaksaamheid../
vigilance**

**Mnr./Mr.L.E.Cloete, verteenwoordiger Stadsraad van Pretoria/
representative of the Town Council of Pretoria**

..... sekretaris / secretary

**Mnr./Mr.T.E.Andrews, redakteur van die "Nuusbrief" / editor
of the "Newsletter"**

Mev./Mrs.M.Andrews, organisasie van toere / organization of tours

**Mev./Mrs.M.Bees, aflewing aan die poskantoor / delivery to
the post office**

Dr.C.de Jong, redakteur van "Pretoriania"/editor of "Pretoriania"

Mnr./Mr.W.du Plessis, skooltuine / school gardens

Mnr./Mr.L.P.Prinsloo, penningmeester / treasurer

Mnr./Mr.A.van Vollenhoven, forte/forts

Mev."/Mrs.I.Vermaak

Mej./Miss E.Viljoen, organisasie van byeenkomste / functions

Mev./Mrs.M.L.Willmer, archief / archive

**Die posbusnommer van die sekretariaat is 4063, Pretoria 0001.
The post office box of the secretariat is 4063, Pretoria 0001.**

"Pretoriania is Africana"

Offer of back-copies of "Pretoriania" on sale

Can you buy a history book of a 100 pages for R 20,00 or less? No!
But you can buy over 500 pages of history of Pretoria and Trans-
vaal for R 20,00. Contact Anton Jansen, a member of our Association,
at telephone (012) 998 9406 at home, or (012) 804 1023, at his
office in office hours, to arrange the purchase of a set of
"Pretorianas", to be fetched by the purchaser or delivered to
him or her. Some of the first issues are, however, out of stock.
Anton Jansen's postal address is P.O.Box 33 704, Glenstantia,
Pretoria 0010

**Die inhoudsopgawe van die onderhawige uitgawe staan op die agter-
sy van die omslag se buitekant.**

**The table of contents of the present issue is on the reverse
side of the cover.**



Die bestuur van die Pretoriase Historiese Vereniging: Genootskap Oud-Pretoria
The Committee of the Pretoria Historical Association: Old Pretoria Society
5 Augustus 1991

Van links na regs: / From left to right:

Mr. W.J. Punt, ondervorsitter / vice-chairman - Mr. T.E. Andrews - Mrs. M. Andrews - Mrs. D.E. Nel, sekretaresse / secretary - Mr. C.J. Reinecke, aftredende penningmeester / retiring treasurer - Dr. N.A. Coetzee, voorsitter / chairman - Miss E. Viljoen - Mr. J.C. Flynn, nuwe penningmeester/ new treasurer.

Afwesig / Absent: Mrs. M. Bees - Mr. A. Jansen - Dr. C. de Jong - Mr. D.C. Panagos
- Mrs. M. Willmer

Photo: Mr. F. Dreyer

**VEERTIG JAAR GENOOTSKAP OUD-PRETORIA (8) –
DIE TYDPERK 1987–1988***

deur J. Ploeger

**Notule van die 39ste Algemene Jaarvergadering van 25.3.1987,
gehou in die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum
(NASKO)**

Daar was 'n groot aantal lede en besoekers aanwesig. In sy verslag het die voorsitter (Dr. N.A. Coetzee), allereers die volgende bedankings deur bestuurslede aangekondig: Mnrr. D. Eksteen (tesourier), mev. F. Fourie (funksies) en mnrr. Melt van Niekerk (erfeniskomitee). Hy het die afgetredenes vir hul dienste bedank en vervolgens 'n woord van dank aan mnrr. en mev.

*) Die voorgaande aflewering is gepubliseer in "Pretoriania"
no. 105, September 1994, p.68-77.

T.E. Andrews gerig. In hulle gasvrye woning is elke maand vergader. Al die orige bestuurslede is bedank vir die verrigte en gewaardeerde arbeid. Verder is in die verslag genoem: Die onthulling van 'n gedenkplaat op Stigtersdag op die graf van Dr. W.H.J. Punt, DVD, die plant van 'n nuwe Koningin Wilhelminaboom (Burgerspark) en die piekniek by Rietvleidam. Die Ou Begraafplaas (Kerkstraat) is in 'n ordelike toestand gehou en die Stadsraad het 'n monument opgerig met die name van dié oorledenes wie se grafstene in die grafte begrawe is. Die Voortrekkers hou die Boysens-Hermann-grafte skoon. Die Erasmus-landhuis en ander geboue op die landgoed word deur Krygkor gerestoureer en die hoofgebou word vir ontspanning benut. Die GOP huur die tremhuisie op die hoek van Zeederberg- en Kerkstraat van die Stadsraad. Dit sal gerestoureer en as vertrekpunt vir die Genootskap se bustoere gebruik word. Die aanbring van 'n ou trem is in die vooruitsig gestel. O'Neill se huis by Majuba is - op aanhang van die GOP - opgekoop om gerestoureer te word. Die hoofkantoor van die ou slaggale van Pretoria (ontwerp deur Cowen) en die "Western Hotel" (ontwerp deur Dr. G. Moerdijk) geniet aandag i.v.m. restourasie. I.v.m. opknapping en die aanbring van gedenkplate geniet die Pierneef-huis (De Waalstraat) en die ateljee aandag. Dit geld cok vir die aanbring van gedenkplate by die vroeëre woonhuis van wyle Dr. W.H.J. Punt, DVD, (Muckleneuk) en sy vader (Gerhard Moerdijkstraat). Die Wurlitzer-orrel het teruggekeer, terwyl die voormalige tremloods nog teen sloping gevrywaar is. Die tweede J.J. Kirkness-gedenkplaat is by die Onderwyskollege onthul. Die gedagte bestaan om die Du Preezhoek-begraafplaas (Fontaine) in 'n gedenktuin te omskep. Weskoppies se geboue is onder die historiese en argitektoniese soeklig. Dit geld ook t.o.v. die oprigting van naamborde by riviere en spruite deur die Stadsraad.

I.v.m. die bustoere het Dr. Coetzee o.m. verklaar dat die toere goed ondersteun en heelwat nuwe lede gebring het. Hy het die leiers, mnr. T.E. Andrews en sy gade, mev. M. Andrews, lof en dank toegeswai. Die "Nuusbrieft", geredigeer deur mnr. T.E. Andrews, het in Julie 1986 sy tiende verjaarsdag herdenk. Van "Pretoriania" (redakteur prof. Dr. C. de Jong) is die hoë peil gehandhaaf. Dwarsdeur die RSA en in biblioteke word die GOP se tydskrif waardeer, aldus Dr. Coetzee.

Met betrekking tot straatname het die GOP historiese byvoegings in sommige gevalle bepleit. Die RGN help in dié verband. Die owerhede het die terreine by Fort Wonderboom en Fort Daspoortrand (Wesfort) laat skoonmaak en vir die publiek oopgestel. Moeite word gedoen om die terrein van Strubenskopfort as 'n gedenktuin op te knap en bekend te stel.

Ten opsigte van die middestad bly die GOP op hoogte van voorgestelde ontwikkelingsplanne en bepleit die bewaring van die Lewis en Marks- en die Kynoch-gebou. Met betrekking tot die werk van die Erfeniskomitee dra die GOP, danksy mnr. Melt van Niekerk, sy deel by. Daar word, aldus die voorsitter, 'n monument vir Nederlanders en oud-Nederlanders beoog wat vanaf die stigting van Pretoria tot 1950 bydraes i.v.m. die ontwikkeling van die stad gelewer het. Die monument word in die middestad beoog. In 1986 het die Laerskool Voorpos die eerste prys en skild in die skoutuine-wedstryd behaal.

Die voorsitter het, voordat hy sy verslag voorgelees het, aangekondig dat mnr. J.N. Kirkness 'n tiek ter waarde van R3 000,00 aan die Genootskap geskenk het ter nagedagtenis aan sy vader, wyle mnr. J.J. Kirkness.

Vervolgens is die finansiële verslag voorgelê en aanvaar en is die verhoging van ledegeld tot R15,00 per jaar, goedgekeur.

Daarna is die nuwe bestuur vir 1987/1988 gekies. Die volgende persone is aangewys: Dr. N.A. Coetzee (voorsitter), mnr. Willem J. Punt (vise-voorsitter), mev. M.L. Willmer (sekretariesse), mev. I. Vermaak (posversendings), mnr. J. de Beer (tesourier), prof. Dr. C. de Jong (redakteur "Pretoriania"), mev. A. Dreyer (argivaris), mnr. T.E. Andrews (redakteur "Nuusbrieft"), mev. M. Andrews (toere), prof. Dr. H. Petrick (grafte), mev. A. de Beer (funksies) en mev. S. Jacobs (skooltuine).

Mnr. T.E. Andrews het Dr. N.A. Coetzee dank betuig dat hy 30 jaar sy beste kragte aan die belang van die Genootskap gewy het. Daarna het mnr. R.C. de Jong se lesing, toegelig met skyfies, oor die NZASM gevolg.

75. Notule van die bestuursvergadering van 11.5.1987, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Die nuwe bestuurslede, mnr. J. de Beer en mev. A. de Beer, is verwelkom.

Onder die ingekome korrespondensie was 'n skrywe oor die restourasie van die tremhuisie (7.4.1987) en 'n skenking van R200,00 van die Standard Bank (25.4.1987).

Daar is elf nuwe lede, onder wie lewenslid mnr. T.L. Evans, voorgestel en aanvaar. Die Paasnaweektoer was 'n sukses en het verder, aldus mev. M. Andrews, 'n wins van R457,00 opgelewer. Die volgende toere is in die vooruitsig gestel: Na Benoni en na Rustenburg (die graf van Dr. Hermann M. Rex).

Prof. Dr. C. de Jong het eksemplare van "Pretoriania" (nr. 91) aan bestuurslede oorhandig. Die bestuur het besluit om die lede-geld tot R15,00 te verhoog. Die name van prof. Dr. H. Petrick en mnr. R. van Rensburg is deur die bestuur voorgestel om op die straatnaamkomitee te dien. Mnre. Willem J. Punt, R. Tomlinson en T.L. Evans het die Fort Johnston-redoute, die enigste Britse blokhuis in Pretoria, met die oog op restourasie besoek.

Aan die lystingskomitee is R50,00 vir die aankoop van films toegestaan. Die voorsitter, Dr. N.A. Coetzee, het beswaar teen die begrawe van grafstene op die Ou Begraafplaas (Kerkstraat) aangeteken.

76. Notule van die bestuursvergadering van 3.6.1987, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Onder die ingekome korrespondensie was 'n brief van mnr. Willem J. Punt (19.5.1987) aangaande die naam van die Genootskap. Die voorsitter het versoek dat dié aangeleentheid op die agenda van die volgende bestuursvergadering geplaas word. Die Stigting Simon van der Stel het sy goedkeuring vir 'n GOP-toer na Boekenhoutfontein geheg (20.5.1987). Onder die uitgaande korrespondensie was 'n skrywe aan die Stadsklerk van Pretoria i.v.m. die herontwikkeling van die stadskern (21.5.1987) en 'n bedankting aan die Standard Bank vir 'n donasie aan die GOP (18.5.1987).

'n Nuwe lid is voorgestel en aanvaar. Mev. M. Andrews het vermeld dat die toer na Benoni 'n wins van R500,00 opgelewer het. Die volgende toer sal op 25.7.1987 na die woning van die Staats-president wees. Mn. T.E. Andrews se "Nuusbrief" was uitgestuur. Prof. Dr. C. de Jong, redakteur van "Pretoriana", het die ontvangs van 'n tjeuk van R1 000,00 van die ZASM Stigting (Amsterdam) aan die bestuur meegedeel. NZASM-materiaal sou in "Pretoriana" (nr. 92) verskyn en van mev. S. Jacobs se hand sou 'n bydrae oor Garlicks verskyn.

Johnston se redoute is as 'n gedenkwaardigheid by die RGN voorgedra. Mn. Willem J. Punt het o.m. vermeld dat die Laerskool Oost-Eind 90 jaar oud is. Die skoolgebou se oudste deel (1904) is as 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar. Die plaashuis van "Bergsig" van ongeveer 1900, in Felixstraat, Mountain View, word gerestoureer.

Mn. Avis sal van 9.11.1987 - 27.11.1987 skooltuine beoordeel en 'n funksie sal op 26.8.1987 gereël word (mnr. Boet Botha).

77. Notule van die bestuursvergadering van 10.8.1987, gehou ten huise van mn. en mev. T.E. Andrews

Die kwessie van die naam van die Genootskap staan oor tot die Algemene Jaarvergadering van 1988. Onder die ingekome korrespondensie was 'n skrywe van die Stadsraad i.v.m. die Moreletaspruit-wandelpad en die aanbring van naamplate op bome (29.5.1987). Van die Departement Nasionale Opvoeding is 'n skrywe i.v.m. 'n bydrae van R400,00 ontvang (13.7.1987). Uitgaande korrespondensie i.v.m. Hennopsrivier en Sesmylspruit is aan die Stadsraad van Verwoerdburg gerig.

Sewe nuwe lede is voorgestel en aanvaar. Mev. M. Andrews het verklaar dat die toer na Libertas besonder aangenaam was. Die volgende toer sou op 19.9.1987 plaasvind. Die "Nuusbrief" sou uitgestuur word en "Pretoriana" was by die drukker. Daar is opgemerk dat die monument in die Ou Begraafplaas die naam van D. Erasmus verkeerdlik vermeld . Prof. Dr. C. de Jong het gesê dat 'n artikel oor wyle Dr. Hermann M. Rex in die Januarie-uitgawe van "Pretoriana" (1988) sou verskyn. Die werk van die lystingskomitee gaan voort. Vensters van die Ou Raadsaal word deur mn. Kooiman Sr. bewaar, terwyl staaldeure van Fort Wonderboom opgespoor is. Die bestuur voel ongelukkig oor die beoogde verskuiwing van die Kruger-standbeeld en die voorgenome uitgrawery van Kerkplein en werk aan dié saak.

78. Notule van die bestuursvergadering van 7.9.1987, gehou ten huise van mn. en mev. T.E. Andrews

Onder die ingekome korrespondensie was 'n brief van die Stadsraad i.v.m. huurvoorraarde vir die tremhuisie (27.8.1987) en 'n telegram van Minister A. Venter m.b.t. die stadskern (8.9.1987). Uitgaande korrespondensie het o.m. betrekking gehad op die Rietyklei-ontspanningsterrein (20.8.1987), die tronkdeure (19.8.1987) en die Arnold Theiler-huis (27.8.1987).

Mev. M. Andrews het i.v.m. toere o.m. meegedeel dat die toer deur Johannesburg, onder leiding van Dr. Oscar Norwich, geslaagd was. Die volgende toere is op 19.9.1987 bepaal. Mn. T.E. Andrews het 'n staptuur vir die Genealogiese Vereniging na die Ou Begraafplaas gereël. Lede van die GOP kan aansluit.

Mnr. Andrews deel verder mee dat die Willem Prinsloo-landboumuseum die aangrensende plaas, met die familiebegraafplaas, koop. Mnr. Tomlinson het 'n skrywe aan die Stadsraad gestuur met die versoek om inheemse bome op Strubenkop te bewaar.

Mnr. Willem J. Punt vestig die aandag op 'n skenking van R2 000,00 deur die "Beweging Red Kerkplein" aan die lystingskomitee. Prof. Dr. C. de Jong het aangebied om op 24.9.1987 'n lesing oor die laaste Afrikaner in Jakarta (1903-1945) te hou.

79. Notule van die bestuursvergadering van 12.10.1987, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Onder die ingekome korrespondensie was 'n brief van Minister A. Venter aangaande die ontwikkeling van die stadskern (5.10.1987). Die uitgaande korrespondensie het o.m. bestaan uit 'n skrywe oor gedenkplate by die Du Preezhoek-begraafplaas en 'n gedeelte van die NZASM-brug. Dié skrywe was gerig aan die Afdeling Parke, Stadsraad van Pretoria (6.10.1987).

Twee nuwe lede, o.m. lewenslid J.D. Farrell, is voorgestel en aanvaar. Mev. M. Andrews het 'n toer na Heidelberg (24.10.1987) aangekondig. Omtrent die finansiële toestand van die GOP is die volgende gegewens verstrek: Inkomste: R11 458,00; uitgawes: R8 716,00; banksaldo (lopende rekening): R6 527,00; banksaldo (spaarrrekening): R1 361,00.

Mnr. Willem J. Punt het beklemtoon dat die Ou Presidensie (Bryntirion) nie vir die nageslag verlore moet gaan nie. Veertien laer- en tien hoërskole het vir die skooltuin-wedstryd ingeskryf. Die volgende funksies is aangekondig: 'n Wynproeaand (22.10.1987) en 'n jaareind-funksie (14.11.1987). Onder algemeen is genoem dat op 'n vergadering van die Bewaringskomitee van die Stadsraad op 4.11.1987, die GOP die tremhuisie, die Doors Erasmus-huis en die Pierneef-huis gaan bespreek.

80. Notule van die bestuursvergadering van 9.11.1987 gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Onder die inkomende briewe was 'n skrywe van die Stadsraad van Pretoria i.v.m. die NZASM-brug en die skoonmaak van 'n wandelpad (26.10.1987). Omtrent die Du Preezhoek-begraafplaas het die Stadsraad m.b.t. 'n omheining (26.10.1987) berig. Die voorsteller (Dr. N.A. Coetzee) het belowe om AVBOB aangaande 'n heining te nader.

Op die wynproeaand, georganiseer deur die KWF, was ongeveer 70 persone, aldus mev. M. Andrews. Sy het verder o.m. meegedeel dat die burgemeester van Heidelberg die GOP-groep van 52 lede ontvang het.

Mnr. T.E. Andrews het voorgestel dat, tydens die uitstappie op Pretoriadag, twee kranse, t.w. op die grafte van 'n Boer en 'n Brit, gelê word en dat daarna Rietvleidam besoek word (14.11.1987).

"Pretoriania" (nr. 92) en die "Nuusbrief" sou saam uitgestuur word. Die voorsteller het mnr. T.E. Andrews en prof. Dr. C. de Jong bedank vir hulle werk.

Mnr. Willem J. Punt het gerapporteer dat taaladviseurs van die Stadsraad aan byskrifte op straatnaamborde werk. Verder het hy die aandag daarop gevvestig dat die Universiteit van Pretoria

'n huis wil sloop waarin die Laerskool Pretoria-Oos begin het. Daar is besluit om 'n brief aan die rektor te stuur,

Mnr. Avis sou die skooltuine beoordeel en mev. Jacobs is dank vir haar werk betuig. Mnr. Willem J. Punt het vermeld dat proewe met verskillende soorte naamplate gedoen word.

81. Notule van die bestuursvergadering van 1.2.1988, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Die voorsitter het Burgemeester prof. Dr. C. Swart verwelkom. Burgemeester prof. Dr. Swart het aangekondig dat die Stadsraad besluit het om personele te benoem om die Ou Begraafplaas en die Helde-akker netjies te hou. Met betrekking tot die forte sien drie Raadslede om na die restourasie van Fort Wonderboom. Mnr. Willem J. Punt het gevra of Fort Strubenkop ook op dié program kan kom en verder vermeld dat die stadskernprojek goed vorder en sowel die Lewis en Marks- as die Kynoch-gebou insluit. Dieselfde spreker het, met verwysing na wandelpaaie en die tremhuisie aan Kerkstraat, na besprekking van Burgemeester prof. Dr. C. Swart, op 25.2.1988, gerefereer.

Daarna het die ingekome en uitgaande korrespondensie ter sprake gekom. Van die Stadsraad is berig ontvang dat byskrifte op straatnaamborde R689,00 per stuk sal kos. Die restourasiebank het 'n geldelike bydrae gevra (9.12.1987). Daar is besluit om R90,00 te stuur.

Volgens mev. M. Andrews was die toer na die Erasmus-landhuis, die Smuts-huis en Modderfontein 'n sukses. Die volgende toer is op 20.2.1988 (Rietvleidam, Belofte, Grootfontein) bepaal. Dan is ook 'n Paasnaweektoer in die vooruitsig gestel.

Prof. Dr. C. de Jong, redakteur van "Pretoriania", het na die duurte van drukwerk verwys en daarvan toegevoeg dat hy na 'n goedkoper wyse van druk uitsien. Mnr. Willem J. Punt het voorgestel om 'n toekenning van die Stadsraad en die Departement van Kultuurbevordering te vra.

Tesourier De Beer het die finansiële toestand van die Genootskap op 31.12.1987 soos volg opgesom: saldo lopende rekening R2 071,00, spaarsaldo R1 536,00. Mnr. T.E. Andrews het vermeld dat hy vasgestel het dat die Du Preezhoek-begraafplaas die ou dorpsbegraafplaas was. In 1906 moes, volgens hom, die plek vir 'n spoorlyn plek maak. As gevolg van mnr. Andrews se aansporing is deur die RGN grafstene op die grafte van genl. Kock en C.F.E. Jeppe opgerig. Die voorsitter het die bestuur se dank en waardering betuig.

Die eerste prys in die skooltuine-wedstryd is deur die Melville-skool en die tweede prys deur die Laerskool Fleur verower. Mev. S. Jacobs het haar bedanking ingedien. Besluit is om die Algemene Jaarvergadering op 24.3.1988 in die ouditorium van die Poskantormuseum te hou. Mnr. T.E. Andrews het vermeld dat die Genootskap binnekort veertig jaar oud sou wees. Die voorsitter (Dr. N.A. Coetzeel) het van die mooi seremonie op Pretoria-dag getuig en almal bedank wat by Rietvleidam gehelp het.

82. Notule van die bestuursvergadering van 7.3.1988, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Onder die aanwesiges was Raadslid S. de K. Venter, verteen-

woordiger van die Stadsraad. Onder die inkomende korrespondensie was 'n dankbetuiging aan bestuurslid Willem J. Punt vir hulp i.v.m. die voormalige tremloods (12.2.1988) en 'n mededeling van die Stadsraad dat die herontwikkeling van die stadskern nog geruime tyd sou duur.

Mev. M. Andrews het haar tevredenheid oor die verloop van die toer na Rietvleidam, Belofte en Grootfontein, sowel as omtrent die braai op mnr. Anton Jansen se plaas uitgespreek en dank aan laasgenoemde betuig. Sy het aangekondig dat die volgende toer die deelnemers na Zwartkopjes Hall en die Willem Prinsloo-museum sou voer. Mnr. T.E. Andrews was tevrede oor die "Nuusbrief" en die posverstuurings. Prof. Dr. C. de Jong, redakteur van "Pretoriania", het die tikwerk op 'n IBM-masjien laat doen en dié nuwe werkwyse as 'n besparing bestempel. Die Victoria-drukkery het "Pretoriania" dan verder afgehandel. Dank is aan prof. Dr. C. de Jong en prof. Dr. H. Petrick betuig.

Vervolgens het mnr. T.E. Andrews die aandag op 'n "Be my Guest"-artikel van mnr. Eric Bolsmann oor forte en 'n artikel oor homself gevëstig. Mnr. Willem J. Punt het aangevoer dat die Sammy Marks-museum die voorgestelde uitbreiding van Eersterust in die gedrang bring. Jie voorsitter (Dr. N.A. Coetzee) het meegedeel dat hy reeds twee skilde en 'n beker, i.v.m. die jongste skooltuine-wedstryd, uitgedeel het. Mnr. Punt het vermeld dat die hofsaak oor die Lewis en Marks- en Kynoch-gebou afgehandel was endie Burgerlike Trust met sy voorleggings vir herontwikkeling van die kompleks voortgaan. Dr. N.A. Coetzee, mnr. Willem J. Punt en mnr. Kruger (van die Stadsraad), sowel as mnr. Anton Jansen e.a. is aangewys as 'n komitee om die tremhuisie-aangeleentheid te bespreek. Besluit is om die voorgestelde naamverandering van die GOP vir bespreking deur die nuwe bestuur te laat oorstaan. Na 30 dae-kennisgewing kan 'n spesiale vergadering beleë word. Daar kan slegs, met 'n twee-derde meerderheid, tot 'n verandering oorgegaan word.

Verwysings na die notule, soos gepubliseer in "Pretoriania" onder redaksie van prof. Dr. F.J. du Toit Spies (-1983) en daarna prof. Dr. C. de Jong (1988)

No. 80, Nov. 1980, Kranslegging by die Koningin Wilhelminaboom 30.10.1980, pp.7-20.

Dr. N.A. Coetzee: Die Booyens Begraafplaas in V.d. Hoffweg, Booyens, Pretoria, pp.59-61.
Kransleggingsplegtigheid ter herdenking van Stigtersdag, pp.78-80.

No. 81, Julie 1981, Begrafnis: Dr. W.H.J. Punt, pp.3-5.
Lewenskets Willem Henry Jacobus Punt, pp.6-7.
Oorhandiging van ou tronkdeure, Potgieterstraat aan Genootskap Oud-Pretoria, pp.101-102.
Genootskap Oud-Pretoria - Society Old Pretoria Jaarverslag/Annual Report 1980-1981, pp. 120-123.
Tuinboukompetisie (1980), p.124.

No. 82, Julie 1982, Redaksie: Dr. Hermann Rex 1918-1981, pp.73-74.
Voorsittersverslag 1981-1982, Omslag pp.3-4.

- No. 83, Feb. 1983, From the Editor/Van die Redaksie, p.2.
 Foto: Bestuur/Photograph: Executive Committee, p.3.
 Mervyn Emms: Pretoriana Exhibition, p.28.
 Genootskap Oud-Pretoria en andere: Uitstalling van voorwerpe in privaatbesit: NASKO-museum: Opening: Burgemeester (Rld. Dr. P.R. Smith): Woensdag 24 November 1982 om 17h00, pp.28-30.
 Nasionale Kultuur historiese en Opelugmuseum Pretoriana-uitstalling, pp.30-35.
- No. 84, Julie 1983, Uitgawe Dr. Willem Punt.
 Van die Redaksie, pp.2-3.
 Willem J. Punt: Lewenskets Willem Henry Jacobus Punt, pp.3-4.
 A.C. de Villiers: Afkoms en kinderjare, pp.4-7.
 Dr. S. Meiring Naudé: Dr. W.H.J. Punt, pp. 9-10.
 Ton Koot: Dr. Willem H.J. Punt, 1900-1981, pp.11-15.
 A.C. de Villiers: Dr. Punt die onderwysman, p.15.
 Prof. Dr. F.J. du Toit Spies: Dr. Willem Punt en die Genootskap Oud-Pretoria, pp.17-29.
 J. de W. Trichardt: Die aandeel van Dr. W.H.J. Punt in die daarstelling van die gedenkuin in Maputo, ter herinnering aan die Louis Trichardt-trek, p.30.
 Dr. W. Punt: Waar die Van Rensburgtrek in 1836 vermoor is. (Verslag van 'n ekspedisie.) pp.31-34.
 Hannes Meiring: 'n Reis met Dr. Punt in 1976, pp.35-36.
 Navorsingswerk, pp.37-38.
 A.C. de Villiers: Stigtings en ander organisasies, pp.39-40.
 A.C. de Villiers: Publikasies, pp.40-41.
 A.C. de Villiers: Artikels van historiese aard deur Willem Henry Jacobus Punt, pp. 42-46.
 A.C. de Villiers: Rolprente en skyfies, p.46.
 Begrafnis Willem Henry Jacobus Punt, pp.47-48.
 Voorsittersverslag - jaar 1982-83 (GOP), pp.49-52.
- No. 85, Maart 1984, Prof. H.C. Petrick: Maria Elizabeth Prinsloo (gebore Booysen), pp.33-35.
- No. 86, Desember 1984, Lys van bestuurslede van die Genootskap Oud-Pretoria op 1 Oktober 1984, p.3.

- No. 86, Desember 1984, Dr. N.A. Coetzee: Die familiebybel van (vervolg)
 Pres. S.J.P. Kruger, pp.4-8.
 Prof. Dr. C. de Jong: Herinneringe aan die NZASM in en om Pretoria (1), Die NZASM-brug aan die Maria van Riebeeckweg, pp.28-31.
 Dr. N.A. Coetzee: John Johnston Kirkness, pp.40-46.
 Dr. B. Cronjé: 'n Bewaringsplan vir Pretoria, pp.47-60.
- No. 87, April 1985, Lys van bestuurslede van die Genootskap Oud-Pretoria, 1 Maart 1985, p.4.
 Prof. Dr. C. de Jong: Onthulling van gedenktekens op die Booyens-begraafplaas (inleiding), pp.5-6.
 Prof. Dr. H.C. Petrick: Onthulling van die gedenksteen en grafstene van die Booyens-Voortrekkergrafte, Claremont, Pretoria, 17 November 1984 (rede), pp.6-10.
 Fotobeeld van die restourasiepoging en onthulling, pp.11-14.
 Prof. Dr. C. de Jong: Lewe en bedryf van Samuel Marks, 1843-1920, pp.15-19.
 Dr. B. Cronjé: Zwartkoppies Hall, die huis van Sammy Marks, pp.21-25.
 T.E. Andrews: The Old Cemetery in Pretoria (2), pp.41-47.
 Prof. Dr. C. de Jong: Herinneringe aan die NZASM in en om Pretoria (2), Die ou NZASM-Goederekantoor, Railwaystraat, Pretoria, pp.48-50.
- No. 88, Nov. 1985. Prof. Dr. C. de Jong: Die familiebybel van Paul Kruger geveil, p.4.
 Dr. N.A. Coetzee: Resultaat van die Skooltuine-kompetisie in die distrik Pretoria, 1984, pp.5-6.
 Prof. Dr. C. de Jong: Herinneringe aan die NZASM in en om Pretoria (3), Die NZASM-lokomotief en -rytuig op die Pretoriase hoofstasie, pp.39-41.
 Dr. N.A. Coetzee: John Johnston Kirkness, pp.49-55.
 T.E. Andrews: The Old Cemetery in Pretoria (3), pp.58-64.
- No. 89, April 1986, Prof. Dr. C. de Jong: Herdenking van die skilder Jan Hendrik Pierneef, pp.11-13.
 S.W. Jacobs: Geskiedkundige oorsig van die skooltuine-kompetisie 1955-1985, pp.14-16.
 W.J.B. Ridgard en Dr. N.A. Coetzee: toesprake by die onthulling van 'n gedenkplaat ter ere van J.J. Kirkness op 23 September 1985, pp.38-43.

Prof. Dr. C. de Jong: Die suidelike sterrewag van Leiden by Pretoria, pp.46-50.

Prof. Dr. C. de Jong: Herinneringe aan die NZASM in en om Pretoria (4), Gerrit Adriaan Arnold Middelberg, pp.64-67.

No. 90, Nov. 1986, Lys van bestuurslede van die Pretoriase Historiese Vereniging (Genootskap Oud-Pretoria) op 1 November 1986, Omslag, p.2.

Dr. N.A. Coetzee: Toespraak by geleentheid van die onthulling van die J.J. Kirkness-gedenkplaat by die Onderwyskollege, Pretoria op 3 Junie 1986, pp.5-9.

Verskyning van boek oor die geslag Du Plessis, p.42.

Prof. Dr. C. de Jong: The checkered career of George Kynoch, pp.43-45.

Prof. Dr. C. de Jong: Die spoorwegverlede herleef, pp.74-75.

No. 91, April 1987, Prof. Dr. C. de Jong: 1887 - 21 Junie 1987, die NZASM 100 jaar, pp.4-7.

Robert C. de Jong: The NZASM in and around Pretoria: A visual record, pp.8-20.

R. Searle: The story of 'Roos', pp.21-39.

Prof. Dr. C. de Jong: Byvoegsel betreffende die "schaarbeweging", pp.40-41.

Dr. Kenneth E. Wilburn: Cecil Rhodes, James Sivewright and Paul Kruger: The Nature of Railway Diplomacy in South Africa, 1890-1892, pp.43-57.

Prof. Dr. C. de Jong: Die NZASM en die Oos-Indiese spoorweë, pp.59-61.

Prof. Dr. C. de Jong: Die Koningin Wilhelminaboom herplant, pp.62-67.

Eerbewys aan Dr. W.H.J. Punt, pp.68-70.

S.W. Jacobs: Skooltuinekompetisie 1986, p. 80.

No. 92, Nov. 1987, Robert C. de Jong: Beknopte geskiedenis van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (1), p.3-11.

Kol. Dr. Jan Ploeger: Die oprigting van die NZASM-monument op Waterval Boven (1934) en die Pretoriase herdenkingsfeeste in 1945, pp.12-27.

Dr. N.A. Coetzee: Die ontwikkeling van die stadskern van Pretoria. (Toespraak, 24.2.1987), pp.28-31.

Anonymous: History of the Standard Bank Group, pp.40-43.

Prof. Dr. C. de Jong: Vandalisme - Vanwaar die uitdrukking?, pp.79-80.

No. 93, April 1988, Lys van bestuurslede op 1 Maart 1988, Omslag, p.2.

Robert C. de Jong: Beknopte geskiedenis van die Nederlandse Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (2), pp.3-12.
 Prof. Dr. C. de Jong: Die NZASM in die oorlog 1899-1902, pp.13-19.
 Prof. Dr. C. de Jong: Jeugverhaal oor die NZASM en wildbewaring, pp.20-21.
 Prof. Dr. C. de Jong: Voor en teen die NZASM, pp.22-23.
 Onthulling van gedenkplaat op graf van Hermann Rex, p.24.
 Kol. Dr. Jan Ploeger: Ter herinnering aan Dr. Hermann Moritz Rex, 1918-1981, pp.25-37.
 Genootskap Oud-Pretoria - Wynproefunksie - Toespraak van die Onderburgemeester, Raadslid Bill Heunis: 22 Oktober 1987 - 19h00, Boomstraatmuseum, pp.38-39.
 S.W. Jacobs: Skooltuinkompetisie 1987, p.65.

No. 94, Nov. 1988,

Kol. Dr. Jan Ploeger: Veertig jaar Genootskap Oud-Pretoria. Ontstaan en riglyne. 'n Eie wapen en tydskrif. Eerste werkzaamhede, pp.3-17.
 L.W. Die stigtingsdatum was 22 Maart 1948.



Die bestuur van die Pretoriase Historiese Vereniging: Genootskap Oud-Pretoria in September 1990¹

Van links na regs: Mn. A. Jansen - Mev. M. Bees - Mn. D. Panagos - Mn. C.J. Reinecke² - mev. M.L. Willmer - Dr. C. de Jong - Mev. M. Andrews - Mn. W.J. Punt - Mn. T.E. Andrews

¹ Die voorsitter, Dr. N.A. Coetzee, was afwesig

² Penningmeester, in Augustus 1991 opgevolg deur Mn. J.C. Flynn

**DIE "TRANSVAALSCHE ROODE KRUIS" EN DIE
"IDENTIFICATIE-DEPARTEMENT"**

deur Kol. (Dr.) Jan Ploeger

Inleiding

Hierdie studie is gewy aan die ontstaan en werksaamhede van die Identiteitsdepartement of -afdeling van die Transvalse Rooi Kruis te Pretoria.

Die belangrikste gegewens is ontleen aan die publikasie "Handelingen der Nederlandsche Vereeniging tot het verleenen van hulp aan zieke en gewonde krigslieden in tijd van oorlog, genaamd het Nederlandsche Roode Kruis" (Den Haag, 1902). Bylae 3 van hierdie verslag staan in verband met die genoemde afdeling in Pretoria (pp 47-58) en dit geld ook vir byvoegsels 1-3 (pp 59-64). In die onderhawige aantekening word na hierdie bron as H verwys.

'n Tweede bron van betekenis is hoofstuk 3 van die publikasie "Onder het Nederlandsch-Indische Roode Kruis naar Zuid-Afrika" (Batavia, 1903), van die hand van Drr. J.H.P. van Kerckhoff en H.C. Buning, albei Offisiere van Gesondheid. Dr. Van Kerckhoff was verantwoordelik vir die gedeelte "Het Zuid-Afrikaansche Identiteitsbureau van het Roode Kruis" (met 14 bylaes, pp.21-56). Hierdie bron is van groot belang i.v.m. die uiteensettings van die werksaamhede van die seksies identifikasie en publikasie, sowel as die seksie statistiek.

'n Derde bron van betekenis is die inventaris van die Identifikasie-afdeling in die Transvalse Argiefbewaarplek, Pretoria. Die verwysing na die Bataviase publikasie van 1903 is N.O., dié van die inventaris I.

Verdere gegewens is o.m. verwerk in Wilhelm Vallentin: "Der Burenkrieg" (Solingen-Leipzig, 1903), deel 1, pp.275 e.v.; en J.H. Breytenbach, "Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902" (Pretoria, 1969), deel 1, p.91 e.v.

Voordat die eintlike onderwerp onder oë geneem word, is dit van belang om eers die aandag op die stigter van die internasionale Rooi Kruis-organisasie, die Switser dr. Henri Dunant (1828-1910), en die "Vereeniging het Transvalse Roode Kruis", te vestig.

1. Dr Henri Dunant (1828-1910)

Dr Henri Dunant was die stigter van die Rooi Kruis-organisasie. Op 22 Augustus 1864 het hy in die Switserse stad Genève die Internasionale Konvensie van die Rooi Kruis gestig. Die uiters belangrike dokument was bedoel om wêreldomvattende hulp aan gewondes en krygsgevangenes te verleen en om in oorlogstyd die burgerlike bevolking by te staan. Dr Dunant het op die slagveld van Solferino (Junie 1859) aanskou hoe 40000 doocies en swaargewondes sonder hulp aan hulle lot oorgelaat is. Hy het na aanleiding hiervan 'n vlamende protes opgestel, waarin hy 'n beroep op die gewete van die mensheid gedoen het om 'n vrywillige hulpkorps in die

lewe te roep. Dié korps of organisasie sou, sonder aansien van vriend of vyand, gewondes probeer red.

Hy het sy gedagtes oor die lengte en breedte van Europa verkondig en mettertyd met steun van ander Switsers soos genl. Guillaume Henri Dufour (1787-1875), die Europese staatshoofde, die Rooi Kruis van Genève gestig. In 1901 is die Nobelprys aan dr. Dunant toegeken. Die hoofkantoor van die Internasionale Rooi Kruis is nog steeds in Genève gevestig.¹⁾

2. Die werkzaamhede ten opsigte van siekes en gewondes voor die oprigting van die Transvaalse Rooi Kruis (1896)

Voor die totstandkoming van die Vereeniging Het Transvaalsche Roode Kruis in 1896 was daar ten opsigte van die gewapende magte van die Zuid-Afrikaansche Republiek die volgende voorsiening t.o.v. die geneeskundige versorging gemaak:

- (a) Die gereorganiseerde "Corps Staats-Artillerie" het o.m. oor 'n geneeskundige afdeling beskik. In 1898 was die Offisier van Gesondheid, dr. T. Lowe Laxton, in bevel van die afdeling. Hy het sy mediese bevoegdheid in 1881 in Edinburgh, Skotland, verwerf en sy militêre rang was gelykstaande aan dié van 'n eerste luitenant. Onder hom was 'n adjudant-onderoffisier (apteker), 'n hospitaal-sersant en 11 verpleërs.²⁾
- (b) Die "Vrijwilliger-Korpsen" opgerig kragtens Wet nr. 17 van 1894, t.w. die infanteriekorps van Pretoria en die kavallerie-infanteriekorps van Johannesburg, het onderskeidelik oor 'n sestal hospitaalsoldate en 'n ambulanskorps beskik. Die laasgenoemde Johannesburgse korps is aangevoer deur die "Dirigeerende" (leidende) Offisier van Gesondheid, dr. H.C.M. van Gorkom, gekwalifiseer in Utrecht (1883) en Amsterdam (1886) en sedert 1893 'n praktiserende geneesheer in Johannesburg. Hy is bygestaan deur luitenant-apteker S. Loewenstein en 'n onbekende aantal verpleërs.

Die vrywilligerkorps op Krugersdorp het nie oor 'n medikus of 'n apteker beskik nie. Aangaande soortgelyke eenhede op Middelburg, Ermelo en Carolina ontbreek meer besonderhede.³⁾

- (c) Die kommando's. In Christoph Sonntag: "My friend Maleboch, Chief of the Blue Mountains" (Pretoria, s.j.) word duidelik aangedui wat die gebruik in 1894, die jaar van die militêre ekspedisie teen hoofman Maleboch (1861-1939), was.

In die boek is die volgende medici genoem: dr Smitt (T.H. Smith), gekwalifiseer in Nieu-York, 1883; medikus op Nylstroom sedert 1892. Opgekommandeer deur die Waterbergse Kommando. Vervolgens dr. P.J. Mader, gekwalifiseer in Edinburgh, afkomstig van Klerksdorp, waar hy sedert 1890 gepraktiseer het. Dit is onbekend of

hy opgekommandeer was of vrywillig by die kommando aangesluit het. Dr. Johann Otto Hohls (1861-1899), in 1889 gekwalifiseer in Duitsland, daarna geneesheer op Pietersburg, het vermoedelik dr. Mader opgevolg. Hy was in 1899 die opvolger van dr. L.L. Laxton en het in die rang van kaptein van die Staatsartillerie op 30 Oktober 1899 by Ladysmith gesneuwel, terwyl hy 'n gewonde versorg het. Ten slotte is in die dagboek van sendeling Christoph Sonntag (1862-1919) dr. B. Liknaitsky, in Parys gekwalifiseer en sedert 1892 in Johannesburg werkzaam, genoem. Hy het die Britse kapelaan vergesel.⁴⁾

(3) Die stigting en doelstellings van die "Vereeniging het Transvaalsche Roode Kruis" (1896)

Op Nuwejaarsdag 1896 is die latere "Transvaalsche Roode Kruis" as die "Pretoria Ambulance Corps" in die lewe geroep. Op 30 Julie van dieselfde jaar het die Transvaalse Volksraad besluit om, met Pretoria as hoofsetel, die bogenoemde Vereeniging se oprigting te magtig (E.V.R. art. 981). Dié besluit is geneem nadat die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) op 22 Julie van dieselfde jaar besluit het om tot die Geneefse Konvensie toe te tree.⁵⁾

Staatspresident S.J.P. Kruger het as erepresident van die nuwe organisasie opgetree. Genl. P.J. Joubert en dr. W.J. Leyds was vise-erepresidente en die hoofbestuur was soos volg saamgestel: Dr. G.W.S. Lingbeek, voorsitter; dr. J.B. Knobel, visevoorsitter; dr. H. Prior Veale, tesorier; en dr. J.W. Shoud, administrateur van materiaal. J.G. Kreijembroek het as sekretaris van die hoofbestuur opgetree.

Hierdie bestuur was dieselfde as dié van die "Gouvernements Pretoria Ambulance Corps", terwyl die bogenoemde vereniging in art. 2 van die grondreëls of statute kortlikas as die "Transvaalsche Roode Kruis" (T.R.K.) beskryf is.

Die doelstellings van die T.R.K. is in artikel 1 soos volg omskryf: In tyd van vrede sal dit die taak van die T.R.K. wees om hom uitsluitend vir sy taak in oorlogstyd voor te berei en daarvoor steeds gereed te wees.

In oorlogstyd sou dit die taak wees om die lot van gewondes en siekes deur persoonlike dienste en stoflike hulpmiddels te help versag. Dié doelstelling sou ook van krag wees indien die ZAR nie in so 'n oorlog betrokke sou wees nie (art. 1).

Fondse wat deur die regering of andersins aan die Transvaalse Rooi Kruis verstrek sou word om die genoemde doelstellings te help verwesenlik, sou deur die hoofbestuur beheer word (art. 3).

Plaaslike afdelings van die Rooi Kruis, bestaande uit tien of meer persone, hoofsaaklik vrouens, kon opgerig word. Lede kon hulle word, wat deur geskenke of deur 'n jaarlikse bydrae of deur hulle talente en ervaring, of deur hulle persoonlike dienste as verpleërs (verpleegsters) beskikbaar te stel, sou meewerk om die Vereniging se doelstellings in

oorlogstyd te verwesenlik. In dieselfde verband is ook die vervoer van siekes genoem (art. 4). In dorpe waar geen afdelings bestaan het nie, kon korrespondente benoem word (art. 4).

As teken van onsydigheid is bepaal dat art. 7 van die Geneefse Konvensie van 22 Augustus 1864, soos goedgekeur deur die Transvaalse Volksraad op 30 Julie 1896, gebruik sou word. Dié teken of kenmerk is soos volg omskryf: Op 'n vlag of 'n band sou "een gelijkarmig uit vyf gelijke vierkanten bestaand Roode Kruis", op 'n wit agtergrond, voorkom (art. 6).

Daar sou reeds in vredestyd met die Kommandant-generaal saamgewerk word in verband met die beskikbare materiaal van die militêre geneeskundige diens.

Hierdie en ander bepalings, in totaal 10, is op die hoofbestuurvergadering van 15 Desember 1896 goedgekeur.

Op dieselfde bestuursvergadering is die "Algemeene regeling der werkzaamheden van de Vereeniging" (art. 1-15) ook bekragtig.

Die algemene reëlings bestaan uit 'n drietal onderdele, t.w. (a) die voorbereiding in vredestyd (art. 1-5), (b) die reëlings by die ontstaan van 'n oorlog waarby die Zuid-Afrikaansche Republiek onsydig is (art. 6-12), die reëlings by die ontstaan van 'n oorlog waarby die Zuid-Afrikaansche Republiek betrokke is (art. 13-17), en (c) maatreëls in oorlogstyd in gevalle waar die Zuid-Afrikaansche Republiek wel of nie daarby betrokke was nie (art. 18-214). Artikel 25 handel oor rampe soos spoorwegongelukke, epidemies, ontploffings, en die verstrekking van daadwerklike hulp (materiaal, verpleging). In dergelike gevalle is die afdelings gemagtig om hulp van dié aard te verleen.⁷⁾

In verband met materiaal is in art. 3 na draagbare, beddens, beddegoed, klerasie, handdoeke, kastrolle, ketels, heelkundige instrumente, verbande e.d.m. verwys.

In art. 4 is siekewaens, tente, kombuiswaens, barakke vir siekies e.d.m. genoem, terwyl in art. 8 na tydelike ambulanse en die gebruik van kerke, skoolgeboue en ander huisvestingsmoontlikhede vir siekies en gewondes verwys is. In art. 16 is samewerking tussen die gewapende magte van die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Rooi Kruis beskryf, terwyl p.13 e.v. die Engelse vertaling van die Nederlandse teks bevat.

Ofskoon dit nie bewysbaar is nie, is dit duidelik dat die totstandkoming van die "Transvaalsche Roode Kruis" in 1896 in verband staan met die opknapping van die verdediging van die Zuid-Afrikaansche Republiek na die Jameson-inval (1895-1896).

In sy jaarverslag oor 1895 het genl. P.J. Joubert, kommandant-generaal van die Zuid-Afrikaansche Republiek, toegegee dat die bewapening van die burgers heeltemal ontoereikend was. Ruim 41% het nie oor gewere beskik nie en die ander se vuurwapens was oud of verouderd. Die Uitvoerende Raad het in 1896 verreikende besluite geneem in verband met

die aankoop van moderne krygstuig en die bou van 'n viertal forte rondom Pretoria en 'n fort in Johannesburg.⁸⁾

Die "Transvaalsche Roode Kruis" is sowel deur staatsubsidie as vrywillige bydraes in stand gehou. Die lede was nie in uniform nie, maar het 'n rooi kruis-band om die linkerarm en 'n hoed, met 'n rooi kruis daarop, gedra.⁹⁾

4. Dr. G.W.S. Lingbeek (1860-1939)

Dr. Gosewijn Willem Sanne Lingbeek, die latere voorsitter van die "Transvaalsche Roode Kruis", is as die tweede kind van dr. Wessel Lingbeek en sy gade Alegonda Edonia Sannes-Offerhaus, op 5 Augustus 1860 in Veendam, provinsie Groningen, Nederland, gebore. Hy het geneeskunde aan die universiteite van Groningen en Amsterdam gestudeer en hom in 1888 in Pretoria gevestig. Daar het hy die mediese dienst gereorganiseer en was hy o.m. huisarts van staatspresident S.J.P. Kruger. Hy was ook hospitaalgeneesheer aan die Volkshospitaal en voorsitter van die "Transvaalsche Roode Kruis" (1896-1898). Na 'n verblyf van ongeveer 'n jaar in Nederland kom hy in Desember 1899 met die Eerste Nederlandse Ambulans in die Zuid-Afrikaansche Republiek terug. Hy keer in 1901 na sy geboorteland terug en onderskei hom as leier van die Nederlandse Ambulansdienste in die Balkanoorloë (1911-1913). In 1929 keer hy na Pretoria terug waar hy op 11 Julie 1939 oorlede is.¹⁰⁾

Na die vertrek van dr. G.W.S. Lingbeek het sy broer, dr. M.S. Lingbeek, die voorsitterskap van die "Transvaalsche Roode Kruis" oorgeneem.¹¹⁾

5. Beskikbare hospitale in Pretoria

Die oudste hospitaal wat, aan die vooraand van die Tweede Anglo-Boereoorlog, ook vir militêre siekes en gewondes gebruik kon word, was die "Volkshospitaal" met 'n vyftiental beddens vir die hele blanke bevolking van Transvaal. Die stigting van hierdie hospitaal is in 1887 voorberei deur 'n kommissie bestaande uit genl. P.J. Joubert, hoofregter J.G. Kotzé en mnr. T.,W. Beckett. In Junie 1890 het staatspresident Kruger die hoeksteen vir 'n vergrote Volkshospitaal, suid van die destydse Artilleriekaserne aan Potgieterstraat, gelê. Dit was 'n groot verbetering t.o.v. die woonhuis wat in dieselfde omgewing aanvanklik in gebruik was. Die nuwe hospitaal was op 10 Oktober 1890 vir gebruik gereed en was die eerste goewermentshospitaal in Pretoria. In 1897 was dr. J.W.C. Kolff geneesheer in die hospitaal, terwyl C. van der Ameide waarnemende direktrise was. Sy is deur nege verpleegsters, twee verpleërs en drie leerling-verpleegsters, 'n kombuispersoneel van agt persone, 'n apteker en 'n paar ander personeellede bygestaan.¹²⁾

Die ander staatshospitale vir besondere doeleindes, t.w. kranksinnigheid en melaatsheid, wat in die vooroorlogse Pretoria aanwesig was, was allereers die "Krankzinnigengesticht", geopen in Mei 1892. In 1897 was dr. H.A.E. Smeenk geneesheer-direkteur en mnr. W.J. Geerling

sekretaris. Hulle is o.m. deur 'n aantal manlike en vroulike oppassers bygestaan. Die oorspronklike Weskoppies is in 1889 ontwerp en in 1890 voltooi op die terrein van die "Oude Botanische tuin", toentertyd wes van Pretoria.¹³⁾

Die destydse "Leprozengesticht", tans bekend as "Westfort", was in 1897 tydelik onder beheer van dr. J.H. Coetze en daar was 23 blanke en 92 anderskleurige pasiënte in die inrigting wat in 1895 sy deure geopen het.¹⁴⁾

Dit spreek feitlik vanself dat hierdie inrigtings vir oorlogstydse doeleinades heeltemal ontoereikend was.

6. Die "Bourke Division for Hospital Service during the War"

Om die nypende gebrek aan hospitaalruimte in Pretoria te probeer verlig, het die destyds bekende Pretoriase sakeman George M. Bourke, aan die begin van die oorlog die voortou geneem. Hy het, saam met die firma John Jack, op eie koste, die bogenoemde hospitaal in die voormalige "Prospect Seminary" op die hoek van Schoeman- en Van der Waltstraat gehuisves. Dr. P. Haylett, die vakkundige bestuurder, is deur 'n aantal verpleegsters (vrywilligers) bygestaan, terwyl die velddiens onder bevel van dr. H. Prior Veale geplaas was. Die genoemde gebou en die bybehorende diensgeriewe is ten behoeve van die Zuid-Afrikaansche Republiek, aan die "Transvaalsche Roode Kruis" beskikbaar gestel.

Van hierdie daad van die stigter, mnr. George M. Bourke, het die skrywer H.J. Batts o.m. verklaar:

"His position in the Transvaal required that he should do something when hostilities commenced .. George is a splendid type of the successful colonist, and is 'one of the best'."¹⁵⁾

7. 'n Mate van verligting deur buitelandse hulp

'n Mate van verligting in verband met die verpleging van siekes en gewondes van die oorlogsterreine in Pretoria is verskaf deur die aankoms van die Eerste Nederlandse Ambulans, onder dr. G.W.S. Lingbeek, in die Transvaalse hoofstad. Die eenheid kon opgerig, uitgerus en verder beplan word deur 'n geskenk van die "Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Vereeniging" (N.Z.A.V.) in Amsterdam van 80 000 Nederlandse guldens aan die Nederlandse Roode Kruis. Na sy aankoms in Pretoria het die lede van die ambulans hul intrek in die doelmatig en prakties ingerigte "Staatsmeisjesschool" geneem.

Die Tweede Nederlandse Ambulans, onder dr. J.D. Koster, het op 25 November 1899 van Amsterdam vertrek en oor Lourenço Marques (vandag Maputo) aan die begin van Januarie 1900 in Pretoria aangekom. 'n Paar lede het by die "Nederlandsch-Indische Roode Kruis", onder drr. J.H.P. van Kerckhoff en H.C. Buning aangesluit. Die ander het hulp in die "Volkshospitaal" verleen tot die ambulans op 23 Januarie 1900 na sy eerste bestemming, Harrismith, vertrek het.¹⁶⁾

Die derde Nederlandse Ambulans, met dr. S. van Ryckevorsel as leier, het op 23 Desember 1899 uit Nederland vertrek.

Behalwe dat groepe Nederlanders en lede van ander nasionaliteite in die vorm van ambulansafdelings die Boeremagte mediese hulp en bystand verleen het, was daar ook enkelinge wat vrywillig by die "Transvaalsche Roode Kruis" aangesluit het. Voorbeeld van hierdie hulpverlening was dr. Reintjo Rijkens en sy vriend Jaap Huizinga, 'n broer van die bekende Nederlandse kultuurhistorikus prof. Dr. Johan Huizinga (1872-1945). Terwyl van Dr. Huizinga se omswerwinge en ervarings gedurende 'n deel van die eerste oorlogsjaar nie veel bekend is nie, het dr. Rijkens in September of aan die begin van Oktober 1899 sy dienste as 'n vrywilliger by die "Transvaalsche Roode Kruis" aangebied. Hy is as hoof van die Pretoriase Ambulans-afdeling benoem en het o.m. die beleëring van Mafeking en gevegte naby Jacobsdal en Magersfontein as 'n medikus ervaar.

In sy brieue aan sy bloedverwante in Nederland het hy, eers in Januarie 1900, uit Standerton so ver kon kom dat hy 'n deel van sy herinneringe aan die papier kon toevertrou. Hy het o.m. geskryf: "Bloed zien is niet erg, maar ellende zien is erg. En een geschoten Boer is ellende. Een boer draagt geen uniform. Gaat hij op commando, dan trekt hij een pakje (pak klere) aan dat er tegen kan. Hij heeft gewoonlijk geen kousen aan, zoo de bloote voeten in de schoenen. Alles vrij schunnig (armsalig, haweloos). Maar in die schamele kleeding zit gewoonlik een vent, een kerel. Die wat kan. Je ziet geen kleeren. Maar als ze gewond zijn, als uit die bekleeding het leven weg is, als alles dof en grauw is, dan is het een hoopje oud vuil. Dan wordt de ruige baard plotseling slordig. De kleeren lijken zoo vuil. Dan is de ellende er."¹⁷⁾

8. Die "Transvaalsche Roode Kruis" ten tyde van die uitbreek van die oorlog (1899)

Daar is melding van die Pretoriase afdeling van die "Transvaalsche Roode Kruis" gemaak. Volgens prof. Dr. A.N. Pelzer is dié afdeling van 200 werksame lede op 21 September 1899 in die lewe geroep. Twee dae later is 'n veldwerkseksie toegerus en op 7 Oktober 1899 het drie waens met twintig muile onder leiding van dr. R. Rijkens na die wesgrens vertrek. Na dr. Rijkens het dr. J.H.P. van Kerckhoff en dr. H.C. Buning van die "Nederlandsch-Indische Roode Kruis" die leiding oorgeneem.

In Februarie 1900 het die Pretoriase afdeling 'n hospitaal op Scholzplaats ingerig om kort daarna voor die oprukkende vyand oor Petrusburg en Brandfort na Pretoria terug te val.

Na die Britse besetting van die Transvaliese hoofstad is, o.m. deur geldelike steun van die "Nederlandsch Bijstands fonds", 'n ambulans toegerus wat in Augustus 1900 onder dr. Muller in die rigting van Warmbad vertrek het.

Die Pretoriase afdeling was ook verantwoordelik vir die ambulanstreine, terwyl die firma Glaeser vrywillig vir die vervoer van pasiënte van die NZASM-stasie na die hospitale

gesorg het. Die firma T.W. Beckett het 'n groep vir ambulanswerkers na die omgewing van Middelburg gestuur, wat later by die Middelburgse kommando aangesluit het.

Die velddiens-afdeling van die Bourke-hospitaal het uit twee ambulanswaens bestaan, wat eers by Zandspruit naby die Transvaals-Natalse grens gestasioneer was en later by die Nederlandse ambulans aangesluit en plaaslik gewondes verpleeg of na 'n hospitaal in die omgewing vervoer het.

Bestaande besonderhede is aan die bydrae van prof. Dr. A.N. Pelzer, "Hulle wat ons smarte probeer lenig het", ontleen.¹⁸⁾ Dieselfde skrywer vermeld o.m. nog die volgende bedrywighede van "Roode Kruis"-afdelings in ander dele van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Allereers die oprigting van 'n plaaslike afdeling op Johannesburg onder toesig van die "Transvaalsche Roode Kruis". Daar is 'n hospitaal vir 200 pasiënte en 'n volledig toegeruste ambulans op die been gebring. Krugersdorp, Potchefstroom, Klerksdorp, Middelburg, Lichtenburg en Pietersburg het oor hulle eie afdelings beskik. Die NZASM het ambulanstreine ingerig, "Roode Kruis"-toerusting en pasiënte kosteloos vervoer en die NZASM-hospitale op Waterval Boven en Doornfontein ter beschikking van die "Transvaalsche Roode Kruis" gestel.¹⁹⁾

Terwyl hierdie uitbreiding van plaaslike "Roode Kruis"-bedrywighede in die Zuid-Afrikaansche Republiek aan die gang was, het buitelandse hulp in die vorm van ambulanse, opgeleide personeel en geneesherre uit België, die VSA, Duitsland (drie ambulanse) en die Russies-Nederlandse ambulans onder dr. Evert Cornelius van Leersum in Transvaal aangekom.

Die skryfster Sophia Izedinova het in haar studie "A few months with the Boers! The war reminiscences of a Russian nursing sister" (vertaal deur C. Moody) (Johannesburg, 1977) o.m. verklaar:

"For the future historian looking back on Europe at the turn of the twentieth century, one of the most intriguing aspects of public life will be the largely disinterested sympathy expressed in almost all civilized countries for the heroic struggle of the Boers for their national independence" (p.1).

Van prof. Dr. A.N. Pelzer is die volgende aanhaling afkomstig: "Die Boerevolk in Suid-Afrika is met die oog op wat gedurende die Tweede Vryheidsoorlog gebeur het, aan onnoembaar baie persone en liggame dank en erkentlikheid verskuldig. Vir die hulp wat die geteisterde Boere tydens en ná die oorlog veral uit die buiteland en by name van die stamverwante Nederland ontvang het, staan hulle vandag nog onder 'n sedelike verpligting. Daar is 'n ereskuld om te betaal wat nooit heeltemal vereffent sal kan word nie!"²⁰⁾

Ten slotte nog 'n paar woorde oor die Nederlandse geneesheer dr. A. Jurriaanse wat op eie koste 'n ambulans ingerig en mediese werkzaamhede onder die Boeremagte verrig het. Hy was, aldus dr. J.C. Kakebeeke, aan die begin van 1900 in die suidelike Vrystaat werkzaam en deur sy assistent Van der Steen van Ommeren vergesel. Na al sy omswerwings

gedurende die oorlog het dr Jurriaanse later in die distrik Ermelo as geneesheer en boer sy werkzaamhede voortgesit.²¹⁾

9. Die "Zuid-Afrikaansche Identiteitsbureau" of "Informatiebureau" van die "Transvaalsche Roode Kruis" opgerig. Werkzaamhede.

Aan die slot van die besonderhede oor die bogenoemde afdeling van die "Transvaalsche Roode Kruis", soos gepubliseer in die reeds vermelde "Handelingen" (H), kom die volgende aanhaling voor waarmee die skrywer sy beknopte oorsig graag wil aanvang. Die aanhaling lui soos volg:

"Het I.D. (Identiteitsdepartement), en daarmede in die eerste plaats de ontwerper prof. Molengraaff (1860-1942) het aan die universiteite van Leiden en Utrecht gestudeer, nadat hy sy voorbereidende studie in sy geboortestad Nijmegen voltooi het. Hy het in 1886 doktorsgrade in geologie, sowel as in plant- en dierkunde verwerf en daarna verder in München, Duitsland, gestudeer en in 1888 'n pos as privaatdosent aan die universiteit van Amsterdam aanvaar. Sy bevordering tot professor volg in 1891. In 1890 het hy die Johannesburgse goudveld besoek en publiseer later sy bevindings oor sy navorsing. In 1893 en 1894 werk hy op die eiland Borneo in die destydse Nederlands Oos-Indië en in 1897 volg sy aanstelling as staatsgeoloog van die Zuid-Afrikaansche Republiek. In 1899 word hy die skepper-leier van die "Informatiebureau" van die "Transvaalsche Roode Kruis" om in Oktober 1901 eervol van sy pos onthef en na Nederland terug te keer.²²⁾ In ons eie eeu bring hy as 'n geoloog in 1921 en 1929 weer besoeke aan ons land.²³⁾

Sy vernaamste medewerker was Hendrik Christiaan Jorissen (1866-1948), 'n seun van dr. E.J.P. Jorissen en in 1899 waarnemende hoof van die Informasieburo van die "Transvaalsche Roode Kruis".²⁴⁾

Die opsteller van die verslag oor die ontstaan en werkwyse van die Identiteits-Departement van die "Transvaalsche Roode Kruis" merk in sy inleiding op dat daar aan die begin van die Tweede Anglo-Boere-oorlog (1899-1902) nie veel gereël was nie. Volgens hom was dit allereers toe te skrywe aan die "eigenaardige vrijheidzin der burgers", wat, volgens sy mening, hulle as 't ware by ingewing teen alle moontlike voorskrifte en verordening verset het. Dit was nie alleen 'n kenmerk van die meeste burgers nie, maar ook van die meeste voormanne omdat hulle geweet het dat dwang in dié verband niks sou help nie. Inteendeel, die toepassing van voorskrifte en verordening sou tot ontevredenheid en onderlinge vyandige gevoelens lei.

'n Minder belangrike rede in verband met die gemis aan reëlings was, aldus die skrywer in die "Handelingen", dat daar geen sprake was van die bestaan van 'n leër wat ooreenkomsdig Europese beginsels opgelei en reeds in vredestyd bestaan het en in 'n geoefende toestand verkeer het.²⁵⁾ Hierdie uitspraak hou geen rekening met die bestaan van 'n deeglik geoefende en op 'n Europese wyse geskoeide "Corps Staats-Artillerie" nie.

Die gevolge van die gesketste toestand het vir die eerste keer na die geveg by Elandslaagte op 21 Oktober 1899 aan die lig gekom.²⁶⁾

Die skrywer skets dié gevolge in die volgende woorde:

"Ieder, die in dat gevecht ontkomen was, en slechts een telegraafkantoor bereiken kon, telegrafeerde er maar op los, daarbij in den regel aan zijne door de ontzettende gebeurtenissen ... sterk verhitte verbeelding den vrijen loop latende. Alles werd zeer sterk overdreven, vooral echter het aantal der gesneuvelden"²⁷⁾

Die regering kon aan familielede en vriende geen betroubare inligting verstrek nie. Nie alleen was die berigte teenstrydig nie, maar die gelykheid of groot ooreenkoms van 'n groot aantal Boerevanne het die verwarring nog vergroot.²⁸⁾

As gevolg van hierdie verwarring het die regering besluit om prof. Dr. Molengraaff na die slagveld te stuur om plaaslik 'n ondersoek in te stel. Tydens hierdie ondersoek het die gedagte by prof. Molengraaff ontstaan om die chaotiese toestand deur 'n steisel te vervang waarin - in die toekoms - 'n herhaling van reëelloosheid deur 'n doeltreffende kontrole vervang kon word. Na sy terugkeer het hy sy planne aan die regering in Pretoria voorgelê. Die Uitvoerende Raad het die resultaat van dié besprekings in besluite neergelê en prof. Molengraaff met die uitvoering daarvan belas.²⁹⁾

Prof Molengraaff het die beoogde "Informatiebureau" en sy personeel onder die "Transvaalsche Roode Kruis" geplaas om te verseker dat sy organisasie kragtens artikel 2 van die Geneefse Konvensie slegs inligting omtrent siek of gewonde burgers sou insamel.

Daarna het hy die Britse militêre opperbevel in Kaapstad omtrent die oprigting van die "Informatiebureau" ingelig en die doel en grondslae van die nuwe organisasie aan die genoemde militêre gesagsdraers voorgelê. Om moontlike wangedagtes aangaande die insameling van algemene oorlogsinligting uit te skakel is die benaming "Informatiebureau" tot "Identiteits Departement van het Roode Kruis" ("Identity Department of the Tranval branch of the Geneva Red Cross Society, Pretoria") verander.

Die Transvalse regering het aan prof. Molengraaff die vryheid gegee om die benodigde personeel uit die geledere van die burgers aan te stel. Hulle was o.m. geregtig op kosteloze vervoer en vervoermiddels, klerasie en voedingsmiddels en was, soos die ander burgers, onbesoldig. Die berigte e.d.m. is kosteloos versend en die personeel is verdeel in inspekteurs en medewerkers.³⁰⁾

Die inspekteurs was in 'n bepaalde streek belas met toesig oor die werkzaamhede van die medewerkers en was verantwoording aan die hoof van die "Identiteits Departement" verskuldig. Die medewerkers was by 'n laer of 'n kommando ingeskakel en was, wat hulle dienswerkzaamhede betref, verantwoording aan die hoof van die "Identiteits Departement" (I.D.) en die inspekteurs verskuldig.

In 'n omsendbrief van 7 November 1899 het die Staatssekretaris van die Zuid-Afrikaansche Republiek, F.W. Reitz, kommandante en veldkornette oor die oprigting van die "Informatiebureau" en sy inskakeling ingelig. Daar is in dieselfde skrywe gewag gemaak van die bestaande ontoereikendheid van die verstrekking van inligting aan die regering en familielede oor oorledenes en gewondes en die begeerte van die Kommandant-generaal (genl. P.J. Joubert) om daarin verbetering te bring.

Die "Informatiebureau" was bedoel om genoemde berigte ten spoedigste van die slagveld aan die regering en bloedverwante te stuur.

Die noodaaklikheid is beklemtoon om aan elke burger 'n kaart uit te reik waarop sy naam en die adres van sy familie vermeld sou wees. Dié kaart sou van belang in verband met gevangeneming van burgers deur die vyand wees. In dié verband is in die omsendbrief die volgende aspekte beklemtoon:

"Niemand in het vijandelijke kamp kent hunne namen en zij dragen niets bij zich, waaruit hun naam blijkt. Na den slag bij Elandslaagte kregen wij omtrent enkele van onze dooden en zwaargewonden slechts de informatie: 'een boer, ongeveer zoo oud'."³¹⁾

Verder is nadruk gelê op die belangrikheid van die kaart as 'n bewysstuk in geval die regering tot die uitkering van pensioen aan weduwees van gesneuwelde burgers sou oorgaan.

In verband met personeelaangeleenthede is die volgende inligting aan die geadresseerde verstrek. Die personeel van die "Informatiebureau" moet op die slagveld ongewapend wees en word op dieselfde wyse as ander lede van die Rooi Kruis of ander gekommandeerdes behandel. Ten slotte is kommandante en veldkornette gevra om die personeel van die "Informatiebureau" alle hulp en ondersteuning te verleen.

INFORMATIEBUREAU VAN HET ROODE KRUIS, TE PRETORIA

(Identity Department of the Transvaal branch of the Genève Red Cross-society, Pretoria.)

Bewijs van identiteit
Proof of identity

In geval van dood of verwonding van houder deses wordt men dringend verzocht deze kaart ingevuld op te zenden aan bovenstaand adres.

Naam }
Name
Ouderdom }
Age
Woonplaats }
Adres familie
Residence

In case of bearer of this being killed or wounded you are requested to send this card through the nearest commanding officer or responsible official to the Identity Department above mentioned.

Commando

Gesneuveld
Killed

Plaats
Locality
Datum
Date

The Identity Department of the Red Cross-Society will forward to English authorities information about wounded English soldiers, who might be made prisoners

welke verwonding }
nature of wound

Gewond
Wounded

Plaats
Locality
Datum
Date

Telegraphic and Postal Address: Molengraaff Pretoria.

Onderskrif: 'n Voorbeeld van 'n identiteitskaart, uitgereik deur die "Informatiebureau" van die "Transvaalsche Roode Kruis", Pretoria. Elke kaart was van 'n nommer voorsien. Die Transvaalse kaarte was aanvanklik op groen linne, die Vrystaatse op oranjekleurige linne geplak. As gevolg van 'n later ontstane skaarste aan linne moes dié gebruik noodwendig afgeskaf word.

Die aanvanklike uitreiking van bogenoemde kaarte het meermale met besware gepaard gegaan. Sommige burgers het gesê: "Ons kan nie ons doodkaartjie dra nie." Ander het, met verwysing na die verlede, verklaar: "In die oudheid, in die Basoetoe-oorlog, het ons ook nie só gemaak nie, maar ons het darem reggekom." Ander het godsdiestige of bygelowige redes aangevoer om kaarte te weier. In 'n bepaalde geval het 'n hele kommando, op las van 'n veldkornet, van hulle kaarte ontslae geraak.³²⁾

Al die genoemde en ander besware teen die kaarte het verdwyn toe - namate die oorlog gevorder het - die nut van die dra van kaarte bewys is. Nog 'n belangrike stap in die guns van die kaartstelsel was die besluit van die Vrystaatse regering om die "Informatiebureau" in Pretoria te versoek om die bestaande kaartstelsel e.d.m. ook vir die Oranje-Vrystaat in te voer.³³⁾ Kommandante en landdroste in die Oranje-Vrystaat is telegrafies van dié besluit verwittig en besture en dokters van hospitale en ambulanse in die susterrepubliek is gevra om telegrafies besonderhede in verband met siekes, gewondes of oorledenes aan die "Informatiebureau", Pretoria, te stuur.

10. Die administrasie van die "Identiteits-Departement"

In "Onder het Nederlandsch-Indische Roode Kruis naar Zuid-Afrika" (N.O.) is die administrasie van die "Identiteits-Departement" in Pretoria uitvoerig beskryf.³⁴⁾

Nadat bepaalde inligting wat deur 'n medewerker of medewerkers van die departement aan die betrokke inspekteurs oorhandig en deur hom, telegrafies of andersins, na die kantoor in Pretoria deurgestuur is, is agtereenvolgens drie registers ter hand geneem. In die eerste register wat van nommers in deurlopende volgorde voorsien was, is die naam en voornaam van 'n betrokke burger te velde, sowel as sy woonplek en kommando aangeteken. Dit was dus 'n afskrif van die veldregister. Omdat dit in die beginstadium van die oorlog onbekend was hoeveel opgekomandeerde burgers te velde was, was daar soms groot gapings in die eerste register wat - na verloop van tyd - geleidelik kleiner geword het. Die nommers het na die uitgereikte kaartnommers verwys en 'n bladsy van die eerste register het soos volg daaruit gesien:

No.	NAAM	ADRES	COMMANDO
27000	Balthazar J.C. Sauer	Doornhan, Winburg	Winburg
27001	Petrus S. Rossouw	Palmietfontein, Winburg	"
27002	David A. Renki	Blinkklip, Winburg	"
27003	Albertus Viljoen	Metgemanskraal, Griq.West	Bloemhof (Griqualand West)

27004	Jacobus F. Neethling	Palmietfontein, Wolmstad	Wolmstad (Wolmaransstad)
27005	Johannes C. Meijer	Leeuwbosch, Wolmstad	"
27006	Roelof J.J. Fourie	Sijferfontein, Wolmstad.	"
27007	Izak P. Potgieter	Matjesspruit, Wolmstad.	"
27008	Nicolaas J. Smith	Leeuwbosch, Wolmstad.	"
27009	Cornelius Stef Smith	Doornfontein, Wolmstad.	"
27010	Johannes A. du Preez	Klipfontein, Wolmstad.	" 35)

In die tweede register is in alfabetiese volgorde al die name en vanne van die burgers met hulle woonplekke en familie-adresse vermeld. In die derde register was alfabeties die name van persone aangeteken wat tot 'n bepaalde kommando behoort het. Hierdie drie registers was dus die stamboek van die Boeremagte van die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Oranje-Vrystaat. Dit was die sentrale afdeling van die "Informatiebureau" in Pretoria, waarvan die verdere werksaamhede deur die afdelings Identifikasie en Publikasie, die afdeling Statistiek en die afdeling Informasie verrig is.³⁶⁾

'n Voorbeeld van die werksaamhede van die afdeling Identifikasie en Publikasie is die onderstaande gegewens met betrekking tot luitenant M.J. Nix, militêre attaché van die Nederlands-Indiese leër by die Boeremagte.

Gevecht Kliprand. Naam: Luitenant Nix.

No. bij Brandfort, Attaché Ned. Ind. Leger; niet geregistreerd.

Informatie	Ouderdom en aard ongeval.	Woonplaats	Behandeling	Opmerkingen
van Cieremans Kroonstad aan C.B. datum 1.4.00. No. Tlg. 47	Gesneuveld 31.3.00			Volg. Reg. Alg gepubliceerd te Kroonstad
van Cieremans id. aan id. datum id. No. Tlg. 51	zwaar gewond 31.3.00			Eerste bericht foutief.
van Brandfort aan C.B. datum 7.4.00. No. Tlg. 499.	zwaar gewond longen 31.3.00			
van Ned Consul Kaapstad aan id Pretoria datum 16.4.00 No. Tlg. 24	overleden te Bloemfontein 11.4.00			

Lijst No. 75 en 80	Luit. Nix, attaché Ned. Ind. Leger zwaar gewond door schot in longen in gevecht bij Kliprand (Brandfort) 31.3.00.
Publicatie 9/4 23/4	Luit. Nix id.id. overleden te Bloemfontein op 11 April 1900.

Die datums van publikasie verwys na die beriggewing in die "Staats-Courant" van die Zuid-Afrikaansche Republiek.³⁷⁾

Die afdeling Statistiek het 'n drietal registers bygehou. Hulle het betrekking gehad op burgers met identiteitskaarte, sonder identiteitskaarte en op berigte wat ontvang is van persone wat nie tot die eersgenoemde twee groepe behoort het nie. Die eersgenoemde registers was onderverdeel in die volgende afdelings: (a) Gesneuweldes en gewondes, (b) Ongelukke, (c) Siekes, en (d) Vermistes.³⁸⁾

Die afdeling Informatie was belas met die verstrekking van inligting aan die publiek of andersins.

By hierdie besonderhede moet nog vermeld word dat lyste met besonderhede in die "Staats-Courant" gepubliseer is en dat in verband met krygsgevangenes skakeling met die inligtingskantoor van die Kaapkolonie bestaan het. Die uitwisseling van gegewens het ook betrekking op gewondes en gesneuweldes gehad.³⁹⁾

11. Voortsetting van die administrasie op Middelburg

Na die besetting van Pretoria op 5 Junie 1900 was die verbinding tussen die Identiteits-Departement en die kommando's volkome verbreek. Lord Roberts het, veral ten opsigte van Engelse offisiere en manskappe wat in die hande van die Boere gevall het, die versoek aan prof. dr. Molengraaff gerig om sy werksaamhede aan die oostelike front voort te sit. Prof. dr. Molengraaff het, voordat hy gehoor aan dié versoek gegee het, as voorwaarde gestel dat 'n hooggeplaaste Britse offisier die Identiteits-Departement in verband met sy neutraliteit nagaan. Volgens die genoemde verslag het die Britse outhoorn en dagblaaie die departement dikwels van spioenasi en verraad beskuldig. Die besoekende Britse offisier is van die korrektheid en integriteit van die inrigting oortuig. Na 'n paar dae het hy "zijn groote bewondering" betuig vir wat hy gesien het. Daaraan het hy toegevoeg dat die Britse leër nie oor so 'n stelsel beskik het nie.⁴⁰⁾

Dit was gedurende hierdie tydperk dat Henri Sicco Oosterhagen, wat voor die oorlog in diens van die NZASM in Lourenço Marques (Maputo) gewerk het, nog as 'n lid van die Informatiebureau te velde in die omgewing van Middelburg in Oos-Transvaal, sy werk onder moeilike omstandighede voortgesit het.⁴¹⁾

Prof. dr. Molengraaff het in Oktober 1900 sy ontslag as hoof van die Informatiebureau aangevra. Hy is eervol ontslaan en het na sy geboorteland teruggekeer.⁴²⁾

In Junie 1901 was hy en sy gesin in Hilversum, Nederland, woonagtig, waar hy inligting omtrent sy vroeëre

werkkring in die Zuid-Afrikaansche Republiek aan dr. J.H.P. van Kerckhoff, die skrywer van "Onder het Nederlandsch-Indische Roode Kruis naa Zuid-Afrika" (Batavia, 1903) verstrekk het.⁴³⁾

12. Die argiewe van die "Transvaalsche Roode Kruis" en die "Informatiebureau"

Die argiefstukke van bogenoemde argiefgroep berus in die Transvaalse Argief Bewaarplek (T.A.B.) in Pretoria. Ongeveer 50-60 jaar gelede het dr. H.S. Pretorius 'n inventaris opgestel, waaraan die volgende besonderhede ontleen is.⁴⁴⁾

In totaal bestaan die genoemde groep uit 158 portefeuilles en boekdele wat soos volg ingedeel is: 1-2: Notule van die Pretoriase afdeling van die Transvaalsche Roode Kruis, 3-9: Inkomende en uitgaande stukke (hoofbestuur), 10-22: Uitgaande stukke, 23-104: Registers en indekse, 105-143: Raporte, lyste e.d.m., 144-150: Finansiële stukke, 151-154: Mediese Krygskommissie-stukke, en 155-158: Diverse stukke.

Van groot belang is o.m. die inligting oor hospitale in Pretoria (Bourke, Beckett) (band 3) en oor die onderskeie "Roode Kruis"-seksies in die Zuid-Afrikaansche Republiek (bande 4-6). Vervolgens Transvaalse en Vrystaatse registers (bande 27-49; 50-67), registers van gesneuweldes, gewondes en siekies (bande 82-85), alfabetiese rapporte van gesneuweldes (bande 105-110), en soortgelyke verslae oor gewondes (bande 120-132).


Ten slotte kan nog na die dr. W.J. Leyds-argief verwys word. Bande 857-860 bevat o.m. ampelike mededelings van die Informatiediens. Dit geld ook, wat gesneuweldes en gewondes (1899-1900) betref, t.o.v. bande 851-852 en 844-847.⁴⁵⁾

Aantekeninge

- 1) Hans Herzfeld: "Geschichte in Gestalten" (Frankfurt am Main, 1963), deel 1, pp.331-332.
- 2) "Staats-Almanak voor de Zuid-Afrikaansche Republiek 1898" (Pretoria, 1897), pp.43-44.
- 3) Ibid, pp.392-393.
- 4) Christoph Sonntag: "My friend Maleboch, Chief of the Blue Mountains" (Pretoria, s.j.), pp.67-68; 77, 105, 120.
- 5) J.H. Breytenbach: "Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902" (Pretoria, 1969), deel 1, p.71 e.v. "Vereeniging Het Transvaalsche Roode Kruis" (teks in Nederlands en Engels), (Pretoria, "The Press", s.j.), pp.24.
- 6) Ibid, pp.7-12.
- 7) Ibid, p.12.
- 8) J. Ploeger: "Die fortifikasie van Pretoria" (Pretoria, 1968), pp.11-14.
- 9) J.H. Breytenbach, ibid, p.72.
- 10) Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, (Pretoria, 1981), deel 4, p.328.
- 11) J.H. Breytenbach (red.): "Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog" (Kaapstad, 1949), p.546.

- 12) Kyk aantekening 2, pp.380-381. Die hospitaal is o.m. deur Vivian Allen in "Kruger's Pretoria" (Cape Town, 1971), p.123, en J.H. Meiring, "Pretoria 125" (Kaapstad, 1980), p.16, beskryf. Van 1934 tot 1970 was die gebou as die C.F. Malan-Spoorweghostel in gebruik en in 1976 gesloop.
- 13) "Staats-almanak" (Pretoria, 1897), p.381, H.J. Meiring, "Pretoria 125" (Kaapstad, 1980), p.16.
- 14) "Staats-almanak" (Pretoria, 1897), p.382, H.J. Meiring, t.a.p., p.14.
- 15) H.J. Batts: "Pretoria from within during the war" (London, n.d.), p.199.
- 16) Die voorafgaande besonderhede is ontleen aan: L.M. Hellermans, "Met het Roode Kruis in den Boeren Vryheidsoorlog" (Amsterdam, 1901), verspreide bladsye, en J.H. Breytenbach (red.): "Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog" (Kaapstad, 1949), pp.500-551.
 Die Tweede Nederlandse Ambulans is na 'n kort verblyf in Pretoria op sy tweede uitreis na die oorlogsterrein op 5 Julie 1900 deur Britse autoriteite by Kaalfontein voorgekeer en gevange geneem. Die verpleegsters is gedeporteer en met die 'Harwarden Castle' na Nederland teruggestuur. Die dokters, J.D. Koster, C. Prio en Van Houten is op die eiland Ceylon as krygsgevangenes geinterneer. Kyk: L.M. Hellermans, t.a.p., en J. Ploeger: "Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boere-oorlog, 1899-1902" (Pretoria, 1990), deel 3, pp.24:1-24:17.
- 17) Rein Rijkens: "Brieven uit de Boerenoorlog van Reintje Rijkens" (Den Haag, 1988), p.53. Dr. R. is later, as 'n NZASM-geneesheer op Standerton as gevolg van sy versuum om sy wapenbesit by die Britse militêre owerhede aan te meld, as 'n krygsgevange na Ceylon gestuur. Daar is in die "Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog" 'n groepsfoto waarop onaangedui dr. J. Huizinga voorkom (p.547). Dié foto is op 4 Desember 1899 by Modderfontein geneem.
- 18) J.H. Breytenbach (red.): "Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog" (Kaapstad, 1949), pp.533-551.
- 19) Ibid, pp.547-550.
- 20) Ibid, p.551.
- 21) Dr. J.C. Kakebeeke: "Die slag van Elandslaagte. Belastering van Hollanderkorps weerlê". "Die Huisgenoot", 21 Mei 1937, pp.37-39.
- 22) H., p.58.
- 23) Die lewe en werk van prof. dr. M. is uitvoeriger in die "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek" (Kaapstad, 1968), deel 1, pp.576-578), behandel.
- 24) K.L. van Schouwenburg: "Bijdrage tot de genealogie van het geslacht Jorissen uit Wesel" (1979), p.61 en pp.51-54. H.C. Jorissen was die stigter van 'n tak van die "Nederlandsche Bank en Crediet Vereeniging" in Johannesburg (1890) en was daarna een van die hoofbestuurders van dieselfde bank onder die naam "Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika". In 1922 het Jorissen se benoeming as eerste onderpresident van die Suid-Afrikaanse Reserwebank gevolg.
- 25) H., p.147.
- 26) "Historiese Studies", jg. 4, nr. 2, Junie 1943, pp.63-107, Johannes van Dalsen: "Die Hollander-Korps tydens die Tweede Vryheidsoorlog".
- 27) H., p.47.
- 28) Ibid, p.47.
- 29) Ibid, p.48.
- 30) Ibid, pp.49-50.

- 31) H., pp.59-60.
- 32) Ibid, pp.51-52.
- 33) Ibid, p.61, "Circulaire aan de Besturen en Doctoren van Hospitalen en Ambulances in de Zuid-Afrikaansche Republiek en den Oranje Vrijstaat", gedateer Pretoria, 5.12.1899 en onderteken deur H.C. Jorissen.
- 34) N.O., pp.25-32.
- 35) Ibid, p.42 (byl. nr. 6).
- 36) Ibid, pp.26-28.
- 37) Ibid, p.43 (byl. nr. 7).
- 38) Ibid, pp.27-28.
- 39) Ibid, p.26. Die Britse magte se identifikasiekaarte was in die voering van die voorpant van die baadjie vasgewerk.
- 40) Ibid., p.31.
- 41) C.C. Eloff (red.), "Oorlogsdagboekie van H.S. Oosterhagen" (Pretoria, 1976), pp.3-6.
- 42) "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek" (Kaapstad, 1968), deel 1, p.577.
- 43) N.O., p.25.
- 44) Rooikruisinventaris, T.62.
- 45) Leyds argief-inventaris T.36A.



Professor Dr. Gustaaf Adolf Frederik Molengraaff,
Nijmegen 1860 - Wassenaar 1942, geoloog en
ontdekkingsreisiger

DIE FAMILIE VAN DS. PIETER VAN DRIMMELLEN IN PRETORIA

deur C. de Jong

Mevrou Maria Elizabetha van Drimmelen-Gastmann

Sy is gebore te Makassar, die grootste stad op die eiland Celebes (nou Sulawesi) in Nederlands Oos-Indië in 1884 as dogter van regter Albert Ludwig Eduard Gastmann wat op 9 September 1857 gebore was, en Lucie Louise Jacqueline Scherer wat in Makassar in 1890 oorlede is.¹⁾ Hul oudste seun Frederik is gebore in Soerabaja op Java; hy het 'n hoë vlootoffisier in die Nederlandse marine geword. Hul dogter Maria Elizabetha het die lewenslig aanskou in Makassar op 12 Februarie 1884, toe regter Gastmann daar president van die streekshof was. Hul jongste seun Lodewijk Albert is ook gebore in Makassar; hy is in 1917 getroud met Eliza Uhlenbeck en was Nederlandse konsul te Hongkong, Hamburg, Montreal, Dantzig (nou Gdańsk) en ander stede en ten slotte ambassadeur te Lima, Peru.

Na die oorlyde van sy eerste eggenote Lucie het regter Gastmann met sy drie jong kinders na Nederland gegaan. Sy suster Betsy in Breda het die kinders tydelik versorg. Hy het kennis gemaak met Quirine Magtilda Wichers, 'n liewe geselskapdame van koningin Emma. Emma was 'n Duitse prinses en is in 1878 getroud met die bejaarde wewenaar koning Willem III van Nederland wat van 1849 tot 1890 geregeer het. Hulle het in 1880 een kind, Wilhelmina, gekry. Willem III is in 1890 oorlede en Emma het toe regentes vir kroonprinses Wilhelmina geword totdat die kroonprinses in 1898 die troon bestyg het. Regter Gastmann het Quirine ten huwelik gevra. Toe sy aarsel, het koningin Emma aan haar gesê: Dié man het jou nodiger as ek, dus trou met hom. Hulle is in 1892 getroud en het die oudste seun Frederik vir sy opleiding in Nederland agterlaat, soos baie ouers in Oos-Indië met hul kinders moes doen. Hulle het met die twee jongere kinders na Oos-Indië gegaan. Regter Gastmann het tot 1900 sy amp in Makassar beklee. Hy het toe met sy gesin na Nederland teruggekeer en 'n huis aan die Bezuidenhoutsweg in Den Haag betrek.

Hul dogter Maria het in Utrecht 'n student in die teologie uit Transvaal, Pieter van Drimmelen, ontmoet. Ook hy was in Oos-Indië gebore en hulle het jeugervarings in dié land gedeel. Dit het 'n band tussen hulle geskep, hy het 'n reputasie as Bittereinder gehad en hulle het hulle verloof. Die eggenote van Ir. G.A.A. Middelberg, voorheen bestuurder van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM) te Loenen by Utrecht, het mevrou Gastmann die huwelik van Maria met Pieter aanbeveel. Na Pieter se proponenteksamens is hulle op 19 November 1906 in die Kloosterkerk in Den Haag getroud. Pieter het toe reeds 'n beroep uit Zeerust in Transvaal ontvang. Hy en Maria het spoedig na hul huwelik na Transvaal vertrek, deur Switserland en oor Venesië na Genua gereis en 'n skip na Lourenço Marques (nou Maputo) geneem. Pieter was predikant in Zeerust van 1907 tot 1914 en daarna te Pietersburg tot sy dood in 1919.²⁾ Hy het as konsulent die boere wat uit Transvaal na Angola getrek het, daar besoek in 1910, 1914 en 1918/19, het gemeentes van die Nederduitsch

Hervormde Kerk onder hulle op Humpata en Mombolo gestig en is op 25 Februarie 1919 op Humpata aan die Spaanse griepe oorlede en daar begrawe.³⁾

Vir Maria van Drimmelen was die onverwagte heengaan van haar eggenoot 'n verpletterende slag. Sy het met vyf jong kinders, van wie die kleinste, Frederik, 'n half jaar oud was, agtergebleef en moes lewe van 'n baie beskeie weduweepsioen. Sy moes die pastorie in Pietersburg spoedig ontruim en het besluit om na haar familie in Nederland terug te gaan. Sy en haar kinders het tydelik onderdak by vriende in Pretoria gevind. Sy het daar gewag op die persoonlike besittings van haar eggenoot uit Angola en op reisgeleentheid na Europa. Talle betuwigings van meegevoel het haar bereik. Byvoorbeeld die kerkraad van die Nederduitsch Hervormde Gemeente te Humpata het op 26 Februarie 1919 besluit om tot Februarie 1931 aan Dominee se seun en naamgenoot Pieter £25 vir sy skoolgeld te betaal. Ouderling Zacharias Roberts uit Humpata het Maria Dominee se besittings gebring. Roberts se eggenote en twee kinders het hom na Pretoria vergesel. Die twee gesinne het saam per trein na Kaapstad gereis en daar in 'n losieshuis gebly totdat Zacharias skeepsgeleentheid gevind het. Dit was vir die Van Drimmelens op die Portugese skip 'Quilimane' wat langs die ooskus van Afrika na Marseilles sou vaar. Skeepsgeleentheid was kort na die Eerste Wêreldoorlog skaars, maar Zacharias het vir hom en sy gesin plek op 'n skip na Mossamedes in Angola gevind. Roberts-hulle het tot 1928 in Angola gebly en toe saam met die meeste ander Boere uit Angola na Suidwes-Afrika (nou Namibië) verhuis.

Mevrouw Van Drimmelen en haar kinders het in Marseilles aangekom en per trein na Nederland gereis. Daar is hulle liefderyk deur mevrouw Gastmann-Wichers opgevang en gehuisves in 'n woning met 'n verdieping te Heerde in Gelderland. Oud-regter Gastmann het enkele jare eerder 'n groot huis, die Haeckshuis, in Vaassen, Gelderland, gekoop en met sy eggenote daar gewoon totdat hy op 17 Oktober 1917 aan 'n beroerte oorlede is. In 1910 het mevrouw Maria van Drimmelen met haar tweearige dogter Lucie Nederland weens gesondheidsredes besoek en by haar vader en stiefmoeder in die Haeckshuis gekuier. Ds. Pieter het na sy eerste besoek aan Angola sy vrou en dogter toe in Nederland afgehaal. Later het oudregter Gastmann en sy tweede gade die gesin Van Drimmelen in Zeerust besoek, kort na die geboorte van die oudste seun Govert Cornelis in 1911. Die egaap Gastmann was toe op reis om Oos-Indië weer te sien.

Spoedig na die dood van Albert Gastmann het Quirine die groot Haeckshuis verkoop en in twee kamers in 'n huis in die Gelderse dorp Heerde ingetrek. Haar drie susters het in Delft gewoon.

Toe Maria van Drimmelen en haar kinders in 1919 in Nederland aankom, het haar oudste broer Frederik 'n klein huis te Heerde vir haar gekoop. Die huis se naam was "Op 't Honk" (tuiste). Mevrouw Gastmann het dit gemeubileer met meubels wat afkomstig was uit die verkoopte Haeckshuis. Maria het in Augustus 1919 in die huis getrek. Haar kinders het in

die dorp skoolgegaan. Ondanks die sorgsaamheid van haar familie het die lewe in Nederland haar nie beval nie, moontlik weens die klimaat en/of die beperkte ruimte in en rondom die wonings en omdat sy van haar beskeie pensioen in Suid-Afrika ruimer as in Nederland kon rondkom. Sy het die meeste lewensjare in Oos-Indië en Suid-Afrika deurgebring en het teen die einde van 1920 besluit om na Suid-Afrika terug te keer. Sy en haar kinders het uit Heerde na Haarlem verhuis en daar ingewoon by mevrou Enschede, lid van die bekende drukkers- en uitgewersfirma Johan Enschede en Zonen. Dié mevrou Enschede was Suid-Afrikaners besonder goed gesind, wou Maria van Drimmelen graag as gasvrou help en het haar kinders ruim klerasie en lekkergoed gegee. Die kinders het 'n paar maande in Haarlem skoolgegaan. Broer Frederik het die huis in Heerde verkoop en die reisgeld vir sy suster en haar kinders na Suid-Afrika betaal.

Mevrou Gastmann het kort daarna Heerde verlaat en na Soestdijk verhuis waar haar suster Anna 'n klein huis bewoon. In 1926 het Maria van Drimmelen en haar dogter Lucie, 18 jaar oud, ses maande, van Mei tot November, by haar stiefmoeder in Soestdijk gekuier. 'n Vriendin van mevrou Gastmann het die dames genooi om vanuit haar kamer in die naburige koninklike paleis 'n volkspelevertoning gade te slaan. Maria en Lucie het langs diesselfde roete wat Maria op haar huweliksreis in 1906 gevolg het, na Genua gereis en daar skeep gegaan na Lourenço Marques. Tydens haar verblyf in Nederland het swaer Willem van Drimmelen en sy eggenote haar huis Mackenziestraat 195 bewoon en Maria se vier seuns versorg. Die briefwisseling tussen Maria en haar liewe stiefmoeder het gereeld voortgegaan tot 1937 toe mevrou Gastmann oorlede is.

Maria van Drimmelen het by haar aankoms in Pretoria in 1921 'n huis Mackenziestraat 195 in Brooklyn gekoop met erfgedel wat haar oorlede vader haar nagelaat het. 'n Paar jaar later het sy met 'n lening op die huis as sekerheid 'n plaas op Boekenhoutskloof by Hornsnek, 16 km wes van Pretoria, gekoop langs die plaas waar swaer Willem reeds gevestig was, en het daar met die kinders gewoon. Haar doel was om haar beperkte inkomste te verhoog deur met hoenders vir eierproduksie te boer en deur vrugte te kweek. Sy het ook 'n paar koeie aangehou vir produksie van melk en botter - ten dele vir eie verbruik - en 'n stuk grond met vrugte en mielies laat bebou. Die kinders het daeliks per fiets of in 'n ou Ford-outo en per trein na Pretoria gependel om daar skool te gaan. Dit het van hulle groot opofferings gevverg.

Swaer Willem en sy eggenote het van 1923 tot 1930 op sy plaas langs dié van Maria gewoon totdat hulle na Kameeldrift in Pretoria-Noord verhuis het. Swaer Nicolaas en sy vrou het in 1924 uit Duitsland in Pretoria aangekom en hulle het ses maande by Maria aan Mackenziestraat ingewoon en daarna 'n huis in die stad gehuur. In 1927 koop hy vyf morg van haar plaas en laat daarop 'n huis vir eie bewoning bou, terwyl hy en sy vrou weer vier maande by Maria op haar plaas inwoon. Willem het Boekenhoutskloof in 1930 verlaat, Nicolaas in 1937. Maria en haar kinders het reeds in 1932 besluit om 'n

geriefliker woonplek in Pretoria te betrek, veral met die oog op die skool van die kinders. Sy het kamers en later in Farendenstraat 'n huis gehuur. Sy moes wag op die einde van die verhuur van haar huis Mackenziestraat 195 en kon dié huis op 1 Oktober 1936 weer betrek. Haar plaas by Hornsnek is in 1942 verkoop. Die kinders het inmiddels matriekeksamen afgelê en na die Universiteit van Pretoria of 'n ander onderwysinstelling gegaan.

Later het sy in 'n woonstel aan Beatrixstraat gebly tot haar oorlyde op 1 November 1954. Die huis Mackenziestraat 195 is bewoon deur haar seun Govert Cornelis en sy gesin. Hy het dit in 1993 verkoop.

Maria van Drimmelen verdien groot bewondering omdat sy vroeg weduwee geword het en ondanks haar beskeie pensioen aan haar kinders 'n uitstekende opvoeding en skool- en universiteitsopleiding verskaf het. Al haar kinders het in hul loopbaan goed geslaag.

DIE VYF KINDERS VAN DS PIETER VAN DRIMMELLEN EN MARIA

Lucie Louise Mathilde van Drimmelen, 1908-1993

Sy is die oudste kind van ds. Pieter van Drimmelen en Maria Gastmann en is gebore op 16 September 1908 te Zeerust. Sy is Lucie Louise genoem na Maria van Drimmelen se egte moeder en Mathilde na Maria se stiefmoeder. Sy het met haar moeder en vier broers in 1919 na Nederland gegaan en in 1921 na Transvaal teruggekeer. Na haar matriek in 1926 het sy met haar moeder op familiebesoek in Nederland gegaan en van Mei tot November 1926 by mevrou Gastmann en ander familie gekuier. Na die laerskool en die middelbare Oosteindskool in Pretoria het sy eksakte vakke in die Universiteit van Pretoria gestudeer en die graad BSc behaal. In haar tyd het jongedames min beroepskeuses buite die onderwys en die verpleging gehad. Sy het onderwys gekies en in die Transvaliese Onderwyskollege (destyds Normaalschool genoem) te Pretoria die Hoër Onderwysdiploma behaal.

In 1933 begin sy haar onderwysloopbaan, waartydens sy les in laerskole op verskeie Transvaliese dorpe gee. Sy was onderwyseres op die volgende plekke: Wonderboom-Suid, Pretoria, $\frac{1}{2}$ jaar - Boekenhoutskloof by Hornsnek (waar sy by oom Nicolaas ingewoon het), $\frac{1}{2}$ jaar - Springs, Geduldskool, $4\frac{1}{2}$ jaar - Villieria, Pretoria, $8\frac{1}{2}$ jaar - Danville, Pretoria, een jaar - Randgate, een jaar - Kensington, Johannesburg, 3 jaar - Villieria, Pretoria, andermaal $7\frac{1}{2}$ jaar. Sy was $29\frac{1}{2}$ jaar onderwyseres.

Sy trou, 54 jaar oud, in November 1962 met mnr. J.H.T. Heymans, gebore op 2 Februarie 1902, oorlede op 2 Augustus 1991, wewenaar en vader van volwasse kinders.

Hulle was amper 29 jaar getroud en dit was 'n uitstekende huwelik met 'n hartlike verhouding tussen Lucie en haar stiekinders. Die egaal het in 1971-74 op Witrivier gewoon en in 1974-76 te Pretoria in die woonstelgebou "Bel Air". Daarna bly hulle 15 jaar in die Machteld Postmushuis te

Pretoria, in 'n versorgingshuis van die Nederduits Hervormde Kerk, Alexanderstraat 372, Brooklyn. Hy oorly daar op 2 Augustus 1991. Lucie bly daar tot haar dood, byna 85 jaar oud, op 15 Augustus 1993.

Sy was as oudste kind altyd sorgsaam vir haar broers en 'n steun vir haar moeder in die vaderlose gesin. Sy het 'n opgewekte geaardheid en veel gevoel vir humor besit. In haar laaste jare het sy weens 'n heupgebrek heel moeilik gestap, maar die ongemak blymoedig verduur. Nie alleen moeder Maria, ook Lucie verdien baie dank van die seuns Van Drimmelen. Sonder haar buitengewoon goeie geheue en noukeurig gedokumenteerde familiepapiere en -foto's sou my kroniek van die familie van Drimmelen baie onvollediger gewees het.

Govert Cornelis van Drimmelen

Hy is gebore as oudste seun van ds. Pieter van Drimmelen en Maria Gastmann te Zeerust op 27 September 1911 en is vernoem na sy grootvader Van Drimmelen. Hy het met sy moeder, weduwee van ds. Pieter, sy suster Lucie en sy drie broers in 1919 na Nederland geëmigreer en in 1921 het hulle teruggekeer na Transvaal. Bygevolg het hy verskeie laerskole in Pietersburg (Transvaal), Heerde en Haarlem (Nederland) en Pretoria (skool in Brooklyn) besoek. Hy matrikuleer in 1928 in die Hoëre Oosteindskool te Pretoria en studeer diergeneeskunde in Onderstepoort, 'n fakulteit van die Universiteit van Pretoria. Hy het toe in 'n koshuis by Onderstepoort gebly en behaal die graad BVSc in 1933. Van 1933 tot 1946 werk hy as Staatsveearts op Allerton (1934), Umtata, Transkei (1935), Flagstaff (1936), Ermelo (1936-38), Kimberley (1939) en Bloemfontein (1939-46). In 1946 begin sy loopbaan in die hoër onderwys met sy aanstelling as lektor in die Glen Landboukollege. Navorsing oor die seksfisiologie van voëls het hom stof vir 'n proefskrif verskaf. Hy verwerf daarmee die doktorsgraad in die Universiteit van Pretoria in 1947. Voëls het van jongs af aan sy besondere belangstelling gehad. Hy word in 1947 navorsingsbeampte in die Departement Bakteriologie in Onderstepoort en is in 1966 bevorder tot assistenthoof. Intussen doseer hy as lektor, seniorlektor en hoogleraar in die mikrobiologie. Hy het verskeie studiereise na Wes-Europa onderneem en wetenskaplike byeenkomste bygewoon en was in 1964 gasprofessor in die Vrye Universiteit te Wes-Berlyn.

Van 1966 tot 1972 was hy landbouraad by die ambassade van die Republiek Suid-Afrika te Washington. Van 1972 tot 1975 dien hy as direkteur van Diagnostiese Dienste Veeartseny van streeklaboratoria in die Republiek en as lid van internasionale vakorganisasies, onder meer van die permanente komitee vir brucellose ('n nuut ontdekte, verbreide bakteriesiekte by mense en diere) van die World Health Organization in 1957-72. Hy woon internasionale vakkonferensies te Elisabethville (Belgiese Kongo) en Genève by. In 1975 tree hy af as hoogleraar.

Professor Govert C. van Drimmelen het 127 wetenskaplike en 80 populêr-wetenskaplike publikasies laat verskyn. Hy was onder andere lid van die volgende Suid-Afrikaanse vereni-

gings: SA Biologiese Vereniging (president in 1960), Ornithologiese Vereniging, Dendrologiese Vereniging en Southern Africa Association for the Advancement of Science, afgekort tot S₂A₃ (President in 1964). Hy was voorsitter van die Geneeskundige Tak van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1966.

Hy het die volgende onderskeidings ontvang: Suid-Afrika-medalje in goud van S₂A₃ in 1965, Senior Kaptein Scott-medalje in 1968, die VSMF-Patologie-medalje in 1969 en 'n sertifikaat van verdienste en 'n skildery van S₂A₃ in 1993.

Sy liefhebberyte is luister na bepaalde musiek en natuurbewaring. Hy is 'n minnaar van die vrye Natuur.

Hy is in 1936 getroud met Johanna Maria Gutter, verpleegster in die Sir Henry Elliott Hospital te Umtata, Transkei. Uit hul huwelik is vyf kinders gebore, te wete:

Pieter, 1936 - spesialis patoloog, werkzaam in Johannesburg, Kaapstad, Pretoria en Nelspruit

mevrou Margaretha Vosloo-Van Drimmelen, 1938 - onderwyseres in biologie

mevrou Marie Pauw-Van Drimmelen, 1940 - farmakoloog Universitas te Bloemfontein

Bertha van Drimmelen, 1943 - spesialis internis, Pretoria

Albert, 1946 - verkoelingsingenieur

Albert Ludwig Eduard van Drimmelen, 1913-1929

Die derde kind van ds. Pieter en Maria van Drimmelen is op 26 Mei 1913 gebore te Zeerust en na sy grootvader, Gastmann, vernoem. Hy het in Pretoria die Brooklyn laerskool en in 1926-1929 die Hoër Oosteindskool besoek. Hy het 16 jaar oud op 19 November 1929 deur 'n noodlottige ongeval in Pretoria die lewe verloor. Hy is begrawe op die begraafplaas aan Rebeccastraat. Sy dood was die tweede swaar slag vir mevrou Van Drimmelen wat in 1919 haar eggenoot verloor het.

Pieter van Drimmelen (junior)

Pieter is die vierde kind van ds. Pieter en Maria van Drimmelen. Hy is gebore op 28 Julie 1915 te Pietersburg en het na die oorlyde van sy vader in 1919 met sy moeder en die ander kinders na Nederland gegaan en in 1921 na Suid-Afrika teruggekeer. Hy is die tegnikus in die gesin, maar na werk as ambagsman het hy net soos sy suster en twee broers in die onderwys beland. Hy het die laerskool in Brooklyn, Pretoria, en die Hoër Oosteindskool in dié stad besoek en in 1935 gematrikuleer. Daarna het hy 'n loopbaan in die tegniek verkies en van 1935 tot 1952 was hy ambagsman. Hy het begin as vakleerling in passer- en draaierwerk, dit is as fynmeganiese bankwerker, by Yskor in Pretoria in 1935-1939 en was daarna 'n jaar as vol vakman by Yskor. Van 1940 tot 1952 was hy by die Departement van Waterwese. Tydens die Tweede Wêreldoorlog het hy meermale 84 uur per week gewerk. Weens sy

vakbekwaamheid het hy opdrag ontvang om 'n skaalmodel van 'n waterboormasjien vir die Johannesburgse Skou te maak. Hy het ook 'n skaalmodel van 'n hoogoond gemaak wat gebruik is vir oprigting van 'n nuwe hoogoond deur Yskor. Hy is in die Departement Waterwese bevorder tot leierhand van bestuur personeel produksie masjienwerkswinkel.

Van 1952 tot sy aftrede as departementshoof Meganiese halfdeel van die Tegniese Kollege te Pretoria in 1978 was hy voltyds werkzaam in die tegniese onderwys. In 1952 is hy aangestel as vakinstrukteur in die Tegniese Kollege te Pretoria, maar hy moes ook tegniese vakke en kursusse doseer in ander inrigtings, soos die departement vir onderwysersopleiding (tans tegnikon genoem) en Witwatersrandse korrespondensiekursusse in metodiek van arbeidsonderrig. Onder meer was hy ook eksaminator vir onderwysers in passer- en draaierwerk.

In hierdie tyd van industriële ontwikkeling in Suid-Afrika het hy veel bygedra tot die opleiding van instrukteurs en dosente vir vorming van vakkliënt en van die middelkader van tegniese personeel in die kolleges en in-diens-opleiding-inrigtings in fabrieke.

In 1978, 63 jaar oud, het hy afgetree na 'n werktyd van 43 jaar. Hy het van 1921 af met onderbreking op die plaas in 1927-1932 altyd in Pretoria gewoon. Hy is getroud met mej. J.A. Franken en hulle het 'n seun en dogter gekry. Die seun, Johan, het elektrotegniese ingenieur geword (BSc in 1987) en 'n hoë pos by Krygkor beklee. Die dogter, Linda, het onderwysseres geword en getrou met 'n ingenieur; hulle het in Pretoria gewoon totdat hy verplaas is na Newcastle in Natal.

Frederik Willem van Drimmelen

Hy is gebore as jongste kind van ds. Pieter en Maria van Drimmelen te Pietersburg op 13 augustus 1918 en vernoem na die oudste broer van sy moeder, Frederik Gastmann. Toe hy 'n halwe jaar oud was, is sy vader in Angola oorlede. Hy het met sy moeder, suster en broers in 1919 na Nederland gegaan en met hulle in 1921 na Suid-Afrika teruggekeer. Hulle het hulle in Pretoria gevestig en Maria van Drimmelen het die huis MacKenziestraat 195 gekoop. Die gesin het van 1927 tot 1932 op 'n plaas op Boekenhoutskloof by Hornsnek gewoon en die kinders het daeliks na Pretoria gependel om onderwys te ontvang. In 1934 het die gesin 'n huurhuis in Pretoria en in 1932 die huis aan MacKenziestraat 195, hul eiendom, betrek.

Frederik het die Laer Oosteindskool besoek en in 1930 oorgegaan na die Hoëre Oosteindskool. In die laaste een-en-'n halwe jaar van sy skooltyd was hy in die Afrikaanse Hoër Seunskool, waar hy in 1935 matrikuleer. Hy het van 1935 tot 1940 gestudeer in die Universiteit van Pretoria en die grade BA en MA Sielkunde en die Hoër Onderwysdiploma behaal. Hy was van 1940 tot 1976 in die onderwys werkzaam en het die les gegee in twee hoërskole en as onderhoof in twee laerskole. Van 1976 tot 1980 was hy eiendomsagent en het hy huise verkoop. Van September 1980 tot Junie 1992 was hy werkzaam in die boekhandel, veral vir verkoop van biblioteekboeke aan skole.

Net soos die meeste Van Drimmelen hou hy veel van musiek en bespeel hy instrumente. Hy het as student 'n klein orkes gelei en as onderwyser meestal les in musiek en sang asook volkspele gegee. Hy was van 1946 tot 1982 orrelis van die Nederduits Hervormde gemeentes te Springs en Verwoerdburg.

Hy is in Desember 1946 getroud met Johanna Elizabeth Müller, onderwyseres en dogter van 'n Hoëveldse boer. Hulle het twee dogters en drie kleinseuns gekry.

DIE BROERS EN SUSTER VAN DS. PIETER VAN DRIMMELLEN

Nicolaas van Drimmelen, 1869-1954

Nicolaas is gebore bowe Tegal op 12 Maart 1869 as derde seun van Govert Cornelis van Drimmelen en Petronella Wiggers. Hy was vier jaar ouer as sy broer Pieter, die latere predikant in Transvaal. Govert Cornelis het in 1879 sy winkel in Tegal verkoop en terwille van die opleiding van sy kinders met sy gesin na Nederland gegaan. Hy het hom in Rotterdam gevestig, vermoedelik omdat sy familie reeds lank bande met die hawestad onderhou het, en daar 'n seepfabriek gestig. Dit was gevestig op die grondvloer van 'n groot, blokvormige gebou met plat dak aan die Jaffakade (nou Libanonstraat) in Kralingen (nou Rotterdam-Oos). Die groeiende gesin Van Drimmelen was 'n tyd lank op die boonste verdieping gehuisves.

Nicolaas was knap van uiterlik, hoewel sy ore baie groot was, en skrander met veel aanleg vir tale, waarvan hy verskeie aangeleer het. Hy moes sy vader help met die bedryf in die seepfabriek, maar was geen gebore sake-ondernehmer nie - sake-ondernehemers word nie gemaak nie, maar gebore. Hy het in sy aandure vlytig tale en boekhou geleer en het in 1896 na Londen gegaan en ingeskryf in die universiteit van dié stad. Hy het blybaar aanleg vir sowel alpha- as betavakke, vir sowel tale as eksakte vakke, besit. Weens die oorlyde van sy vader in 1896 moes hy na Rotterdam terugkeer en die bestuur van die seepfabriek en die sorg vir die jonger kinders oorneem.

Hy is op 8 Mei 1895 getroud met Katharina (Käthie) Dürmaier wat op 5 April 1867 in Metten in Beieren gebore was. Hul enigste kind, die seun Carl, is gebore in Rotterdam. Carl het hom in 1910 in Den Helder by die marine aangesluit.⁴⁾

Tydens die Eerste Wêreldoorlog moes Nicolaas die seepfabriek weens brandgevaar uit Rotterdam verplaas na die dorp Heerde in Gelderland. Hy het daar 'n erf gekoop en 'n huis vir eie bewoning laat bou, deur hom "Slamat" genoem na 'n vulkaan op Java. Weens die swaar na-oorlogse ekonomiese depressie in 1919-1924 is die seepfabriek opgedoek. Hy het erf en huis in Heerde verkoop en in 1921 werk by 'n bank in Dusseldorf in Duitsland aanvaar. Die Eerste Wêreldoorlog en die herstelbetalings het Duitsland ekonomies swaar geknou, die toestand het in 1922-24 baie versleg en deur hiperinflasie het die Duitse mark sy waarde geheel verloor. Nicolaas het net soos sy vader nooit van die avontuur en van emigrasie

teruggeskrik nie en het in 1924 met sy eggenote na Suid-Afrika geëmigreer. Daar was die ekonomiese toestand aan die verbeter. Hy en sy vrou het 'n halfjaar in die huis MacKenziestraat 195 by Maria van Drimmelen ingewoon. Die meeste lede van die familie Van Drimmelen was aan mekaar geheg en het mekaar gehelp. Na sy aankoms in Pretoria het hy in diens van die bekende firma Taylor and Geerling Accountants aan Kerkplein getree en as rekenmeester boekhoudings van sakeondernemings gekontroleer. Na ses maande inwoon by sy skoonsuster het hy 'n huis gehuur in die Schubartstraat en later elders. In 1927 het hy vyf morg van mevrou Maria van Drimmelen se plaas op Boekenhoutskloof gekoop, 16 km wes van Pretoria, en daarop 'n huis laat bou, terwyl hy en sy vrou weer vier maande by Maria op haar plaas ingewoon het. Na verluid het sy vrou daar met hoenders geboer. Hy het 'n klein tweedehandse outomobiel gekoop en daeliks na sy werk in Pretoria gery.

In 1937 aanvaar hy 'n seniorpos in die hoofposkantoor te Durban, die erf en huis by Hornsnek word verkoop en hy verhuis met sy vrou na Durban. Hy het 'n erf in Queenswood, 'n voorstad van Durban, gekoop digby 'n spoorwegstasie, en daar 'n huis laat bou. Per trein het hy na die poskantoor gependel. Tydens die Tweede Wêreldoorlog werk hy vanweë sy talekennis as sensor in die hoofposkantoor van Durban. Käthie het aan bronkitis en asma gely en is daaraan op 17 Maart 1949 in 'n plaaslike hospitaal oorlede. Na sy aftrede het hy sy huis en boedel verkoop en gaan woon by vroeëre bure, Burger gehete, op die skiereiland Bluff in Durban, agt-en-'n-halfjaar. Hy het verlang na sy enigste seun Carl wat met Annatjie Berkhouw getroud was en in Nederland woon. Die Burgers het sy reis gereël en hy het in September 1952 na Nederland geëmigreer. Na 'n verblyf van een maand by sy kinders in Leidschendam by Den Haag het hy in 'n ouetehuis ingetrok. Daar is hy 83 jaar oud op 2 Maart 1955 oorlede.

Hy was 'n regskape, skrandere en bekwame man met 'n hartlike verhouding tot sy familie. Sy devies was: Be a good man and God will be good to you. Hy het veel van musiek gehou, met Käthie graag opera's gesien en viool en kitaar gespeel en daarby gesing.

Willem van Drimmelen, 1877-1948

Willem is gebore in Tegal op Java en vernoem na koning Willem III van Nederland. Hy was ses jaar jonger as Pieter, die latere predikant in Transvaal. Sy handvaardigheid was sy grootste bate. Hy was 'n goeie leerling-horlosiemaker en musikant. By die oorlyde van sy vader Govert Cornelis in 1896 was hy 19 jaar oud en nog in die ouerhuis. Sy broer Nicolaas het toe gesinshoof geword en gereël dat Willem in 1897 as aspirant-onderwyser na Transvaal gaan om vir sy eie onderhoud te sorg. Hy het net soos Pieter 'n pos as plaasonderwyser redelik digby Pieter se woonplek gekry.

Die twee jong onderwysers uit Nederland was in die jare voor die oorlog 1899-1902 baie gewild as musikante by huwelike, nuwejaarspartye en ander feeste. Altwee was

uitstekende klavierspelers danksy hul vader se wens dat sy seuns moes leer om verskillende instrumente te bespeel; volgens die familie-oorlewering moes hulle bowendien 'n ambag leer. Willem se ambag was soos berig, horlosiemaker. Nicolaas het klavierstemmer geword en Pieter skoenhersteller.

Pieter en Willem het bekend geword in die omgewing van Greylingstad by Heidelberg, Standerton, Morgenzon, Bethal en Middelburg. Toe Pieter se seun Govert as veearts in 1937-38 in Oos-Transvaal praktiseer, het boere in die streek Pieter en Willem as musikante nog onthou. Willem het uitgeblink op die huis-traporrel en met die cornet-a-pistons en Pieter met die viool. Willem het in sy vrye tyd verfwerk gedoen, meubels herstel en uurwerke gerepareer. Intussen het hy met buitemurse studie die diploma van derde-klas-onderwyser behaal. Saam met Pieter het hy in 1899 op kommando gegaan, nie as lid van die Hollanderkorps nie, maar van 'n burgerkommando. Van hul krygsbedrywe is niks met sekerheid bekend. Hulle het as bitterreinders tot die Vrede van Vereeniging in die veld gebly. Volgens die familie-oorlewering was Willem 'n moedige verkenner en het Pieter uitstekend godsdiensoefeninge vir kommando's gelei. Willem sou eens aan gevangename ontkom het deur hom as vrou te verklee en op die akker te skoffel. Hulle het in Junie 1902 die wapens neergelê op die plaas Leeukraal by Standerton.

Willem het na die oorlog weer onderwyser geword, onder meer op die plaas Vekraal by Haenertsburg en Kalkbult in die Springbokvlakte. Aldaar gevestig het hy Pieter wat destyds (1907-14) predikant te Zeerust was, 'n jaar in 1908 as penningmeester van die kerkraad bygestaan. Hy is in 1912 getroud met Frankie Schmidt van Tuinplaats in Transvaal. Hulle het twee seuns gekry, Govert Cornelis en Johan Christiaan wat ook 'n bekwame nageslag in Suid-Afrika agtergelaat het.

Willem het as plattelandsonderwyser meermale verhuis. Hy het tydens sy verblyf op Vekraal klas gegee te Naebertsburg in Noord-Transvaal in 'n skool met drie klaskamers en daarna op Boekenhoutkloof by Hornsnek in 1923-30. Hy het grond op die plaas Boekenhoutskloof gekoop en daar met sy gesin naby sy skool gewoon. Hy het sy skoonsuster Maria van Drimmelen oorreed om grond langs die plaas te koop, haar met haar kinders daar te vestig en met hoenders, groente en vrugte te boer. In 1930 moes hy die plaas verlaat toe hy onderwyser in die Danie Malanskool op Kameeldrift in Pretoria-Noord word. Hy en sy eggenote het hulle na sy aftrede op Springs gevestig. Soos voorheen het hy sy inkomste aangevul deur onderhouss- en verfwerk in huise te verrig. Hy is 71 jaar oud op Springs in 1948 oorlede en daar begrawe.

Anna Adriana van Drimmelen

Die bande tussen die talryke lede van die familie Van Drimmelen het meestal heg gebly. Dit blyk onder meer uit die vestiging van vier kinders van Govert Cornelis (1826-1896) in Suid-Afrika. Na Pieter in 1896 het ook sy broers Willem (1897) en Nicolaas (1924) en sy suster Anna (1911) na

Transvaal geëmigreer. Hulle het mekaar ook in Suid-Afrika trou bygestaan.

Anna Adriana is gebore in Rotterdam op 1 November 1883 as jongste kind en enigste dogter van Govert Cornelis en Petronella van Drimmelen. Sy het vir sover bekend geen vakopleiding ontvang nie en is in Nederland nie getroud nie. Sy het in die ouerhuis gebly en is deur haar broer Nicolaas geldelik ondersteun na die oorlyde van hul ouers. Sy was mooi en het 'n innemende karakter, 'n helder verstand en veel takt besit. Dit is dan ook verklaarbaar dat ds. Pieter van Drimmelen haar in 1911 gevra het om na die pastorie in Zeerust te kom en sy vrou te help in die huishouding en met die opvoeding van hul kinders. Sy het in 1911 gekom en Maria van Drimmelen ook gehelp met die organisasie van basaars in die gemeente en veel bygedra tot die opvoeding, dissipline en goeie maniere van die kinders, wie se aantal in 1918 tot vyf toegeneem het.

Sy het in 1914 baie siek aan tifus geword, sodat mevrou van Drimmelen 'n verpleegster met Nederlandse opleiding, mej. Melissen, uit Pretoria laat kom het om haar te verpleeg. Tydens haar siekte het ds. Pieter 'n beroep na Zoutpansberg aangeneem en 'n tydjie sonder sy gesin in 'n uiterst sober gemeubileerde kamer in Pietersburg gebly, totdat Anna herstel het en die gesin in die pastorie te Pietersburg kon intrek. Die gemeente Zoutpansberg was uitgestreker en armer as die gemeente Marico-Zeerust, ds. Van Drimmelen was dikwels van huis en sy vrou moes dan vir hom in die gemeentewerk byspring. Daarom het Anna se hulp vir hulle van groot waarde gebly.

Toe het mnr. Remmers, 'n gebore Nederlander in Pietersburg, Anna gesmeek om hom te help met die versorging van sy eggenote en oudste seun wat albei invalide en in 'n rystoel was, en van twee jongere kinders. Die vier oudste kinders Van Drimmelen was toe redelik selfstandig en hul moeder het Anna oorreed om Remmers te help. Toe die invalides 'n paar jaar later oorlede is, het Remmers Anna ten huwelik gevra. Dit was in 1919. Sy het ingewillig. Hulle het geen kinders gekry nie en in 1927 het hulle na Kaapstad verhuis, vermoedelik toe hy afgetree het. Hy het daar gesterf. Anna is daar in 1962 oorlede. Die kinders Van Drimmelen het haar besoek en altyd in ere gehou.

Die Ds. Pieter van Drimmelen-Fonds

Om die nagedagtenis van die te vroeg in Angola oorlede predikant en vader te eer het prof. Govert Van Drimmelen, sy oudste seun, en dié se seun dr. Pieter van Drimmelen op 26 Januarie 1978 die Ds. Pieter van Drimmelen-Fonds gestig. Dit word beheer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns te Pretoria en het as doel die bevordering van die Afrikanertaal en -kultuur op die gebied van die Christelike godsdiens. Die bevordering daarvan was een van ds. Pieter se lewendsoeleindes. Die Akademiebestuur ken jaarliks uit die opbrengs van die Fonds 'n goue medalje en 'n prys in geld

toe. Die skenkers van die Fonds het daarin geen seggenskap nie.

Sedert die stigting van die Fonds het vooraanstaande teoloë, skrywers en instellings in Suid-Afrika die onderskeiding ontvang. Prof. G.C. (Gawie) Celliers van Stellenbosch was as samesteller van die Koraalboek die eerste ontvanger van die prys. In 1984 het ds. G. van der Merwe vir die Bybelgenootskap van Suid-Afrika die prys ontvang.

Aanvulling

Daar is twee verskillende familie-oorlewering betrekende die jeugjare van Govert Cornelis van Drimmelen, 1826-1896, beide meegedeel deur mevrou Lucie Heymans gebore Van Drimmelen.

Die een oorlewing verhaal dat sy vader Govert, 1798-1889, soos lede van sy voorgeslag skipper (kaptein) van 'n "beurtschip" (lynboot) tussen Willemstad in Wes-Noord-Brabant en Rotterdam was, dat sy oudste seun Govert Cornelis by sy vader aan boord gevaaer het, maar 'n ander loopbaan verkies en leerling-boekhouer by 'n jutekoopman in Liverpool geword het; hy het vandaar na die Verenigde State, Australië en Oos-Indië geëmigreer.

Die ander familie-oorlewing verhaal dat Govert van Drimmelen te Klundert by Willemstad jutesakke gemaak het vir verhuur en verkoop en later meekrap (grondstof vir bereiding van rooi verf) van plaaslike boere gekoop en verkoop het totdat die gebruik van chemies vervaardigde verf meekrap uitgeskakel het. Govert Cornelis het eers by sy vader in Klundert gewerk en daarna in diens van 'n jutekoopman in Liverpool getree; uit Liverpool emigreer hy na die VSA. Ek vermoed dat die jutekoopman in Liverpool 'n sakerelasie van Govert was. Die tweede oorlewing pas goed by die mededeling van mnr. L.A. van Suylekom te Drimmelen, Nederland, aan my dat 'n sekere Govert Klaase van Drimmelen - m.i. moontlik die vader van Govert, in 1757 en 1781 te Klundert woon. Ek dink dat die tweede oorlewing die juiste is.

Verwysing

- 1) Makassar, nou Ujung Pandang genoem, is die grootste stad op Celebes, nou Sulawesi genoem. Van Makassar is in Hollands-Afrikaans en Nederlands afgelei "makassar" en "antimakassar"; dit is 'n lap wat op die rugleuning en/of armleunings van leunstoelle gelê word om hulle te beskerm teen bevlaking van makassarolie, dit was 'n soort haarolie wat in die 19de eeu veel gebruik is. Makassar is ook die naam van 'n Kleurlingvoorstad by Kaapstad.
- 2) Kyk die artikel van C. de Jong, "Lewenskets van ds. Pieter van Drimmelen, 1873-1919, (I)", in "Pretoriania" no. 104, Maart 1994, p.45.
- 3) Kyk die artikel van C. de Jong, "Lewenskets van ds. Pieter van Drimmelen, 1873-1919, (II), Besoek aan Angola en lewenseinde", in "Pretoriania" no. 105, September 1994, p.35-55.
- 4) Carl het offisier by die Stoomvaartdienst van die Nederlandse Marine geword, 'n betrekking aan land gesoek en is tot inspekteur by die Riksverzekeringsdienst te Zwolle benoem. Hy is in 1937 as hoofreferendaris by die Ministerie van Marine in Den Haag aangestel en het daarna met pensioen gegaan. Hy is op 31 Mei 1968 oorlede.

Carl van Drimmelen en Annetje Berkhout het 'n dogter gekry en na haar grootmoeder Katharina, verkort tot Käthie, genoem. Volgens haar mededeling het sy die gymnasium in Zwolle en die huishoudskool in Den Haag besoek en teologie in die Rijksuniversiteit van Leiden gestudeer. Sy was tydens die Tweede Wêreldoorlog hulppredikster in 'n paar gemeentes in Nederland en het kort na die oorlog 'n jaar in Engelnd deurgebring. Sy het in 1947 'n beroep na die dorp Ureterp in die gemeente Ureterp-Siegerswoude van die Nederlands Hervormde Kerk in die provinsie Friesland aangeneem. Haar ouers het haar intreepreek bygewoon as lidmaat van die Nederlands Hervormde Kerk. As vrou kon sy nog nie amptelik predikant wees nie en sy was vicaris, dit is waarnemende predikante. Van 1954 tot 1964 was sy direkteur van die Hervormd Provinciaal Vormingscentrum "Den Alerdinck" in Laag-Zuthen en in 1964-66 hospitaalpredikante in die Diakonessenhospitaal te Leeuwarden. In dié jare is die kerkorde van die Hervormde Kerk so gewysig dat sy amptelik as predikante bevestig kon word. In 1966-68 was sy sekretaris vir studie en vorming by die World Council of Christian Education te Genève en in 1968-77 leier van 'n interkerklike projek te Wenen vir kontak met die kerke in kommunistiese geregeerde lande in Oos-Europa. Sy het in 1977 afgetree en haar gevestig in Hardenberg. Sy was nog enkele jare dosente in godsdienst in 'n middelbare skool en deeltydsw predikante in Emmen.



Proponent Pieter van Drimmelen en sy verloofde Maria Elizabetha Gastmann by hul verlowing in 1906

Foto familie Van Drimmelen,
gemaak deur Emile Bienbar, Den Haag




Regter Albert Ludwig Eduard Gastmann, vader van Maria van Drimmelen gebore Gastmann en skoonvader van Ds. Pieter van Drimmelen

Foto in besit van Govert C. van Drimmelen te Pretoria




Mevrou Quirine Magtilda Wickers, tweede eggenote van Albert Gastmann en stiefmoeder van Mevrou Maria van Drimmelen gebore Gastmann

Foto familie Van Drimmelen



Die gesin van wyle Ds. Pieter van Drimmelen in Pretoria omstreeks 1922. Van links na regs:
Pieter van Drimmelen junior - Lucie Louise Mathilde - Govert Cornelis - Frederik Willem - Maria
Elizabetha van Drimmelen gebore Gastmann - Albert Ludwig Eduard.

Die fotograaf was 'n Nederlandse immigrant,
gevestig aan die Marktstraat, Pretoria-Sentraal.



Van links na regs Mevrou Katharina (Käthie) van Drimmelen gebore Dürmaier - Carl (staande), seun van haar en Nicolaas van Drimmelen - Nicolaas van Drimmelen, ouere broer van Ds. Pieter van Drimmelen

Foto familie Van Drimmelen

Anna Adriana van Drimmelen, 1883-19..., enigste suster van Ds. Pieter van Drimmelen, op die leeftyd van 18 jaar

Foto familie Van Drimmelen



FANIE ELOFF SE BEELD VAN DIE GEES VAN SPORT

Sedert 1936 pryk 'n standbeeld van die bekende beeldhouer Fanie Eloff by die Loftus Versfeld (met 'n letter f) Stadion in Pretoria, voorheen die Oostelike Sportgronde van Pretoria genoem. Die kunswerk stel 'n sportbeoefenaar voor en heet "Gees van Sport" as 'n soort samevatting van uiteenlopende sportsoorte. Die beeld trek egter min aandag, is by die publiek min bekend en kom kenlik nie tot sy reg nie, miskien omdat daar te min ruimte rondom die beeld is. Daarom is 'n komitee aangewys deur die Departement Kultuur en Rekreasie van die Pretoriase Stadsraad om na te gaan of verskuiwing van die beeld na die Pilditch Atletiek Stadion in Pretoria-Wes sinvol sou wees. Onder die komiteelede is die voorsitter van die Pretoriase Historiese Vereniging alias Genootskap Oud-Pretoria, Dr. N.A. Coetzee, en die ondervoorsitter daarvan, mnr. Willem J. Punt. Die komitee het op sy vergadering op 27 Oktober 1994 ooreen gestem dat daar meriete in die verskuiwing van die beeld is, mits drie voorwaardes vervul sal word, en sal dit aan die Departement rapporteer.

Stadsraadslid H.P. Laubscher het op 15 Desember 1993 die onderstaande memorandum aan mnr. Mark Theron, Uitvoerende Direkteur Kultuur en Rekreasie, oor die beeld van Fanie Eloff gestuur.

"Geagte mnr Theron

Eloffpark: Gees van Sport

3. Die historiese agtergrond'

3.1 Die Stadsraad van Pretoria het op sy vergadering van 19 Oktober 1911 die terrein tot die beskikking van sport gestel. Die datum kan dus aanvaar word as die datum waarop die eerste naamverandering van Oostelike Meent na Oostelike Sportgronde plaasgevind het. Die Oostelike Meent het in 1889 tot stand gekom toe 'n hof na 'n stryd oor eiendomsreg tussen E.P.A. (Eddie) Meintjes van Arcadia, Jimmy Mears van Sunnyside en P.J. Kotze van Brooklyn beslis het dat die stuk grond as uitvalgrond beskou moet word en na die staat moet terug val om gebruik te word as uitspanggrond vir besoekers en as gesamentlike weiding vir die diere van die inwoners van Sunnyside. Die grond was aanvanklik 86 morg 448 vk roede groot. Op die grond is later die kampus van UP wes van Roperstraat, Pretoria Boy's High School en die Oostelike Sportgronde uitgelê. Tussen 1904 en 1911 is daar in 'n stadium gepoog om 'n gholfbaan op die deel van die grond wes van die Delagoabaai-spoorlyn, wat die grond in twee gesny het, uit te lê. Die klub, die Sunnyside Gholfklub onder die leiding van Sir Richard Solomon, het egter doodgeloop toe die Pretoria Buiteklub in 1909 onder die leiding van Sir Julius Jeppe gevestig is.

3.2 Die laning bome is in 1912 uitgelê om 'n eenheid te vorm met die Ou Letteregebou wat in 1910 gebou is. Die plan was

dat die laning van die gebou tot in Parkstraat (ongeveer die hoek van Park- en Kirknessstrate) sou gaan. Hiermee is ook groot teenspoed ondervind. Aanvanklik is op aanbeveling van die Departement van Bosbou Eucalyptus Viminalis aangeplant. Teen 1924 was die meeste van die bome al dood. Daar is toe aanbeveel dat die buitekant van die laning met Eucalyptus Polyanthemos herplant word en die binnekant met Pinus Longifolia.

3.3 Die beeld is deur Fanie Eloff, 'n kleinseun van Paul Kruger, in Suid-Afrika tydens een van sy sporadiese besoek geskep. Dit is hierna vir hom deur Alexis Rudier in Parys, Frankryk, gegiet. Eloff het die beeld toe in 1929 in Johannesburg uitgestal tydens 'n gesamentlike uitstalling met die skilder J.H. Pierneef. Dr. F.V. Engelenburg, die redakteur van "Die Volkstem" en weergaloze kultuurmens, het die Gees van Sport beskou as Eloff se Magnus Opus. Weens die monumentale omvang van die werk was dit uit die staanspoor duidelik dat die beeld slegs in 'n nasionale versameling gehuisves sou kon word.

Engelenburg wat, teen die algemene opvatting van sy tyd in, Eloff as 'n brillante kunstenaar beskou het, wou dat die beeld deur die Stadsraad van Pretoria aangekoop word. Engelenburg was 'n man met baie invloed in die hoofstad. Eloff wou £500 vir die werk gehad het. Dit was egter die begin van die resessie en die raad het gewik en geweeg. 'n Kort aanhaling uit die debat in die Raad op 29 Mei 1929 gee 'n indruk oor die gevoel.

Rdl. Patmore: Daar is mense wat in die stad verhonger en nou wil die raad vir hulle die spreekwoordelike klip gee.

Rdl. Dey: Nee dis brons.

Rdl. Patmore: Nou, dis nog erger. As mnr. Eloff sou weet dat die beeld £500 kos terwyl die mense in die stad verhonger draai hy in sy graf om.

Rdl. Dey: Maar mnr. Eloff leef nog.

Rdl. Patmore: Dan is dit nog erger.

Die raad het tog met 8 stemme teen 4 besluit om die beeld te koop. Engelenburg was verheug, maar die Raad se probleme het nou eers begin. 'n Storm van kritiek het oor die raadslede se koppe losgebars. Dit was veral die naaktheid van die beeld wat vir baie konserwatiewe Pretorianers onaanvaarbaar was.

Die Stadsraad het toe 'n baie eienaardige ding gedoen. Hulle het vir Eloff sy £500 gegee, maar niks gedoen om die beeld in ontvangst te neem nie. Die kunstenaar, wat verlangend was om terug te kom in Parys, het die beeld toe by die huis van sy suster in Parkstraat laat aflaai. Sy suster, mev. Gezina van der Merwe, het in die huis in Parkstraat gebly wat

vandag die Gerhard Moerdyk Restaurant huisves. In die huis se tuin het die beeld tot 1935 gestaan.

Na haar, mev. Van der Merwe, se dood wou die nuwe eienaars nie die beeld langer oppas nie. Familie-oorlewering wil dit hê dat die nuwe eienaar se kinders by die skool gespot is oor die kaal man in hul tuin! (Bron: Die staatsheraldikus, mnr. Brunell. Sy skoonouers was die nuwe intrekkers en sy vrou was die een met wie die spot gedryf is.)

Teen 1936 het die storm oor die beeld al effens oorgewaai en gedagting aan sy naam, en ook weens die gerieflike ligging teenoor die huis, is die beeld toe by die hoofingang van die Oostelike Sportgronde geplaas. Ongelukkig het die Raad toe 'n bronsplaat met die verkeerde inligting aan die beeld se voetstuk vasgemaak [Eloff: 1936 (sic)].

Die Oostelike Sportgronde het in daardie stadium rugby, krieket, tennis, rolbal en krouknie gehuisves. In 1938 het Noord-Transvaal Rugbyunie tot stand gekom en met die ontwikkeling van Loftus Versfeld deur die jare en veral sedert 1977 is die ander sportsoorte almal uitgeboer en staan die beeld nou in die agterplaas van die beroemde rugbystadion.

Eloff is op 20 November 1947 in Pretoria oorlede. Die Stadsraad het toe 'n aanbod om al die werke uit sy boedel vir £7000 aan te koop van die hand gewys. Slegs 'n borsbeeld van pres. M.T. Steyn en die beeldjie die Russiese Balletdanser is wel aangekoop.

4. Die Gees van Sport in 'n Pretoria perspektief

Pretoria is besonder gelukkig dat hy monumentale werke van al Suid-Afrika se belangrikste beeldhouers besit. Van Anton van Wouw is daar die Kruger-beeld op Kerkplein, van Moses Kotler is daar pres. Burgers in Burgerspark en van Coert Steynberg is daar pres. M.W. Pretorius voor die Stadsaal saam met sy twee ruiterbeelde - Andries Pretorius by die stadsaal en genl. Louis Botha by die Uniegebou.

Saam met genoemde werke vorm die Eloff-beeld 'n belangrike kultuurhistoriese kunssetting. Dit is dus belangrik dat die beeld op die regte plek moet staan. Waar hy tans staan, is hy deur die Stadsraad in 1936 uit moedeloosheid geplaas. Met die oog op die Rugby-Wêreldbeker wat in 1995 ook in Pretoria plaasvind kan daar dalk met Noord-Transvaal rugbyunie onderhandel word of die beeld nie by die hoofingang van Loftus Versfeld geplaas moet word nie. Dit sou die beeld minstens weer die funksie laat vervul wat die Stadsraad in 1936 aan hom toegeken het. Dit is maar net 'n moontlikheid.


(Ek het die name van Danie de Jager en Phil Minnaar doelbewus uitgelaat by SA se belangrikste beeldhouers omdat altwee nog leef.)

5. Afsluiting

Alhoewel ek besef dat dit die maklikste en goedkoopste is om net nijs met die beeld te doen nie en hom te laat waar hy is, is ek oortuig dat dit nie in kultuurhistoriese belang is nie. Moet u asseblief nie laat mislei deur kultuurhistoriese dwaalleraars nie.

Jammer vir die lang brief, maar ek wou u die agtergrond volledig laat bekom. Mag ek u en u personeel 'n baie vreugdevolle en uitdagende 1994 toewens.

**Ek bly
U dienswillige dienaar
w.g H.P. Laubscher"**



Beeld van Fanie Eloff, genaam "Gees van Sport" (Spirit of Sport) in die palmetuin naby Loftus Versfeld Stadion, vroeër die Oostelike Sportveld. Die beeld is in brons gegiet deur Alexis Budier te Parys in Frankryk en in 1936 opgerig. Die uitgebeeldte atleet is m.i. vermoedelik 'n speerwerper of koeëlwerper, gesien die stand van die regterarm en regterhand, en geen abstrakte beeld nie. Ook die voetstuk is besonder mooi van vorm.

Foto in "Eeuvees Album van Pretoria, 1855-1955", waarop die palme die beeld nog nie so oorskadu as nou die geval is nie.

DIE PRETORIA-ZOUTPAN EN DIE ONTSTAAN DAARVAN

deur C de Jong

Ongeveer 45 kilometer noordoos van die Kerkplein in Pretoria-Sentraal lê die Zoutpan. Dit is 'n merkwaardige natuurverskynsel en reeds vroeg het reisigers in Transvaal daaroor berig. Dit is 'n sirkelvormige krater, waarvan die rand ruim 30 meter bo die gelyk veld en ongeveer 100 meter bo die vloer van die krater oprys. Op die bodem van die krater is 'n soutmeer. In droë tye word dit deur 'n krans van wit sout en soda, namate die water verdamp, omring.

Een van die eerste berigte oor die natuurverskynsel is van Friedrich Heinrich Jeppe in 1868. Die vertaling van sy berig lui: "Die soutpan aan die linkerkant van die pad (van Pretoria na Waterberg) maak 'n merkwaardige indruk. 'n Mens sien van ver slegs 'n paar uiteenliggende koppies, maar op die top daarvan aangekom boei 'n wonderlike gesig die oog van die reisiger. Meer as duisend voet laer strek 'n groot meer hom uit, rondom ingesluit deur hoë, fantastiese rotse wat begroei is met struiken wat hulle in die stil water van die meer weerspieël. Die water is in die middel donker, maar word na die oewers gaandeweg lichter sodat dit uitloop in 'n verblindende wit kring van soutkristalle wat in die sonskyn soos ys glinster. Die pad wat van die steil helling na die vlak van die meer kronkel, lyk só gevaaarlik dat 'n mens aan die begin daarvan sou twyfel of dit met 'n wa en osse berybaar is, indien hy nie diep benede onder hom mense besig sou sien wat sout op 'n wa laai nie. Benede aan die rand van die meer aangekom, sien 'n mens dat die water 'n rooi kleur het; die sout lê in groot kubiese kristalle op die bodem van die meer wat in die middel nie dieper as twee voet skyn te wees nie. Die water bevat bromium en jodium asook salpeter, soda en kalk en sou teoordeel na die bestanddele 'n uitstekende geneesmiddel teen alle velsiektes kon wees, miskien beter as die gebruik van die beroemdste Duitse badplase wat jaarliks deur duisenddes besoek word. Hierdie meer skyn bo 'n personke vulkaan ontstaan te wees, want die hele streek rondom dui vulkaniese oorsprong aan."¹⁾

Ook Percy A. Wagner, geoloog by die Staatsdepartement van Mynwese en skrywer van die deeglike verhandeling "The Pretoria Saltpan, A soda caldera" (Pretoria, 1922), begin sy nugtere wetenskaplike beskouings met romantiese indrukke van die Zoutpan. Hy skryf: "Presenting no unusual feature from a distance, the ridge to the surprise of the stranger is found on approach to be almost perfectly ring-shaped and to enclose a great, flat-bottomed amphitheatrical depression, the floor of which, generally covered in its outer portion by a dazzling white saline incrustation, lies mostly 200 feet below the average level of the surrounding country... The dark pool with its broad white border, in their unique setting, makes a most striking picture and one not easily effaced from the memory. The view is perhaps most impressive by moonlight when the sombre shadows cast on the salt-

bush-clad crags above produce a most weird effect."²⁾ Vir Wagner is die Zoutpan dus "a haunted place". Louis Leipoldt beskryf dié geheimsinnige sfeer in sy gedig "Die soutpan" oor 'n ander soutpan.³⁾

Jan C. Smuts noem in sy oorlogsherinneringe die Pretoria-Zoutpan "that yet unexplained natural wonder the Salt-pan"⁴⁾. Smuts verwys na die ontstaan van die krater. Daar is vanouds twee verklarings van die ontstaan, die vulkaanteorie en die meteorietteorie. Eersgenoemde is gehuldig deur die belangrike Suid-Afrikaanse geoloog prof A.L. du Toit, onder meer in sy boek "Geology of South Africa". Die krater, weens sy vulkaniese oorsprong "caldeira" (Portugees vir ketel) genoem, sou in die Krytijd (laat Tertiér) of die Kwartér ongeveer 200 000 jaar gelede ontstaan het. Weens die ontbreek van lawa en ander bestanddele uit onderaardse magma afkoms-tig, is as oorsprong die ontploffing of ontploffings van 'n onderaardse gasbel, miskien van stoom, aangeneem. Wagner skryf op p.20 van sy boek oor die Zoutpan: "... we have to do with a volcano of the explosive or phreatic type ... formed by one or more tremendous explosions, apparently unaccompanied by the extrusion of lava or other magmatic material." Hy verwys in 'n voetnoot na 'n parallel, die uitbarsting van die vulkaan Kobindrai in Japan kort voor 1890, toegeskryf aan ophoping van stoom, waarby die vulkaan se top weggeblaas is.⁵⁾

Omstreeks 1990 het geoloë van die Universiteit van die Witwatersrand die vulkaanteorie verworp en vervang deur 'n ander, voorheen geopperde teorie. Dit skryf die krater toe aan die inslaan van 'n reuse meteoriet. Dit is merkwaardig dat van die meteoriet geen oorblyfsel gevind is nie, ondanks borings in die kraterbodem wat deur die geoloë verrig is. Die meteoriet sou uit mekaar gespat en/of geheel verbrand het. Van talle ander meteoriete het egter reste agtergebley, byvoorbeeld die reuse ding wat in Ovamboland geland het, en die heilige klip in die groot moskee te Mekka. Ek het verskeie meteoriete gesien in die American Museum of Natural History in Nieu-York, onder meer die van 15½ ton, in 1906 uit Oregon oorgebring.

Meteoriete het 'n samestelling wat heel veel kan uiteenloop en varieer van baie soliede stof tot gasvormige substansie. Die samestelling van die meteoriet van die Pretoria-Zoutpan was sodanig dat daarvan geen oorblyfsels gevind is, lui die tans geldende verklaring.

In die jongste paar jare vind die meteorietteorie oor die wêreld veel meer aanhangars as voorheen. In Suid-Afrika is daar ook kraters by Kalkkop (Oos-Kaap) en by Vredefort in die Vrystaat. Het ook hulle ontstaan deur inslag van meteo-riete? Dit lyk of Suid-Afrika dikwels vanuit die hemelruimte gebombardeer is.

Besoek aan die Zoutpan

My eerste besoek aan die Zoutpan dateer van Augustus 1971. In die somer is die temperatuur binne die krater so

hoog dat ek besoekie in die winter verkies. My seuns Robert en Frans het my vergesel. In Oktober 1971 het ek 'n uitstappie deur die afdeling Pretoria van die Stigting Simon van der Stel na die Zoutpan georganiseer. Dit was die eerste busuitstappie wat deur die afdeling onderneem is. Op kort afstand van die krater het toe nog 'n spookdorp (ghost town) orent gestaan. Dit was oorblyfsels van die sout- en sodafabriek wat in 1956 stilgelê is, bestaande uit pompinstallasies en gemesselde bakke vir verdamping van sout- of soda-oplossings wat uit die meer deur buise opgepomp is, asook wonings van werknemers waarvan slegs die mure te sien was - die dakke en inwendige was reeds verwyn. Die direkteurswoning was kenbaar aan die grootte en breete veranda. Later is al die reste platgeslaan. Heroprigting sal te duur wees en teveel vandale aanlok. My amateurfoto's van die omgewing het nou historiese waarde.

Ons kon in 1971 nie vermoed dat Staatsdepartemente in Pretoria die Zoutpan en omgewing sou oordra aan die Nasionale Kultuurhistoriese Museum en dat die direkteur my seun Robert as 'n vakkundige beampete sou opdra om die Zoutpan en omgewing, Tswaing genoem, te ontwikkel tot 'n museumprojek vir natuur- en kultuurhistoriese omgewingsbewaring en toeristiese besienswaardigheid. Hy is ook die aangewese persoon om besoekers daar rond te lei en oor die aardrykskunde en geskiedenis van die plek in te lig.

Verwysings

- 1) Oorspronklike teks: F.H. Jeppe, "Die Transvaalsche oder Süd-Afrikaansche Republiek", Petermann's Geographische Mittheilungen, Justus Perthes, Gotha 1868; vertaal deur C. de Jong en gepubliseer in "Pretoriania, Tydskrif van die Pretoriase Historiese Vereniging alias Genootskap Oud-Pretoria", no. 101, Augustus 1992, p.27.
- 2) Percy A. Wagner, "The Pretoria Salt-pan, A soda caldera", Government Printer and Stationery, Pretoria 1922, p.9.
- 3) C. Louis Leipoldt, "Die soutpan", sonnet in "Oom Gert vertel en ander gedigte", J.H. de Bussy, Pretoria, en HAUM, Kaapstad, 1926.
- 4) Jan C. Smuts, "Memoirs of the Boer War", in W.K. Hancock and Jean van der Fyld, eds., "Selections from the Smuts papers", volume I, Cambridge University Press, 1966, p.573.
- 5) Percy A. Wagner, "The Pretoria Salt-pan" t.a.p., p.20.

Literatuur

R.F. Fuggle, "Guide Book for a field trip to the Pretoria Salt Pan"; Geography Department, University of South Africa, 1967, 17 pp.

C. de Jong, "Spookdorp bij de Zoutpan"; in "Nieuws uit Zuid-Afrika", 11de jaargang nr. 11, Pretoria-Den Haag, April 1972, p.11-13.

Lester C. King, "South African scenery, A testbook of geomorphology", 3rd ed., Oliver and Boyd, Edinburgh and London, 1967, p.138.

H. Kynaston et al., "The geology of the country surrounding Pretoria, Map sheet No. 1 and explanation (New Series)", Geological Survey, Pretoria 1929.

Alexander Louis du Toit, "The geology of South Africa", 3rd ed.; Oliver and Boyd, Edinburgh and London, 1966, p.427-428.

Vleisboerdery volgens die Soutpanstelsel, saamgestel deur die Transvaalstreek van die Departement Landbou-tegniese Dienste, Staatsdrukker Pretoria, 1975, 52 pp. - hierin o.m. D.J.L. Visser, "Die Pretoria-soutpan as geologiese verskynsel", p.2-6.


P.J. Hugo, ed., "Salt in the Republic of South Africa", revised and condensed by U. Keyser; Government Printer, Pretoria, 1974, p.40-41.

F.J. Potgieter, "Die vestiging van die Blanke in Transvaal (1837-1886), met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing"; Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, 21ste jaargang, deel 2, 1958, Elsiesrivier (Kaapstad) 1959, p.89-90, 149-150 (in noot 162 op p.149 moet ons p.376 in plaas van p.276 lees).

C. de Jong, "Die soutpan by Pretoria", in "Restorica", Bulletin van die Stigting Simon van der Stel, jaargang 19 no. 36, Augustus 1978, p.39-40.

Robert C. de Jong, "Environmental management", in "Museum Memo", National Cultural History Museum, volume 21 no. 1, Pretoria, April 1993, p.16-18.

Percy A. Wagner, "The Pretoria Salt-pan, A soda caldera", Government Printing and Stationery Office, Pretoria, 1922, 136 pp., ill.



Geologiese kaart van die Pretoria-Zoutpan, oorgeneem uit: R.F. Fugle, "Guide book for a field trip to the Pretoria Salt Pan", University of South Africa, Geography Department, Pretoria, no year (1967?), Figure 2

TSWAING, 'N UNIEKE MILJEUMUSEUM

deur Robert C. de Jong

Sowat 200 000 jaar gelede het vir die soveelste keer 'n meteoriet die aardkors getref. Dit het digby Pretoria gebeur. By die inslag het die meteoriet ontploff en 'n enorme krater gevorm, een-en-'n-halwe kilometer in deursnee en 200 meter diep. Geografies beskou is die krater ongeveer 40 km ten noordwesste van Pretoria geleë. Hierdie krater staan bekend as die Pretoria-Zoutpan. Dit is een van die jongste en bes gekonserveerde meteorietkraters in die wêreld en geniet daardeur internasionale bekendheid. Dit is ook die grootste van sy soort in Suider-Afrika en is vergelykbaar met die bekende Barringer-krater in Arizona (VSA), die Odessa-krater in Texas en die Nördlinger Ries in Noordwes-Duitsland.

Die krater van die Pretoria-Zoutpan ontleen sy benaming aan die feit dat die bodem ervan bedek word deur 'n soutmeer. Die meer word gevoed deur reënwater en ondergrondse waterare. Met die afloop van die reënwater langs die binnewande van die kraterwal kom sout (NaCl), soda (Na_2CO_3) en ander chemiese verbindinge wat uit die granietspuin geloog word, in die water. Met die verdamping van 'n deel van die kratermeer in die droë winterseisoen vorm die sout- en sodaverbindinge korsvormige afsettings aan die rand van die meer - vandaar die benaming Zoutpan. 'n Pan is 'n kringvormige depressie in die Suid-Afrikaanse landskap en dikwels 'n meer.

Ongeveer 120 000 jaar gelede is die gebied van die Pretoria-Zoutpan gereeld besoek deur nomades wat in die Steentydperk van Suid-Afrika geleef het. Hierdie mense was moontlik die voorlopers van die San (nuwe en meer aanvaarbare benaming wat Boesmans vervang). Die aantreklikhede van die gebied was aanwesigheid van voldoende eetbare veldplante, die groot aantal wild wat die Zoutpan besoek om sout te lek, en die sout uit die Zoutpan wat as smaak- en konserveermiddel gebruik is.

Vanaf die 10de eeu (nC) of moontlik selfs eerder het groepe akkerbouers behorende tot die Ysterdydperk van Suid-Afrika in die omgewing van die Pretoria-Zoutpan gewoon. Hierdie mense het waarskynlik Sotho- of Tswanatale gesprok. Die redes vir hul vestiging was (soos by die voorgaande jagtergroepe) die beskikbaarheid van water vir mens en vee, eetbare veldplante, hout vir vuurmaak en huisbou en sout uit die Zoutpan. Sout was toe nie slegs 'n smaak- en konserveermiddel nie, maar ook 'n belangrike handelsartikel. Dit is geruil vir wapens en gereedskappe van yster, sierade van metaal, vee, tekstiel en somtyds voedsel.

Die Zoutpan en sy omgewing het in die 19de eeu ook blanke handelare, reisigers, sendelinge en boere aangelok. Vestiging van blanke boere het plaasgevind in die jare 1850-59. Die Zoutpan met sy sout en soda was aanleiding vir die bestaan van 'n paar fabrieke aldaar, wat produkte soos sodas, bytsoda en growwe sout (kombuissout) op die Suid-Afrikaanse mark gebring het. Die fabriek wat die langste volgehou

het, was die South African Alkali Ltd. Dit het van 1920 tot die begin van die jare 1950-59 sy bedryf dig by die krater uitgeoefen. Die produksie is gestaak toe dit onwinstelbaar word om die southoudende sedimentlae onder die kratermeer langer te eksploteer.

In die jare 1870-79 is die huidige plaas Zoutpan opgemeeut en in kadaster gebring. In 1876 word die Transvaalse regering eienaar daarvan, waarskynlik vanweë die ekonomiese belang van die sout- en soda-afsettings. Behalwe die Pretoria-Zoutpan is die belangrikste natuurlike soutafsettings benoordre die Vaalrivier die soutpanne by Bloemhof aan die Vaalrivier en die soutpan beweeste die Zoutpansberge. Tot nou toe is die staat feitlike eienaar van die Pretoria-Zoutpan.

In 1895 is die noordoostelike deel van Zoutpan met 'n kwart van die kraterrand in 'n afsonderlike plaas, Uitspan genoem, omgesit. Soos die naam aandui, was die terrein bestem vir uitspanning of rusplek vir reisigers op die pad tussen Pretoria en Noordwes-Transvaal. Vanaf 1953 was Zoutpan 'n modelplaas vir verskillende ministeries van landbou; hulle het geëksperimenteer met die teel van Simmentaler- en Bonsmara-beeste. In 1992 is besluit om die proefplaas op te hef, hoofsaaklik om finansiële redes, maar ook weens moeilikhede as gevolg van massale vestiging aan die grense van Zoutpan, soos diefstal van vee en wild en draadheinings en die kap van bome vir brandhout.

Nasionale Kultuurhistoriese Museum neem oor

In Januarie 1993 is Zoutpan onder beheer van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria (NASKUM) geplaas. Kort daarna het die Museum met ontwikkeling van planne vir hierdie terrein begin. Allereers is met die owerheid onderhandel oor die oordrag van 'n deel van die aangrensende plaas Uitspan, waarop 'n deel van die krater lê. Die doel is om Zoutpan en Uitspan tot een museumterrein van ongeveer 2000 hektare te konsolideer.

Die Museum se uitgangspunt is dat die krater en omringende terrein ontwikkel en benut sal word as 'n so gehete miljeumuseum onder die naam Tswaing. Dit is die oorspronklike, inheemse (Tswana)naam en dit beteken plek van sout. 'n Miljeumuseum bied aan besoekers 'n geïntegreerde ervaring van geologiese, biofisiiese en kulturele milieu van 'n bepaalde plek. So sal Tswaing gebruik word as 'n miljeuhulpbron vir buitelandse en binnelandse ekotoerisme vir omgewingsopvoeding asook vir wetenskaplike ondersoek.

Tswaing is 'n politiek neutrale gemeenskapsobjek met as doel die bewaring en benutting van die natuurlike en kulturele hulpbronne van die betrokke museumterrein en die omgewing daarvan. Die hulpbronne sal ingeset word ten dienste van omgewingsopvoeding, opleiding, wetenskaplike ondersoek, toerisme en ontpansing.

So sal Tswaing die grondslag wees van 'n kernkudde van inheemse beeste, in die besonder die Ngoenibees. Die doel hiervan is om 'n vergaarbekken ("pool") van belangrike

genetiese materiaal aan te lê met die oog op verdere ontwikkeling van die teel van beeste wat die beste geskik is vir Suid-Afrikaanse omstandighede. In en rondom die krater is 'n groot verskeidenheid van plantesoorte, verteenwoordigers van sowat agt verskillende plantegemeenskappe. 'n Kwekery sal gevestig word om die aanplant van voedselbronne en plantasies vir brandhout onder die plaaslike bevolking te bevorder. Ook sal hier bepaalde plante vir medisinale gebruik gekweek word.

Met meer as 300 verskillende soorte voëls is Tswaing een van die beste plekke in die PWV-provinsie vir die bestudering van voëls. Bepaalde soorte wild soos wildebeeste, koedoes en impala's sal hier hervestig word.

Van belang is ook die kultuurgeskiedenis van Tswaing en wel die oorblyfsels van woonterreine uit die Yster tydperk en die interessante restante van die sodabedryf uit die 19de en 20ste eeu.

Soos reeds gesê, is die krater 'n plek van internasionale betekenis, 'n oopluglaboratorium vir bestudering van meteorietinslae op aarde.

Vanaf die begin van die beplanningsproses het die Museum hierdie nuwe museale onderneming as 'n gemeenskapsprojek beskou. Omringende plaaslike gemeenskappe is uitgenooi om in alle opsigte aan die projek deel te neem. Alleen daardeur sal die plaaslike bevolking mede-eienaarskap van Tswaing aanvaar. Daarsonder sal die projek min kans op sukses hê. Verteenwoordigers van plaaslike gemeenskappe word voortdurend geraadpleeg en het sitting in 'n gemeenskaplike forum en 'n aantal werkgroepes. Tswaing is 'n groen eiland in 'n see van formele en informele nedersettings met meer as 'n half miljoen inwoners, soos Mabopane (90000 mense), Soshanguwe (175000), Nuwe Eersterus (14000) en 'n aantal kleinere dorpe. Die grootste nedersettings is Winterveld aan die weskant met ongeveer 200 000 mense. Winterveld het reeds vroeg internasjonale bekendheid verwerf omdat dit een van die eerste gebiede was waar kragtens die apartheidswetgewing ongewenste "townships" by Pretoria op "kragdadige" wyse hervestig is.

'n Groot museumprojek soos Tswaing kan alleen slaag met die aktiewe medewerking en belangstelling van die belanghebbende enkelinge en groepe, in die besonder die plaaslike gemeenskappe. Voorsiening word getref dat die gemeenskappe konkreet baat by Tswaing sal ondervind. Dit kan byvoorbeeld deur die afvloei van 'n deel van die inkomste uit toerisme en ander bronne na gemeenskapsprojekte, byvoorbeeld klinieke, gemeenskapsentrumse en dergelike en die skep van werkgeleenthede, by die projek self of deur die vestiging van tuisbedrywe vir vervaardiging van tradisionele kunswerke en gebruiksvoorwerpe vir verkoop aan toeriste. Verder word die geleentheid vir omgewingsopvoeding in die vooruitsig gestel as aanvulling van die formele onderwys en die ontwikkeling van verskillende kursusse om die plaaslike bevolking in staat te stel om 'n eie sake-onderneming te begin.

Dit spreek vanself dat die Nasionale Kultuurhistoriese Museum self nie oor die geldmiddele en praktiese kennis (know how) beskik om alles alleen aan te pak nie. Tswaing is reeds

'n goeie voorbeeld van samewerking met plaaslike deskundiges op die gebied van die geologie, botanie, dierkunde, miljeu-opvoeding en natuurbehou. Finansies sal van buite aangetrek moet word, veral vanuit mynbou, industrie, handelsmaatskap-pye, stigtings en ander ondernemings in Suid-Afrika wat dit as hul sosiale verantwoordelikheid beskou om betrokke te wees by gemeenskapsprojekte soos Tswaing. Weens die unieke aard van die projek en die internasjonale bekendheid van die krater is dit moontlik om ook op internasjonale ontwikkelingsfondse 'n beroep te doen.

Tswaing is nie slegs eiendom van NASKUM en die plaaslike bevolking in die omtrek nie. Dit is 'n unieke gebied met nasionale en internasjonale betekenis en die bevolking van Suid-Afrika is dus mede-eienaar. Hopelik sal Tswaing in die toekoms 'n nasionale besienswaardigheid vir omgewings- en eko-toeriste word.

-O-

Die skrywer van bostaande artikel is werkzaam by NASKUM en vanaf die eerste begin by die Zoutpan-projek betrokke. In geval van moontlike Suid-Afrikaanse en Nederlandse betrokkenheid by Tswaing sal verdere inligting graag verstrek word.

-O-


Die bostaande artikel van Dr. Robert C. de Jong het onder die titel "Tswaing, 'n unieke milieu-museum" in Nederlands verskyn in "Zuid-Afrika, Maandblad uitgegeven door de Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland (ZASM) te Amsterdam", jaargang 71 no. 8, Augustus 1994, p.142-143. Die artikel is in Afrikaans vertaal deur C. de Jong.



Foto van die sout- en sodafabriek ,die Treatment Plant, gesien vanuit die noorde, gemaak omstreeks 1920 en oorgeneem uit die boek van Percy Wagner, "The Pretoria Salt-Pan", Pretoria 1922, teenoor p. 112.




Robert (links) en Frans (regs) de Jong met op die agtergrond die Pretoria-Zoutpan
Foto C. de Jong, Augustus 1971




Frans W. de Jong op die wand van
'n gemesselde bak vir besinking
van 'n sout- of soda-oplossing,
deel vormend van die sout- en
sodawinningsaanleg by die Preto-
ria-Zoutpan

Foto C. de Jong, Augustus 1971



Robert en Frans de Jong by die bouval van 'n personeelswoning voorheen behorende aan die South African Alkali Limited vir sout- en sodawinning uit die Pretoria-Zoutpan

Foto C. de Jong, Augustus 1971



Bouval wat deel was van die sout-en sodawinningsaanleg by die Pretoria-Zoutpan; op die agtergrond bouvalle van personeelswoningen
Foto C. de Jong, Augustus 1971

**HERDRUK VAN FEESUITGawe VIR DIE OPENING VAN DIE
DELAGOABAAL-SPOORWEG IN 1895**

Daar het 'n herdruk verskyn van 50 eksemplare van 'n feesgeskrif wat in 1895 uitgegee is by die opening van die Oosterlyn; dit is die Delagoabaaispoorweg tussen die grens van Mosambiek en Pretoria, oopgestel in Junie 1895. Die samessteller van hierdie geleenheidsuitgawe, destyds "Gedenk-boek" genoem, was Leo Weinthal, hoofredakteur van die koerant "The Press - De Pers" te Pretoria. Die titel lui: "The Delagoa Bay - Pretoria railway, The Press Gedenk-boek uitgegee ter gelegenheid der feestelike opening van den Delagoabaai-Pretoria spoorweg, Juli 1895", Pretoria 1895.

In 1995 hoop die Transvalers die opening van die Oosterlyn asook van die Suidoosterlyn - dit is die spoorweg tussen Volksrust aan die grens van Natal en Germiston - 100 jaar gelede te herdenk. Hierdie spoorweë het Transvaal met groot seehawens verbind, die Oosterlyn met Lourenço Marques (nou Maputo), die Suidoosterlyn met Durban. Hulle was van buitengewone betekenis vir die ekonomiese ontwikkeling van Transvaal. Veral die verbinding met die nie-Britse hawe Lourenço Marques, die kortste weg na die see, was 'n harte-wens van baie Transvalers. Die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) in Transvaal het in 1887 'n konses-sie aan die toe gestigte Nederlandsche Zuid-Afrikaanse Spoorweg-Maatschappij (NZASM) vir die aanleg van die Ooster-lyn verstrek.

Die publikasie van Weinthal is een van drie feesuitgawes in 1895. Dit is 'n groot boek van 25 maal 35 sentimeter met 110 bladsye, waarvan 22 met geskiedkundige teks, deur Weinthal geskryf, 50 bladsye met sake-advertensies en die orige bladsye met talle portrette in foto en tekening van leidende NZASM-personeel en Transvaalse en buitelandse hoogwaardighedsbekleders. Verskeie portrette is geteken deur Anton van Wouw.

Weinthal beskryf beknopt die Transvaalse Boere se soektog na 'n veilige, koorsvrye weg na die see en president T.F. Burgers se mislukte plan vir die aanleg van 'n staatspoorweg na Delagoabaai in 1875. Hy vervolg sy verhaal met die NZASM se aanleg van die Oosterlyn, 'n groots werk gepaard met talle moeilikhede. Sy teks is in twee kolomme gedruk, links in Nederlands, regs in Engels.

Die "Gedenk-boek" van "The Press" is baie skaars. Daarom is dit herdruk onder beskermheerskap van die Zuid-Afrikaan-sche Stichting Moederland (ZASM) te Amsterdam, die erfgename van die NZASM. Dit is bedoel as bydrae aan die herdenking in 1995. Ek het die herdruk ingelei met 'n lewenskets en portret van Weinthal. Ek het die groot formaat verklein na die handiger formaat A4 en alle advertensies oorgeneem. Adver-tensies is naamlik vir die ekonomiese geskiedenis baie waardevol, hoewel sommige van hulle in Weinthal se uitgawe 'n slechte herdruk lewer. Die herdrukte boek is voorsien van 'n ekstra slap omslag.

Belangstellendes kan die herdrukte feesuitgawe bestel deur versending van die ingevulde bestelformulier na dr. C. de Jong, Posbus 915-1394, Faerie Glen 0043, Pretoria. Die prys is R23,00, posgeld ingesluit. Die betaling kan geskied deur aanstuur van 'n tjek met die verskuldigde bedrag.

The Press Weekly.

(MAIL EDITION.)



Title-piece and date-line of the *Press Weekly*. Left: Leo Weinthal, and the second Press buildings, in Church Street East (just off Church Square).
 Uit: S.P. Engelbrecht e.a. red., "Pretoria 1855-1955"
 Stadsraad van Pretoria 1955, p. 351. Die vlæeversiering hou moontlik verband met die feestelike opening van die Oosterlyn.

**GELEENTHEIDSPUBLIKASIES BY DIE OPENING VAN DIE
OOSTERLYN IN 1895**

deur C. de Jong

Aanleg en opening van die Oosterlyn

Die onderhawige geskrif is 'n faksimileeherdruk van een van die geleenthheidspublikasies en getitel "The Delagoa Bay - Pretoria railway; The Press Gedenk-boek, uitgegee ter gelegenheid der feestelike opening van den Delagoabaai-Pretoria spoorweg, Julie 1895", te Pretoria in 1895 in Nederlands en Engels gedruk. Die heruitgawe geskied onder beskermheerskap van die Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland (ZASM) te Amsterdam. Die aanleiding vir die geleenthheidspublikasies was die opening van die spoorlyn tussen Komatipoort en Pretoria in 1895, die Delagoabaaaispoorweg of korts die Oosterlyn genoem. Die spoorlyn is aangelê en geëksploteer deur die Nederlandse Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM). Die regering van die pas herstelde Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) het in 1884 aan 'n groep pro-Boere in Nederland 'n konsessie - dit was in hierdie geval 'n alleenreg of monopolie vir spoorwegaanleg - verleen. Die hoofdoel van die konsessie was die aanleg van 'n spoorlyn tussen Komatipoort en Pretoria. Die Portugese regering sou sorg dat 'n spoorlyn van Lourenço Marques aan die Delagoabaai na die grens by Ressano Garcia teenoor Komatipoort aangelê sou word. Die twee spoorlyne tesaam sou die kortste verbinding tussen Transvaal en die see vorm en die ZAR 'n nie-Britse seehawe vry van Britse bemoeienis verskaf. Dit was 'n ou droom van Staatspresidente van die ZAR, T.F. Burgers en S.J.P. Kruger.

Die konsessiehouers het op 21 Junie 1887 te Amsterdam die NZASM gestig. Die Maatschappij het in 1895 die Oosterlyn in gebruik gestel in weerwil van buitengewone finansiële, tegniese, sanitêre, politieke en diplomatieke moeilikhede.¹⁾ Hy het in 1888-1899 ook ander hooflyne van die Transvaliese spoorwegnet aangelê. Hoewel sommige van die spoorlyne later herlê en verkort is, word talle van die NZASM-konstruksies nog na 100 jaar daeliks gebruik. Die Britse besetter van Transvaal het die eiendomme van die NZASM in 1900 in beslag geneem en verbeurd verklaar. Die NZASM se bedrywighede strek van 1887 tot 1900 en vorm 'n kort maar opmerklike hoofstuk in die geskiedenis van Suid-Afrika en Nederland. Die Nederlandse belanghebbendes by die NZASM wou demonstreer dat Nederland, hoewel op industriële en spoorweggebiede 'n laatkomer, kundige spoorwegaanlêers en -eksplorante was. Die Nederlanders het gelukkig vooraf baie ervaring met spoorwegaanleg en -bedryf in die bergland van Oos-Indië verwerf.

Op 2 November 1894 het president Kruger die laaste bout aan die Oosterlyn plegtig vasgedraai. Op 1 Januarie 1895 is die Oosterlyn in gereëlde gebruik gestel. Die feestelike opening daarvan is uitgestel tot Julie 1895, die wintertyd,

omdat dan die gevaar van maliariakoors in die Laeveld die kleinst was.

Die opening was 'n hoogtepunt in die geskiedenis van Suid-Afrika en vir president Kruger en sy aanhangars, en die pers het daaroor uitvoerig berig. Die woordvoerders van Britse immigrante en die Afrikaneropposisie teen Kruger se bewind het in die pers dikwels skerp en onbillike kritiek op die NZASM geuit omdat die NZASM die monopolie vir spoorwegaanleg en -eksploitasie besit het en omdat sy personeel tot Kruger se Hollanders behoort wie se bevoordele posisie ontstemming verwek het. Die NZASM-direksie het veel belangstelling vir sy betrekkinge met die publiek (public relations) en sy beeld in die openbare mening (public image) gehad en vriendskaplike betrekkinge met die Pretoriase koerante "The Press - De Pers" en "De Volksstem" aangeknop. Die redaksies het die Krugerbewind en die daar mee verbonde NZASM gesteun en daarvoor geldelike steun ontvang. Die hoofredakteur van "De Volksstem" was Dr. F.V. Engelenburg, gebore Nederlander. Hy het in Junie 1895 die brosjure "De Delagoabaai-spoorweg, Een terugblik" gepubliseer; dit is herpubliseer deur die Stigting Jan van Riebeeck (Suid-Afrika) te Pretoria in 1987 by die herdenking van die stigting van die NZASM 100 jaar gelede. Hoofredakteur van "The Press - Die Pers" was Leo Weinthal. Hy het in 1895 die bogenoemde "Gedenk-boek" saamgestel en laat verskyn. Die NZASM het ook 'n mooi geleentheidsgeskrif uitgegee, die "Gedenkboek uitgegeven ter gelegenheid der feestelike opening van den Delagoabaai-spoorweg".²⁾ Die direksie het kort na die likwidiasie van die Maatschappij as gevolg van onteiening deur die Britse ouoriteite, in 1909 die gedenkboek "In memoriam NZASM" uitgegee; die boek simboliseer die trots van Nederlandse belanghebbendes op die NZASM.

Die hoofredakteur van "The Press - De Pers": Leo Weinthal³⁾

Die skrywer van die geleentheidsuitgawe van "The Press - De Pers" by die opening van die Delagoabaai-spoorweg was Leo Weinthal. Hy is gebore te Graaff Reinet op 24 September 1865 en oorlede te Londen op 4 Junie 1930. Sy vader was S. Weinthal, 'n Joodse immigrant uit Duitsland en later wolhandelaar in Port Elizabeth. Leo het 'n goeie opleiding ontvang, in Hamburg vanweë die betrekking van sy ouers met Duitsland en in Port Elizabeth in die Gray Institute. Na 'n kort tyd as sakeman in Port Elizabeth het hy in 1887 na die opkomende Transvaal getrek en in 1889 fotograaf in die kantoor van die landmeter-generaal te Pretoria geword. Hy het ook in die joernalistiek gegaan en van 1888 tot 1897 as hoofagent van die persburo Reuter in Londen opgetree, asook as korresponent van die Londense koerante "The Times" en "Daily Telegraph".

Hy het sy pen ook in diens van groot sakelui in Transvaal, wat die bewind van president Kruger goed gesind was, gestel. Een van hulle, A.H. Nellmapius, het in 1889 te Pretoria 'n drukkery en twee koerante gestig, een in Nederlanders, "De Pers" gehete, en een in Engels, "The Press"

genaam. Weinthal het in 1893 hoofredakteur van die koerante geword en daarvan die uitgawe van "The Weekly Press" bygevoeg. Na Nellmapius se oorlyde in 1893 het die mynmagnaat J.B. Robinson die koerante gekoop en Weinthal opgedra om die Krugerbewind en die Nederlandse Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM) te bly steun. Hy het van dié kante geldelike steun ontvang. Leo het somtyds die ZAR-regering en die NZASM gekritiseer waar belang van die mynbousektor in die gedrang was, maar hulle meestal gesteun. Hy het daarom die bynaam "Leo the liar"⁴⁾ gekry, maar van 'n joernalis kan 'n mens nie altyd die waarheid verwag nie, veral nie as hy subsidie ontvang nie. Hy was tog algemeen gewild weens sy innemende geaardheid en weens die ruim onthale wat hy aangebied het. In hierdie stadium van sy opvatting het hy die "Gedenk-boek" vir die opening van die NZASM se Oosterlyn uitgegee.

Die wending in sy opvatting het gekom by die mislukte Jameson-inval in die ZAR teen die einde van 1895. Hy het in sy koerante geskryf ten gunste van Jameson en van die Reformers - dit was die samesweerdeurs teen die Krugerbewind in Johannesburg. Hy het hieroor gebots met die pro-Boer J.B. Robinson en met die Staatsekretaris W.J. Leyds en het as redakteur van "The Press - De Pers" afgetree. Hy het in 1897 die koerant "The Pretoria News" gestig wat nou nog bestaan,³⁾ en daarin afwisselend die Krugerbewind en die teenstanders daarvan gekritiseer. 'n Versoening met J.B. Robinson en ander medestanders van Kruger het gevolg. Tydens die Anglo-Boereoorlog was hy tot die Britse besetting van Pretoria op 5 Junie 1900 korrespondent van enkele koerante van die Verenigde State. Kort na die Britse besetting het hy definitief na die Britse imperialiste oorgestap en na Londen verhuis, kwansuis om gesondheidsredes. Hy het daar veel oor sy reise in Afrika en die Britse uitbreiding in dié wêrelddeel gepubliseer en nie blywend na Suid-Afrika teruggekeer nie. Hy het 'n gewilde persoon gebly en selfs 'n biografie van J.B. Robinson, getitel "Memories, mines and millions", gepubliseer (Londen 1929). Hy het vir sy joernalistieke werk verskeie Britse en ander onderskeidings ontvang. Hy is in Pretoria met Rosa getroud; hulle het geen kinders gekry nie. Hy is in 1930 te Sunbury vanuit die Congregational Church begrawe. 'n Bekende foto toon hom met 'n swierige Homburghoed en 'n groot rooi angelier op sy bors wat hy graag gedra het.

Die Gedenkboek


Die Gedenkboek waarvan 'n faksimileherdruk nou voor die leser lê, is 'n boek van groot formaat, van 25 by 35 cm, en dit moes by die herdruk na 20 by 30 cm verklein word om hanteerbaar te wees. Dit bevat 111 bladsye, waarvan 22 bladsye teks, linkse kolom Nederlandse, regse kolom Engels, en op die orige blaarie staan groot advertensies. Hulle is almal herdruk omdat hulle destyds bekende name van sakelui en ondernemings vermeld en belangwekkend vir die ekonomiese geskiedenis is. Die gehalte van die papier en die druk van sommige advertensies is swak, maar die boek bevat talle mooi

foto's van die Oosterlyn en talte portrette, waarvan sommige deur Anton van Wouw geteken is. Weinthal gee in die teks 'n beknopte geskiedenis van Delagoabaai, die pogings van die Voortrekkers en hul opvolgers om 'n gereelde verbinding met die Baai tot stand te bring, die stigting van die NZASM en die moeilikhede om die Oosterlyn aan te lê. Hy eindig met 'n kleurvolle beskrywing van sy treinreis met die NZASM van Pretoria na Lourenço Marques by die feestelike opening van die Oosterlyn in Julie 1895.

'n Paar vergissings in die teks moet reggestel word. Op p.1 paragraaf 1 word Karel Johannes Trigaardt (Trichard) genoem, maar bedoel is sy vader Louis. Op p.1 laaste reël word die naam Delagoabaai afgelei van Goa, 'n Portugese hawestad in Voor-Indië, maar die naam is oorspronklik Baia de Lagoa, dit is die baai van die strandmeer of vlei. Op p.20 reël 27 moet in plek van "Genueezen" Goaneezen gelees word; die Engelse teks langsaan noem hulle korrek Goanese.

Verwysings

- 1) Persoonlike herinneringe aan die voorbereiding van die Oosterlyn in die woeeste Laeveld van Oos-Transvaal en die aanleg van die lyn en van ander spoorweë deur NZASM-personeel is gepubliseer deur P.H. Boutsen in sy brosjure "De aanleg van 't Oosterspoor", Pretoria 1941, in faksimilee herdruk en heruitgegee deur die Stigting Jan van Riebeeck (Suid-Afrika) te Pretoria in 1990, ingelei en geredigeer deur C. de Jong, met 'n lewenskets van P.H. Boutsen, 20 + 66 pp.
- 2) NZASM, "Gedenkboek uitgegeven ter gelegenheid van de feestelijke opening van den Delagoabaai-spoorweg", by J.H. de Bussy, Amsterdam 1895.
- 3) Hoofbron van die lewenskets van Leo Weinthal is die "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek", deel een, in Afrikaans en Engels uitgegee deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1968, p.910-911.
- 4) Kyk Richard Mendelsohn, "Sammy Marks, 'The uncrowned king of the Transvaal'", David Philip, Kaapstad 1991, p.161.
- 5) S.P. Engelbrecht en andere, reds., "Pretoria 1855-1955", uitgegee deur Stadsraad van Pretoria, 1955, p.351.



FRANS OERDER SE SKILDERY "DE BLOEDDRONK"

Inleiding

In 1912-14 het enkele vriende van die Afrikaners in Nederland 15 kopieë van bekende Nederlandse skilderye en een oorspronklike werk van Frans Oerder aan die Staatsmuseum in Pretoria geskenk. Hulle is nou in die Nasionale Kultuurhistoriese Museum. Mevrou Petra van Zyl, verbonde aan die Museum, het die skenkings uitvoerig beskryf in haar brosjure "Schenkings deur 'Eenige Hollandsche Vrienden", 1912-1914" in 1993 deur die Museum gepubliseer. C. de Jong het hierdie brosjure bespreek in "Pretoriania" nr. 103, Junie 1993, p. 81. Dr. J.W.B. Gunning, destyds direkteur van die Staatsmuseum, het die vriende in Nederland gevra om aan die 15 kopieë een oorspronklike skildery by te voeg. Die keuse van die vriende was gelukkig, dit was die "Bloeddronken", later milder "De bloeddronk" genoem, van die jong Oerder van voor 1899. Die skildery was toe in Johannesburg en die vriende het dit daar gekoop. Oerder het vooraf 'n skets daarvan aan die vriende voorgelê. Mevrou Van Zyl bespreek hierna die skets en die skildery. Oerder gee 'n treffende beeld van 'n offerplegtigheid, geleei deur 'n sangoma (toordokter) met bygeloof en drink van dierebloed, soos by swartes in Afrika tradisie is.

Die redakteur

DIE HOUTSKOOLSKETS VAN DIE SKILDERY "BLOEDDRONK" VAN OERDER

deur Petra van Zyl

Die olieverfskildery, "Bloeddronk" van Frans Oerder is in 1913 aan die Transvaalmuseum geskenk saam met 'n skenking van vyftien waardevolle kopieë van skilderye van bekende Nederlandse kunstenaars en 'n model van 'n sewentiende-eeuse seilskip.

Een van die skenkers was Dr. G.A.A. Middelberg, 'n Nederlander wat heelwat tot die kultuurlewe in Transvaal bygedra het. Hy was van 1890 tot 1899 mededirekteur van die Nederlandse Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatschappij (NZASM).¹⁾ Vanuit Nederland beywer hy hom nog vir die kulturele ondersteuning van veral die Transvalers.²⁾ Die skenkers het hulself "eenige Hollandsche Vrienden" genoem en was lede van die vereniging "Zuid-Afrikaansche Stigting Moederland" (ZASM). Die vereniging is in 1909 gestig nadat Nederlandse belange so te sê in Suid-Afrika vernietig is na die Anglo-Boereoorlog. Saam met die Nederlandsch-Zuidafrikaansche Vereeniging (NZAV) wat in 1881 na die Eerste Transvaalse Vryheidsoorlog gestig is, wou hulle weer oprig wat vernietig is en veral Nederlandse belange in oorsese lande bevorder, by voorkeur dié in Suid-Afrika. Morele en finansiële steun is verleen aan verenigings wat vir handels- en ander betrekkinge na die buiteland en veral na Suid-Afrika bevorderlik was.³⁾ Van die Nederlanders het ook nog familiebande hier gehad.

Die gedagte het ontstaan dat skilderye in die onderwys behoeft sou voorsien. Middelberg het die saak aanvanklik met Dr. J.W.B. Gunning, die direkteur van die Transvaal Museum in Pretoria, bespreek en daarna kans gesien om "eenige vrienden in Nederland" wat reeds kopieë van bekende skilderye laat vervaardig het, te nader vir 'n moontlike skenking aan Suid-Afrika. Danksy f1200 vroeër geskenk deur die ZASM en weer f1200 geskenk in Junie 1911 kon aan die versoek voldoen word.⁴⁾ In Desember 1912 word nog f5000 geskenk vir meer skilderye en vir die V.O.C.-skip 'De Fortuijn', 'n skaalmodel van 'n skip soos dié waarin Van Riebeeck na die Kaap geseil het.⁵⁾

Gunning wou graag 'n egte Afrikaanse skildery in die versameling hê. Omdat hy Frans Oerder, wat toe reeds 'n bekende kunstenaar was, geken het, nader hy hom. Oerder bied "Bloeddronk" aan omdat hy gevoel het dat die Afrikaners sowel as die Nederlanders wat dit gesien het, dit baie gewaardeer het en dat dit "van groote etnologische waarde naderhand, mischien nu al" is.⁶⁾ Dr. Middelberg wou graag weet hoe die skildery lyk. Omdat Oerder op daardie tydstip in Nederland was en die skildery by sy broer in Johannesburg, het hy 'n skets in houtskool gemaak soos wat hy dit onthou het, en dit aan Middelberg gestuur.⁷⁾

Op die oomblik hang die olieverfskildery in die De Villiershof-gebou voor die Direkteur van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum se kantoor. Die houtskoolskets word in die Departement Kunsgeschiedenis van die Universiteit van Pretoria saam met ander Oerder-sketse bewaar.

"Bloeddronk" (NKM aanwinsnr.: AC 419, HG 18046, JG 32733) is 'n olie op doek en voor 1899 geskilder.⁸⁾ Dit is 956 mm hoog en 1705 mm breed. Die inskripsie regs onder die doek is FJ Oerder.

In 1913 betaal NZAV f125 vir die Oerder-skildery.⁹⁾ "Bloeddronk" is eers in die Transvaalmuseum se sorg tot met die totstandkoming van die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum in 1964 in die Boomstraatgebou geberg. Die skildery is in 1991 in 'n uitstalling oor diere in die Pretoriase Kunsmuseum saam met die skets uitgestal en is voor die uitstalling in die Nasionale Kultuurhistoriese Museum se restaurasiesentrum, gerestoureer.

Op die twee kunswerke voer swart mans 'n rituele dans om 'n geslagte os uit. Die os lê horisontaal oor die kunswerk. Agter die os staan 'n statige man met 'n mes in sy hand. Twee mans kniel op die grond en dit lyk asof hulle van die bloed drink. Regs agter kom nog twee aangehardloop. Die voorgrond is donker. In die agtergrond is die son aan die sak. Alles is in 'n diep goue toon. Oerder skryf: "een gouden streep lucht aan de horizon (wat door deskundigen voor een geslaagde oplossing werd gehouden van het anders mischien lugubere onderwerp). Ik ben geïnspireerd geworden door een dergelijke scène in Sjanganeland en noemde het schilderij "Bloed-dronken".¹⁰⁾

Die skildery is liries, romanties en is fyn getekstuurd. Hier gebruik hyveral grondkleure soos bruin, rooi en

geel. Oerder is 'n akademiese realis en het die vermoë om heeltemal objektief na sy onderwerp te kyk. Hy ontwikkel nie 'n Afrika-idioom in die interpretasie van sy werk nie, maar probeer tog die Transvaalse landskap van ruimte, lug en lig op doek vas te lê soos ons hier in "Bloeddronken" kan sien.

Die houtskoolskets (1912) is op papier gemaak en is 240 mm hoog en 485 mm breed. Die skets is op die oomblik in die besit van die Universiteit van Pretoria se Departement Kunsgeschiedenis en word saam met ander Oerder-sketse geberg.

'n Vergelyking tussen die skets en skildery

In albei voer drie swart mans 'n rituele dans om 'n geslagte os uit. Regs agter kom twee mans op die skildery en drie mans in die skets aangehardloop. In die agtergrond op die skildery is die son aan die sak en op die skets staan 'n boom teen die horizon. Verder het Oerder goed onthou hoe hy die skildery geskilder het, al was dit voor 1899 geskilder en het hy dit eers weer in 1913 vir Middelberg geskets.

Frans David Oerder is in 1867 in Rotterdam, Nederland, gebore. Hy volg sy broer na Suid-Afrika in 1890 en werk by De Wijn en Engenberg as huisskilder. Vir vier jaar is hy in diens van die NZASM langs die spoorlyn van Krookdilpoort en Komatipoort. In die tyd skilder hy ook. Hy bly hier tot 1908 en word 'n ZAR-burger. In 1899 tydens die Anglo-Boereoorlog sluit hy by die Boeremagte aan en dien as Suid-Afrika se eerste oorlogskunstenaar. Hy deel 'n ateljee met die beeldhouer Anton van Wouw en hou skool in verskeie skole in Pretoria. Oerder reis baie rond, gaan terug na Nederland in 1908 en kom weer na Suid-Afrika in 1938. Hy sterf in 1944 in Pretoria.¹¹⁾

Die skenking was voorwaar hoog gewaardeer en Dr. Gunning bedank ook NZAV hartlik daarvoor in "De Volkstem" met die volgende woorde: "Er is geen maat, waarmee de soort weldaden kan worden gemeten, als waarmee de heer G.A.A. Middelberg onze samenleving heeft onderscheiden en verheugd; maar hij zelf en zijn vrienden kunnen de overtuiging vasthouden, dat elke daad, waardoer 't gemoedsleven van ons volk wordt verrijkt en verruimd, schoone vruchten zal afwerpen voor Suid-Afrika."¹²⁾

Bronne

Argivale bronne

Beelaerts van Blokland, C. "Overzicht van den Arbeid der Vereniging Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland. 15/2/1909 tot 31/12/1942", ongepubliseerd, Amsterdam, 1943.

Nederlandse Zuidafrikaanse Vereniging, Argiefbewaarplek, Amsterdam

E. Bruchner aan G.A.A. Middelberg: 15 Februarie 1911; 7 Junie 1911; 16 November 1911; 4 Desember 1911; 12 Januarie 1912; 15 Januarie 1912; 23 Januarie 1912; 5 Maart 1914.

F.V. Engelenburg aan G.A.A. Middelberg: 25 Julie 1910; 12 September 1910; 6 Maart 1911.

J.W.B. Gunning aan G.A.A. Middelberg: 1 Januarie 1911; 12 Februarie 1911; 26 Junie 1911.

G.A.A. Middelberg aan F.V. Engelenberg: 10 Augustus 1910.

F.D. Oerder aan G.A.A. Middelberg: 20 Oktober 1912.

C. Tilanus aan G.A.A. Middelberg: 28 Mei 1913.

Tydskrif- en koerantartikels

Anoniem, Hollandsche Schilderijen voor 't Museum te Pretoria, "Hollandsch Zuid-Afrika" (8), 15 Februarie 1912.

Anoniem, 'n Pragtige geschenk, "Hollandsch Zuid-Afrika" (3) (12), 15 Junie 1912.

Literatuur

Jacobs, E.H. "Frans David Oerder (1867-1944)", Ongepubliseerde BA Honneurs Skripsi, UP, 1986.

Ogilvie, G. "The Dictionary of South African Painters and Sculptors", Johannesburg, 1988.

Ploeger, J., Middelberg, Gerrit Adriaan Arnold, "Standard Encyclopedia of Southern Africa, Vol. 7", Cape Town.


Verwysings

1. J. Ploeger, Middelberg Gerrit Adriaan Arnold, "Standard Encyclopaedia of Southern Africa", vol. 7, p.390.
2. J. Ploeger, Middelberg Gerrit Adriaan Arnold, "Standard Encyclopaedia of Southern Africa", vol. 7, p.390.
3. C. Beelaerts van Blokland, "Overzicht van den arbeid der Vereeniging 'zuid-Afrikaansche Stichting Moederland', 15/2/1909 tot 31/12/1942", ongepubliceerd, Amsterdam, 1943, p.1-2.
4. C. Beelaerts van Blokland, "Oversicht van den arbeid der Vereniging Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland, 15/2/1909 tot 31/12/1942", ongepubliceerd, Amsterdam, 1943, p.5-6.
5. NZAV Argiefbewaarplek, Amsterdam, J.W.B. Gunning aan Middelberg: 12 Februarie 1911.
6. NZAV Argiefbewaarplek, Amsterdam, F.D. Oerder aan Middelberg: 20 Oktober 1912.
7. NZAV Argiefbewaarplek, Amsterdam, F.D. Oerder aan Middelberg: 20 Oktober 1912.
8. E.H. Jacobs, "Frans David Oerder (1867-1944)", Ongepubliseerde BA Honneurs skripsi, UP, 1986, p.95.
9. NZAV Argiefbewaarplek, Amsterdam, F.D. Oerder aan Middelberg, 28 Oktober 1912; C. Tilanus aan Middelberg, 28 Mei 1913.
10. NZAV Argiefbewaarplek, Amsterdam, F. Oerder aan Middelberg, 20 Oktober 1912.
11. G. Ogilvie, "Dictionary of South African Painters and Sculptors", Johannesburg, 1988, p.493.
12. Anoniem, 'n Pragtige geskenk, "Hollandsch Zuid-Afrika", 3(12), 15 Junie 1912, p.9. Die Volkstem waarin die berig geplaas is, kon nie in die Staatsbiblioek opgespoor word nie.



Houtskoolskets deur Frans Oerder van sy skildery "Bloeddronken" alias "De bloeddronek", gemaak in 1912 en aanwesig in die Departement Kuns van die Universiteit van Pretoria

Foto van Nasionale Kultuurhistoriese Museum te Pretoria



Olieverfskildery deur Frans Oerder, deur hom betitel as "Bloeddronken" alias "De bloeddronek", gemaak tussen 1890 en 1899 in Transvaal en deur Nederlandse vriende in Amsterdam in 1912 geskenk aan Staatsmuseum te Pretoria, tans in die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in dié stad

Foto van Nasionale Kultuurhistoriese Museum te Pretoria

THE FIRST GOLD FROM BARBERTON FOR A DUTCH KING*

by C. de Jong

After a black miner had found one of the biggest diamonds in South Africa, named the Cullinan diamond, it was bought by the Transvaal government and obligingly presented to King Edward VII in 1907. There had been a precedent for this generosity. When gold was discovered in De Kaap Valley, near Barberton, in 1883, the government of the newly restored Transvaal Republic purchased one of the first nuggets and offered it to William III, King of the Netherlands. This was a token of gratitude to the people of the Netherlands for the sympathy and support shown by them to the rebellious Transvalers during the first Anglo-Boer War in 1880/81.

The third king with the name William was born in 1817; he was the king of the Netherlands from 1849 until his death in 1890. His father was the brave but weak William II, and his mother was the Russian princess Anna Paulovana who introduced the wild blood of the House of Romanov into the generally intelligent and balanced dynasty of Orange Nassau. William III became the most controversial prince of that dynasty because of his love affairs and his impetuous temperament. His estranged queen, Sophia of Würtemburg, contemptuously called him "the Russian boyar". Sophia and their three sons died before he did. William III, an old and lonely man, however, married a young German princess, the noble-minded Emma. Wilhelmina, their daughter, born in 1880, was, as Queen Wilhelmina, a vital link in the restoration of popularity of this illustrious house.

A complete biography of William III has never been published, but anecdotes abound.

There were two ties between the Dutch king and the Boer Republics. When the Republic in Transoranje was restored in 1854, it adopted the name of The Orange Free State. The first State President requested William III of Orange-Nassau to grant the new republic a national coat of arms and a flag. A year later the design of a coat of arms and a flag was received, but by then the Volksraad had already adopted its own coat of arms. The king's design, together with the orange colour of the House of Orange-Nassau was incorporated into the new coat of arms. The flag design was accepted and the Dutch tricolor incorporated into the new flag.


A reproduction of the portrait of William III as a young monarch in naval uniform, executed by Nicolaas Pieneman in 1851, is on display at the National Museum in Bloemfontein and in the Dutch collection in the Merensky Library, at the University of Pretoria.

The second link is with the Transvaal. When the restored Transvaal republic purchased the lump of gold, discovered in the Kaap Valley, they gave it to P.W.T. Bell, director of the

* With thanks to "Be my Guest", April 1992

State Printing Works in Pretoria, before his departure for the Netherlands in 1883. Bell had the gold mounted on a fine piece of wood for Prof. P. Harting for presentation to the King. Prof. Harting, who had organised collective letters of sympathy for the Transvalers, was the cofounder and first chairman of the Dutch-South African Society, in Amsterdam in 1881, an association which is still going strong. When he took ill the mounted gold nugget was handed to the King by Bell. The old and ailing king was very moody, but Bell was well received and the present was accepted with good grace, on 29 September 1883.

The gold nugget measures 80 x 60 x 20 mm and weighs 300 grams. It is in the collection of the Royal House Archives at The Hague.



Die eerste goudklomp uit Barber-ton, deur die Transvaalse regering in 1883 gekoop en geskenk aan koning Willem III van Nederland; die klomp is op 'n houtvoetstuk gemonteer en in die Koninklijk Huisarchief en kunsversameling in Den Haag

Foto Koninklijk Huisarchief

Staatsieportret in olieverf deur N. Pieneman van Willem III, koning van Nederland 1849-90 en vader van koningin Wilhelmina, in marine-uniform in 1852

Foto Buitenlandse Zaken,
Den Haag



HERDENKINGS IN SUID-AFRIKA IN 1995

deur C. de Jong

1995 is 'n jaar van herdenkings in Suid-Afrika en in ander lande waarmee Suid-Afrika betrekkings onderhou. Hulle is in historiese volgorde die hierna genoemde.

Daar is 'n regstreekse historiese verband tussen hierdie gebeurtenisse.

- (1) Die eerste seereis van Nederlanders na Oos-Indië 1595-97 - Hierdie "schipvaart" onder Cornelis de Houtman as vlootvoog (nie admiraal nie) was geen sukses nie, maar dit het die weg geopen na Suid-Asië en die stoet gegee tot samesmelting van onderling mededingende handelsmaatskappye tot die Vereenigde Nederlandse Oost-Indiese Compagnie (afgekort VOC, nie HOIK nie) in 1602. Die VOC en sy eweknie, die West-Indische Compagnie, gestig in 1621, het die Nederlandse koloniale ryk gevlestig in drie wêrelddele buite Europa, onder meer in Suid-Afrika. In 1595 het Nederlanders vir die eerste maal Suid-Afrika besoek. Met hul reis in 1595-97 word die tydperk van Spaans-Portugees-Italiaanse oorwig in die oorsese uitbreiding van Europa gevolg deur die tydperk van Nederlands-Brits-Franse koloniale uitbreiding met Nederland dominerend in die 17de eeu.

Die omvang en betekenis van die Nederlandse koloniale ryk asook van die Nederlandse kulturele invloed in Europa in die 17de en 18de eeu blyk uit die brosjure van prof. C.J. Temminck Groll, "The Dutch and Asia and other continents" (Wageningen 1993). Hy gee daarin 'n beknopte, geillustreerde oorsig van Nederlandse forte, kerke, raadhuise, pakhuise en wonings in voormalige Nederlandse kolonies in Asië, Suid- en Wes-Afrika, Noord- en Suid-Amerika en Wes-Indië. Talle van die soliede, dikwels stylvolle bouwerke staan nog oorent, is tot nasionale monumente verklaar en gerestoureer as besienswaardighede vir toeriste. Dit bevestig die nogal optimistiese bewering dat in die geskiedenis nikks verlore gaan nie.

- (2) Die eerste Britse besetting van die Kaapkolonie in 1795 - Teen die einde van die 18de eeu was Groot-Brittanje en Frankryk veel sterker moondhede as die klein Nederland en het Nederland ook ekonomies deur die mededinging van ander nasies agteruitgegaan. Nederland kon militêr onvoldoende teenstand bied en in 1795 het 'n Franse leér die land beset. Die stadhouer Willem V van Oranje-Nassau het uitgewyk na Groot-Brittanje en hierdie moondheid het daarna die Nederlandse kolonies in naam van Willem V beset. Danksy die Franse besetting is Nederland toe verander in die Bataafse Republiek, 'n vasalstaat van Frankryk. Nog in die jaar 1795 het die Britte die Kaapkolonie beset. Hulle het by die vrede in 1802 die Nederlandse kolonies, waaronder die Kaap-

kolonie, aan die Bataafse Republiek teruggegee, maar reeds in 1803 het die oorlog teen Frankryk en Nederland herbegin. In 1806 het Groot-Brittanje die Kaapkolonie andermaal verower en by die verdrag van Londen in 1814 die kolonie en Guiana nie teruggegee nie, ondanks protes van die herstelde regering van Oranje-Nassau oor Nederland. Later het die Britte graag beweer dat Nederland in 1814 die Kaapkolonie aan Groot-Brittanje verkoop het, maar dit is onwaar.

Van 1795 dateer die oorwegend Britse invloed in Suid-Afrika, waardeur Engels amptelike taal van Suid-Afrika geword het. Daarom word in 1995 die eerste besetting van die Kaapkolonie deur die Britte herdenk in Suid-Afrika.

- (3) Die opening van die Oosterlyn en die Suidoosterlyn in 1895 – Bewoners van die Kaapkolonie het ontevrede oor die Britse bewind geword en in 1836 en volgende jare weggetrek na die Noorde. Hulle het die Boererepublieke Natal, Transoranje (vanaf 1854 Oranje-Vrystaat genoem) en Transvaal (vanaf 1853 Zuid-Afrikaansche Republiek genoem) gestig. Groot-Brittanje het die republieke geannexeer, Natal blywend, Transoranje in 1848-54, Transvaal in 1877-81. Die republieke was in die binneiland en het steeds gestreef na verbinding met 'n nie-Britse hawe, 'n eie of anders 'n Portugese seehawe, om Britse beperking van hul invoer van wapens en ammunisie en heffing van invoerrechte deur die Kaapkolonie en Natal te ontgaan, maar Groot-Brittanje het hulle altyd die weg na die see afgesny.

Daarna het Transvaal sy hoop op die Portugese hawe aan Delagoabaaï gevestig en die presidente T.F. Burgers (1872-77) en S.J.P. Kruger (1883-1902) het besluit om 'n spoorweg vanaf die Baai na die Hoëveld (die Oosterlyn) te laat aanlê. Kruger het by sy besoek aan Nederland in 1883/84 'n konsessie vir aanleg van die Oosterlyn aan twee spoorwegdeskundiges, J. Groll en D. Maarschalk, gegee. Maar die nodige kapitaal kon eers ná 1886, ná die ontdekking van die Groot Goudrif byeengebring word, toe Transvaal se ekonomiese vooruitsigte besonder veelbelofwend geword het. In 1887 is te Amsterdam die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM) gestig. Die soektog na 'n nie-Britse seehawe deur die Boererepublieke is na 1886 opgevolg deur 'n wedloop vanuit die vyf hawens in Suider-Afrika na die Witwatersrand as nuwe groepunt en ontwikkelingsentrum. Onder druk van binne en buite Transvaal het Kruger die verlenging van die spoorlyne vanuit die Kaaplandse hawens in 1892 en vanuit Durban in 1895 toegestaan. Die NZASM het die Oosterlyn na talle moeilikhede en vertragings op 1 Januarie 1895 geopen. Die opening is op 26-28 Julie 1895 luisterryk gevier. Die kortste verbinning met die see was aldus voltooi, maar deur die oorlog in 1899 spoedig afgesny. In dieselfde jaar 1895 is die

Suidoosterlyn van Durban na Johannesburg geopen as tweede vitale verbinding met 'n seehawe.

- (4) Die Jameson-inval – Die Engelse mynmagnaat en Kaaplandse politikus Cecil Rhodes het hom die uitbreiding van die Britse wêreldryk oor Afrika as lewensdoel gestel. Hy het veel bygedra tot die insluiting van die Boererepublieke vanaf die seekant en die landkant deur Groot-Brittanje in 1881-1899. Danksy die ontdekking van die Groot Goudrif aan die Witwatersrand in 1886 het die Engels-talige immigrante hulle in Transvaal gevestig. Hulle het ruim geld verdien, maar was ontevrede omdat hulle eers na 14 jaar stemreg sou ontvang en tog belasting moes betaal. Rhodes het sy agent in Rhodesië, dr. L.S. Jameson, opgedra om met 'n korps huursoldate vanuit Betsjoeanaland Transvaal in te val, hom by die opstand van immigrante in Johannesburg aan te sluit en tesame die regering van Kruger te vervang deur 'n pro-Britse regering. Jameson het sy inval op 30 Desember 1895 onderneem, maar hy en sy militêre is by Krugersdorp deur Boerekommando's omsingel en hy moes oorgee.

Na die mislukking van Rhodes en Jameson se private inisiatief om die goudryke Transvaal te beset het die Britse regering besluit om die bewind oor die Boererepublieke oor te neem, desnoeds deur oorlog. Op 11 Oktober 1899 het die Tweede Anglo-Boereoorlog uitgebreek. Dit het geëindig met die anneksasie van die republieke deur Groot-Brittanje.

- (5) Die Tweede Wêreldoorlog en Oos-Indië – Tydens die Tweede Wêreldoorlog is Oos-Indië vir die tweede maal deur Nederland verloor. Van 1942 tot 1945 het Japan Oos-Indië beset. Die besetting is beëindig op 15 Augustus 1945 toe Japan oorgee. In 1995 sal die einde van die oorlog in talle geallieerde lande, o.m. Suid-Afrika, herdenk word. Twee dae na die oorgawe deur Japan het nasionalistiese leiers die Republiek Indonesia uitgeroep. Nederland het vier jaar lank afwisselend onderhandel en oorlog gevoer om die Republiek binne die Koninkryk te hou en in 1948 die Republiek verower en die regering daarvan na Banka verban. Maar onder druk van die Verenigde Volke, die VSA en ander moondhede moes die Nederlandse regering die Republiek herstel, die regering daarvan na Jokyakarta terugbring en die soewereiniteit aan Indonesië oordra. In 1995 sal Indonesië die vestiging van die Republiek 50 jaar gelede herdenk, maar in goeie verstandhouding met die gewese moederland.

Na die soewereiniteitsoordrag in 1949 en veral na die verbanning van alle Nederlanders deur president Sukarno in 1957 het die Nederlanders Indonesië verlaat. 'n Aansienlike aantal van hulle het hulle in Suid-Afrika gevestig en hier ingeburger.

DUTCH ARCHITECTURE OVER THE WORLD

Book review of: C.F. Temminck Groll, "The Dutch and Asia and other continents", Netherlands Department for conservation, Wageningen, 1993, 48 pp., ill.

by C. de Jong

In 1993 an international conference on historical architecture was held at Colombo, Sri-Lanka (Ceylon). The Netherlands Departement for Conservation requested an expert on Dutch architecture, Prof. C.J. Temminck Groll, to compose a concise survey on Dutch architecture for that occasion. The fine result is the brochure "The Dutch and Asia and other continents". It offers a picture of Dutch forts, churches, public buildings, storehouses and dwellings in Europe and former Dutch colonies overseas.

The booklet is to be divided into several sections. The first section shows with a view to the conference forts and churches at Colombo (Wolvendaalse kerk), Galle and Kandy (p.11-16), the second one buildings in Indonesia (p.17-24). Prof. T. Groll refers here to the valuable Dutch contribution to the restoration and reconstruction of Hindu-Javanese temples, such as Borobudur and Prambanan, and to the Technical College in Batak style at Bandung, designed by H. Maclaine Pont in 1919.

The third section (p.25-27) deals with buildings elsewhere in Asia, namely the Stadthuys at Malacca, - the oldest building of the Dutch East India Company (VOC), now conserved and restored, - the David Hall at Cochin, Fort Zeelandia in Taiwan and the islet of Deshima, the only link between Japan and the outer world from 1640 to 1854. The fourth heading refers to the Cape Colony (p.28-31), such as the Cape Town Castle, Rust en Vreugd and the Malayan suburb, Great Constantia and houses at Stellenbosch and Tulbagh. The fifth section continues on p.32-34 too briefly with buildings in the Netherlands and in Northern Germany and Scandinavia which stood under strong Dutch influence during the 17th and 18th centuries; in Norway the 17th century with a national revival is called the Dutch era (*Hollendertiden*). We find only one photo, the storehouses at Gdansk, Poland.

On p.34-44 the sixth section shows buildings erected by the West India Company in the three Americas, such as New Amsterdam (now New York), the Antilles, where houses much resemble Karoo dwellings, Surinam, where Paramaribo was a jewel of colonial architecture in the Caribbean area, Guiana and Northern Brazil (the Vrijburg at Recife). There are three forts Zeelandia, one in Taiwan (p.26), the others in Surinam (p.40) and Essequibo (Guiana), partly in ruins, shown by a maquette on p.43. The West India Company also had colonies (factories) in Western Africa, represented in the last section on p.45-46, e.g. Saint George del Mina, now in Ghana.

The brochure contains also photos of 20th century Dutch architecture, namely the townhall at Hilversum (p.35) and two watertowers in the Antilles (p.39).

I will not reproach Prof. T. Groll, but there is a gap in his interesting survey. That is the work of Dutch architects in Transvaal, especially at Pretoria, in public buildings, churches and railway stations, during the 19th and 20th centuries. They were the work of several Dutch architects, J.R. Burg, J.G. Kraan, H. Horstmanshof, K. Rijse, J.B. Weyers, S. Wierda, W.J. de Zwaan and others.

The booklet draws attention to the Dutch colonial empire. The buildings of this sea-borne empire are yet numerous and solidly standing in four continents. Most of them are conserved as national monuments. The brochure will serve as a useful survey in the celebration in 1995 of the fourth centenary of the first voyage of the Dutch from Holland to the East Indies and their first visit to South Africa. With this voyage after the Spanish-Portuguese-Italian era a new era in the colonial expansion of Europe over the world begins: the Dutch-British-French era, with the Dutch dominating in the 17th century.

References

- 1) His great-grandfather, J. Groll, was one of the railway pioneers in Java during the 19th century, and together with D. Maarschalk, another railway pioneer in Java, the first holder of the concession of the Transvaal government in 1884 for the construction and exploitation of the vital railway between Mozambique and Pretoria.



Left: the Christ Church in the city of Malacca, completed as the garrison church of the Dutch East Indian Company (VOC) in 1753, taken over by Anglicans from Dutch Presbyterians and adorned in the 19th century - Centre: watch tower, built in the 19th century - Right: the stately Stadthuys (town hall) with broad, high stairs, built in 1645-50 in command of the VOC, now a museum; this was in 1662-65 the office and residence of Commandeur Jan van Riebeeck and his wife Maria.

Photo C. de Jong 1992

**GEDENKSKRIF VAN DIE "NEDERLANDSCHE VEREENIGING
TE PRETORIA" BY SY 100-JARIGE BESTAAN IN 1993**

Die "Nederlandsche Vereeniging te Pretoria" is in 1893 gestig, het deel van die geskiedenis van ons stad geword en 'n eerbiedwaardige leeftyd bereik. Hy het ter geleentheid van sy 30-jarige bestaan in 1923 'n fraai gedenkskrif met 58 bladsye uitgegee. Dit is in 1993 herdruk onder beskermheerskap van die Stigting Jan van Riebeeck (Suid-Afrika) te Pretoria as blyk van waardering jeens die 100-jarige Vereeniging. Dr. C. de Jong het die herdrukte werk ingelei en 'n lewenskets van die skrywer van die gedenkboek mnr. L.L. Steen bygevoeg. Die inleiding en lewenskets is oorgeneem in "Pretoriania" No. 104 van Maart 1994, p.68-72.

Die Vereeniging het in 1993 sy eeu fees gevier en weer 'n gedenkskrif uitgegee met die titel "Nederlandsche Vereeniging te Pretoria 1893-1993". Dit is No. 8 van die 44ste jaargang van die Vereeniging se maandblad "Nieuws", is gedateer 26 Augustus 1993 en tel 44 bladsye met 12 foto's uit die Vereeniging se resente verlede. Na die Woord vooraf van die voorsitter mnr. L. Borsje volg 'n oorsig "Honderd jaar Nederlandse Vereeniging, een karakterstelsel" deur redaksielid Dr. M. Kleywegt. Die tweede deel van die oorsig bestaan uit grepe uit die jaarverslae oor 1953, 1963, 1973 en 1983.

Die Vereeniging lê die meeste nadruk op ontspanning en is lewenskragtig. Hy ondervind egter die nadelige uitwerking van die aansienlike afname van die immigrasie uit Nederland.

-o- Redaksie van "Pretoriania"



Gedenkteken vir Nederlanders wat tussen 1850 en 1950 in Transval gevestig is, onthul op 16 Februarie 1992, by die Tremloods aan Pretoriusstraat in Pretoria-Sentraal. Op die agtergrond staan 'n ou trem van Pretoria. Rondom die waterbekken is stene met vanne van Nederlanders in kringe neergelê.

Foto C. de Jong, 1992

NEDERLANDSE IMMIGRANTE IN DIE OVERVAALSE

Boekbespreking van: J. Ploeger, met medewerking van Jan J. van Schaik, Otto Kraamwinkel en Jan Kromhout, "Nederlanders in Transvaal 1850-1950", uitgegee deur J.L. van Schaik, Pretoria 1994, 180 pp., geïllustreer., harde omslag, prys R30,00.

deur C. de Jong

In 1985 het prof. P.J. Kloppers, mnr. Jan van Schaik en mnr. Piet Muller van die dagblad "Beeld" 'n komitee gestig vir die oprigting van 'n monument vir die Nederlandse immigrante in Transvaal, beperk tot die 100 jaar 1850-1950. Argitek Hannes Meiring het 'n ontwerp vir so 'n gedenkteken gemaak. Hierdie strewe is bekroon met die oprigting van die Nederlandse monument langs die Tremloods aan Schoemanstraat in Pretoria-Sentraal. Dit is onthul deur Staatspresident F.W. de Klerk op Sondag, 16 Februarie 1992. Die gedenkteken bestaan uit 'n spuitfontein in die middel van 'n ronde waterbekken met daaragter 'n geboë muur met opschrift wat 'n dyk simboliseer. In die plaveisel rondom die bekken is stene in konsentriese kringe gelê. Op elke steen staan die familiennaam van 'n Nederlandse immigrant. Tans lewende nasate of vriende van sommige van hulle het elk R250 betaal vir die plasing van die steen met naam daarop.

Kolonel (Dr.) J. Ploeger het die boek "Nederlanders in Transvaal 1850-1950" saamgestel en daarin die Nederlanders se name op die stene met 'n kort lewenskets toegelig. Hy het die namelys ingelei met 'n oorsig van die immigrasie, ingedeel in tydperke. Die eerste tydperk duur van 1850 tot 1872. Feitlik begin dit met 1836, toe die Groot Trek uit die Kaapkolonie aangevang het. Die toestand in die Overvaalse was nog onstabiel en die land was geïsoleerd en onontwikkeld. Daarom het slegs 'n paar honderd Nederlanders geïmmigreer. Onder hulle was belangrike persone, soos die predikante Dirk van der Hoff, Dirk Postma en N.J. van Warmelo, en die politikus en boer Hendrik Theodor Bührmann.

Die tweede, kort tydperk was 1872-1881 met die presidentskap van ds. T.F. Burgers 1872-77 en die Britse anneksasie 1877-81. Burgers het in Nederland gegadigdes vir hoë ampte in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) in Transvaal gewerf en hom met Nederlanders omring, sodat ons van hulle mag praat as "Burgers' Hollanders". Onder hulle was E.J.P. Jorissen, W.J. van Gorkom, H.C. Bergsma en N.J.R. Swart. Tydens die Britse bewind in 1877-81 het baie min Nederlanders hulle gevestig.

Die volgende tydperk duur van 1881 tot 1902, die einde van die Anglo-Boereoorlog. Na herwinning van Transvaal se onafhanklikheid in 1881 het president S.J.P. Kruger net soos Burgers Nederlanders vir hoë ampte gewerf en as "Krugers' Hollanders" bevoorreg. Die ontdekking van die Groot Goudrif in 1886 het die immigrasie van Europeërs, onder wie Nederlanders, verveelvoudig. Nederlandse bedrywe soos die Nederlandse Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM), die Nederlandse Bank voor Zuid-Afrika (nou Nedbank) en kleinere ondernehemings het talle Nederlanders in diens geneem. Van belang was ook die werkzaamheid van Nederlandse onderwysers. 'n Groot aantal Nederlanders is deur die Britse autoriteite

tydens die oorlog 1899-1902 uit Suid-Afrika verban, maar sommige van hulle het na die vrede teruggekeer.

Van die periode 1902-1940 was die eerste dekades min belowend vir Nederlandse emigrante. Die opheffing deur die Britse regering van die NZASM en van hul bevoorrouting en die swaar ekonomiese depressie in 1903-1909 het die meeste Nederlanders afgeskrik. Tog het sommige van hulle gekom, deur idealisme vir die Afrikaners se saak besiel, byvoorbeeld Johannes van Melle, Dr. H.F. Verwoerd se ouers en mej. R.M.E. Knuttel, stigter van die Hollands Hospitaal, voorloper van die Zuid-Afrikaans Hospitaal in Pretoria. Die immigrasie uit Nederland het voortgegaan en was veral in 1936-39 nogal omvangryk omdat die Groot Depressie in Suid-Afrika vroeër as in Nederland geëindig het.

In die boek word die aantal Nederlandse immigrante in 1850-1950 nie geskat nie. Enige skatting is baie onnoukeurig en kan hoér wees. Ook word dikwels vergeet dat 'n deel van die immigrante na hul vertrekland terugkeer. Dit geld ook vir Suid-Afrika. Op p.25 staan dat van die 6124 Nederlanders wat in 1925-38 daar aangekom het, 869, dit is 14,3%, na Nederland teruggegaan het.

Die laaste bespreekte tydperk is 1940-50. Die Tweede Wêreldoorlog en die skaarsste van passasierskepe in 1945-50 het die immigrasie uit Europa baie bemoeilik. Die omvangrykste blanke immigrasie in Suid-Afrika het spoedig na 1950 begin weens die moeisame ekonomiese en morele herstel in Europa en die ekonomiese opblœi van Suid-Afrika. Maar hierdie immigrasiegolf val buite Ploeger se oorsig. Die golf het weggeeb in die jare 70 toe ander lande toenemende druk op die Republiek van Suid-Afrika weens die apartheidbeleid uitgeoefen het en die ekonomiese groei in die Republiek steeds trager word. Die vermeerdering van welstand en sosiale versorging in Wes-Europa het die emigrasie daar onbetekenend gemaak. Die Nederlandse regering het die emigrasie na Suid-Afrika in die jare 70 en 80 statisties geïgnoreer om politieke rede.

Van betekenis was die vestiging van Nederlanders uit Oos-Indië wat daar gebore is of militêre diens in 1945-50 verrig het, in Suid-Afrika.

Na die inleiding op p.1-37 volg 16 bladsye met foto's en op p.40-151 'n alfabetiese namelyst met 685 lewensketse as boeiende lektuur, en op p.154-180 7 bylaes, onder andere oor beoefenaars van 9 vakrigtings onder Nederlanders in Transvaal en name van Nederlanders in Transvaal in 1877 en in Pretoria in 1906, met as slot 'n lys van name op die stene by die sputfontein langs die Tremloods en die skenkers van die stene.

Die hier bespreekte boek is die laaste wat Jan Ploeger geskryf het en is die swanesang van hierdie deeglike, buiten-gewoon produktiewe Nederlandse historikus in Suid-Afrika (1913-94). Hy het sy lewe lank oor Nederlanders in hierdie land gepubliseer. Nog drie dae voor sy oorlyde was hy besig met byskrifte van die foto's. Die boek het na sy heengaan as 'n postume huldeblyk verskyn. Dit is vir R30,00 te koop in die boekhandel en is keurig gedruk met 'n harde band.

TABLE OF CONTENTS / INHOUDSOPGawe:
PRETORIANA NO. / NR. 106

Page/
Bladsy

Pretoria Historical Association: Old Pretoria Society/Pretoriase Historiese Vereniging: Genootskap Oud-Pretoria	2
Committee members and information/Bestuurslede en mededelings	3
J. Ploeger, "Veertig jaar Genootskap Oud-Pretoria (8) Die tydperk 1987-1988"	3
Anglo-Boer War 1899-1902/Anglo-Boere-oorlog 1899-1902	14
J. Ploeger, "Die 'Transvaalsche Roode Kruis' en die 'Identificatie-Departement'"	14
Pretoria and surroundings/Pretoria en omgewing	31
C. de Jong, "Die familie van ds. Pieter van Drimmelen in Pretoria"	31
H.P. Laubscher, "Die beeld van Fanie Eloff die 'Gees van Sport'"	47
C. de Jong, "Die Pretoria-Zoutpan en die ontstaan daarvan"	51
Robert C. de Jong, "Tswaing, 'n unieke miljeumuseum"	56
Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM)	62
C. de Jong, "Herdruk van feesuitgawe vir die opening van die Delagoabaai-spoorweg in 1895"	62
C. de Jong, "Geleentheidspublikasies by die opening van die Delagoabaai in 1895"	64
Ander onderwerpe	
Petra van Zyl, "Die houtskoolskets van die skildery 'Bloeddronk' van Oerder"	69
C. de Jong, "The first gold from Barberton for a Dutch king"	74
C. de Jong, "Herdenkings in Suid-Afrika in 1995"	76
Boekbesprekings deur C. de Jong	79
C.J. Temminck Groll, "The Dutch and Asia and other continents", Netherlands Department for conservation, Wageningen, 1993	79
M. Kleywegt, "De Nederlandsche Vereeniging te Pretoria 100 jaar, 1893-1993", Nederlandsche Vereeniging te Pretoria 1993	81
J. Ploeger, "Nederlanders in Transvaal, 1850-1950" J.L. van Schaik, Pretoria, 1994	82